Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 3088 | PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST | REGULATION GAZETTE No. 3088

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer | BUITELANDS 30c ABROAD | *Registered at the Post Office as a Newspaper*

POSVRY · POST FREE

[Vol. 184] PRETORIA, 24 OKTOBER / OCTOBER 1980 [No. 7270

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 203, 1980

HANDELSKEEPVAARTWET, 1951 (WET 57 VAN 1951), SOOS GEWYSIG

VERVANGING VAN DIE INTERNASIONALE KONVENSIE VIR DIE BEVEILIGING VAN MENSELEWENS OP SEE, 1960, DEUR DIE INTERNASIONALE KONVENSIE VIR DIE BEVEILIGING VAN DIE MENSELEWENS OP SEE, 1974

Kragtens die bepalings van artikel 356*bis* (1) (b) (ii) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig, vervang ek hierby die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, 1960, wat in die Tweede Bylae van genoemde Wet verskyn, deur die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, 1974, wat in die Bylae vervat is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Nege-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd-en-tagtig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

J. C. HEUNIS.

BYLAE

INTERNASIONALE KONVENSIE VIR DIE BEVEILIGING VAN MENSELEWENS OP SEE, 1974

ARTIKEL 1

Algemene verpligtinge ingevolge die Konvensie

(a) Die Kontrakterende Regerings verbind hulle om uitvoering te gee aan die bepalings van die huidige Konvensie en van die regulasies wat as aanhangsel daarvan aangegee word en wat geag moet word 'n integrerende deel van die huidige Konvensie te vorm. Elke verwysing na die huidige Konvensie veronderstel tegelykertyd 'n verwysing na hierdie Regulasies.

(b) Die Kontrakterende Regerings verbind hulle om alle wette, bevele, orders en regulasies uit te vaardig en om al die ander stappe te doen wat nodig mag

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 203, 1980

MERCHANT SHIPPING ACT, 1951 (ACT 57 OF 1951), AS AMENDED

SUBSTITUTION FOR THE INTERNATIONAL CONVENTION FOR THE SAFETY OF LIFE AT SEA, 1960, OF THE INTERNATIONAL CONVENTION FOR THE SAFETY OF LIFE AT SEA, 1974

Under the powers vested in me by section 356*bis* (1) (b) (ii) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended, I hereby substitute for the International Convention for the Safety of Life at Sea, 1960, appearing in the Second Schedule to the said Act, the International Convention for the Safety of Life at Sea, 1974, contained in the Annex hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-ninth day of September, One thousand Nine hundred and Eighty.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

J. C. HEUNIS.

SCHEDULE

INTERNATIONAL CONVENTION FOR THE SAFETY OF LIFE AT SEA, 1974

ARTICLE I

General obligations under the Convention

(a) The Contracting Governments undertake to give effect to the provisions of the present Convention and the Annex thereto, which shall constitute an integral part of the present Convention. Every reference to the present Convention constitutes at the same time a reference to the Annex.

(b) The Contracting Governments undertake to promulgate all laws, decrees, orders and regulations and to take all other steps which may be necessary to give

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

wees om aan die huidige Konvensie volledig uitvoering te gee ten einde te verseker dat, wat betref die veiligheid van menselewens, 'n skip geskik is vir die diens waarvoor hy bedoel is.

ARTIKEL II

Toepassing

Die huidige Konvensie is van toepassing op skepe wat daarop geregtig is om te vaar onder die vlae van lande waarvan die regerings Kontrakterende Regerings is.

ARTIKEL III

Wette, regulasies

Die Kontrakterende Regerings verbind hulle om aan die Intergoewermentele Seevaartkonsultorganisasie (hierna die Organisasie genoem) die volgende te verstrek en by hom in te dien—

(a) vir verspreiding onder die Kontrakterende Regerings vir die inligting van hul amptenare, 'n lys van nie-regeringsagentskappe wat gemagtig is om namens hulle op te tree ten opsigte van die toepassing van maatreëls vir die beveiliging van menselewens op see;

(b) die teks van wette, dekrete, orders en regulasies wat in verband met die verskillende aangeleenthede binne die bestek van die huidige Konvensie uitgevaardig is;

(c) 'n voldoende aantal eksemplare van hul sertifikate uitgereik ooreenkomstig die bepalings van die huidige Konvensie vir verspreiding onder die Kontrakterende Regerings vir die inligting van hul amptenare.

ARTIKEL IV

Gevalle van oormag

(a) 'n Skip wat op die tydstip van sy vertrek op 'n reis nie aan die bepalings van die huidige Konvensie onderworpe is nie, word nie weens 'n afwyking van die voorgenome reis as gevolg van slegte weer of 'n ander geval van oormag aan die bepalings van die huidige Konvensie onderworpe nie.

(b) By die beoordeling van die vraag of van die bepalings van die huidige Konvensie op 'n skip van toepassing is, word geen rekening gehou met persone wat hulle as gevolg van oormag of van die verpligting van die gesagvoerder om skipbreukelinge of ander persone te vervoer, aan boord van 'n skip bevind nie.

ARTIKEL V

Vervoer van persone in noodgevalle

(a) Vir die ontruiming van persone uit 'n gebied ten einde te verhoed dat hul lewens in gevaar gestel word, kan 'n Kontrakterende Regering toelaat dat 'n groter getal persone in sy skepe vervoer word as wat anders kragtens die huidige Konvensie toelaatbaar is.

(b) Sodanige vergunning ontneem ander Kontrakterende Regerings geen reg wat hulle ingevolge die huidige Konvensie besit om beheer uit te oefen oor sulke skepe wat hul hawens binnekom nie.

(c) Kennisgewing van sodanige vergunning, tesame met 'n uiteensetting van die omstandighede, moet deur die Kontrakterende Regering wat sodanige vergunning toestaan, aan die Organisasie gestuur word.

ARTIKEL VI

Vroeëre verdrae en konvensies

(a) Vir sover dit die Kontrakterende Regerings betref, word die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, wat op 17 Junie 1960 te

the present Convention full and complete effect, so as to ensure that, from the point of view of safety of life, a ship is fit for the service for which it is intended.

ARTICLE II

Application

The present Convention shall apply to ships entitled to fly the flag of States the Governments of which are Contracting Governments.

ARTICLE III

Laws, regulations

The Contracting Governments undertake to communicate to and deposit with the Secretary-General of the Inter-Governmental Maritime Consultative Organization (hereinafter referred to as "the Organization")—

(a) a list of non-governmental agencies which are authorized to act in their behalf in the administration of measures for safety of life at sea for circulation to the Contracting Governments for the information of their officers;

(b) the text of laws, decrees, orders and regulations which shall have been promulgated on the various matters within the scope of the present Convention;

(c) a sufficient number of specimens of their Certificates issued under the provisions of the present Convention for circulation to the Contracting Governments for the information of their officers.

ARTICLE IV

Cases of force majeure

(a) A ship, which is not subject to the provisions of the present Convention at the time of its departure on any voyage, shall not become subject to the provisions of the present Convention on account of any deviation from its intended voyage due to stress of weather or any other cause of *force majeure.*

(b) Persons who are on board a ship by reason of *force majeure* or in consequence of the obligation laid upon the master to carry shipwrecked or other persons shall not be taken into account for the purpose of ascertaining the application to a ship of any provisions of the present Convention.

ARTICLE V

Carriage of persons in emergency

(a) For the purpose of evacuating persons in order to avoid a threat to the security of their lives a Contracting Government may permit the carriage of a larger number of persons in its ships than is otherwise permissible under the present Convention.

(b) Such permission shall not deprive other Contracting Governments of any right of control under the present Convention over such ships which come within their ports.

(c) Notice of any such permission, together with a statement of the circumstances, shall be sent to the Secretary-General of the Organization by the Contracting Government granting such permission.

ARTICLE VI

Prior treaties and conventions

(a) As between the Contracting Governments, the present Convention replaces and abrogates the Inter-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Londen onderteken is, deur die huidige Konvensie vervang en herroep.

(b) Alle ander verdrae, konvensies en reëlings betreffende die veiligheid van menselewens op see, of sake wat daarop betrekking het, wat tans van krag is tussen Regerings wat partye is by die huidige Konvensie, bly tydens hul geldigheidsduur ten volle van krag in die geval van—

(i) skepe waarop die huidige Konvensie nie van toepassing is nie;

(ii) skepe waarop die huidige Konvensie van toepassing is, ten aansien van sake waarvoor daar in die Konvensie nie uitdruklik voorsiening gemaak is nie.

(c) Vir sover sulke verdrae, konvensies of reëlings in stryd is met die bepalings van die huidige Konvensie, gee die bepalings van die huidige Konvensie egter die deurslag.

(d) Alle sake waarvoor daar in die huidige Konvensie nie uitdruklik voorsiening gemaak is nie, bly onderworpe aan die wetgewing van die Kontrakterende Regerings.

ARTIKEL VII

Spesiale reëls by ooreenkoms opgestel

Wanneer daar ooreenkomstig die huidige Konvensie spesiale reëls by ooreenkoms tussen al of party van die Kontrakterende Regerings opgestel word, moet sodanige reëls aan die Organisasie gestuur word vir verspreiding onder al die Kontrakterende Regerings.

ARTIKEL VIII

Wysigings

(a) Die huidige Konvensie kan gewysig word deur enige van die prosedures soos uiteengesit in die volgende paragrawe:

(b) Wysigings ná oorweging binne die Organisasie:

(i) Enige voorgestelde wysiging deur 'n Kontrakterende Regering moet aan die Sekretaris-generaal van die Organisasie voorgelê word, wat dit dan minstens ses maande voor die oorweging daarvan aan al die lede van die Organisasie en Kontrakterende Regerings moet deurstuur.

(ii) Enige sodanige gesirkuleerde voorgestelde wysiging moet ter oorweging aan die Maritieme Veiligheidskomitee van die Organisasie voorgelê word.

(iii) Kontrakterende Regerings van lande is daarop geregtig om deel te neem aan die verrigtinge van die Maritieme Veiligheidskomitee by die oorweging en aanvaarding van wysigings, afgesien daarvan of hulle lede van die Organisasie is.

(iv) Wysigings moet aanvaar word deur 'n tweederdemeerderheid van die Kontrakterende Regerings wat teenwoordig is en stem in die Maritieme Veiligheidskomitee soos vergroot ingevolge subparagraaf (iii) van hierdie paragraaf (hierna genoem die vergrote Maritieme Veiligheidskomitee) op voorwaarde dat minstens een derde van die Kontrakterende Regerings by die stemming teenwoordig moet wees.

(v) Die Sekretaris-generaal moet wysigings wat ooreenkomstig subparagraaf (iv) van hierdie paragraaf aangeneem is, aan alle Kontrakterende Regerings deurstuur vir aanvaarding.

(vi) (1) 'n Wysiging van 'n artikel van die Konvensie of van Hoofstuk I van die Aanhangsel sal aanvaar geag te wees op die dag wanneer dit deur twee derdes van die Kontrakterende Regerings aanvaar is.

national Convention for the Safety of Life at Sea which was signed in London on 17 June 1960.

(b) All other treaties, conventions and arrangements relating to safety of life at sea, or matters appertaining thereto, at present in force between Governments parties to the present Convention shall continue to have full and complete effect during the terms thereof as regards—

(i) ships to which the present Convention does not apply;

(ii) ships to which the present Convention applies, in respect of matters for which it has not expressly provided.

(c) To the extent, however, that such treaties, conventions or arrangements conflict with the provisions of the present Convention, the provisions of the present Convention shall prevail.

(d) All matters which are not expressly provided for in the present Convention remain subject to the legislation of the Contracting Governments.

ARTICLE VII

Special rules drawn up by agreement

When in accordance with the present Convention special rules are drawn up by agreement between all or some of the Contracting Governments, such rules shall be communicated to the Secretary-General of the Organization for circulation to all Contracting Governments.

ARTICLE VIII

Amendments

(a) The present Convention may be amended by either of the procedures specified in the following paragraphs.

(b) Amendments after consideration within the Organization:

(i) Any amendment proposed by a Contracting Government shall be submitted to the Secretary-General of the Organization, who shall then circulate it to all Members of the Organization and all Contracting Governments at least six months prior to its consideration.

(ii) Any amendment proposed and circulated as above shall be referred to the Maritime Safety Committee of the Organization for consideration.

(iii) Contracting Governments of States, whether or not Members of the Organization, shall be entitled to participate in the proceedings of the Maritime Safety Committee for the consideration and adoption of amendments.

(iv) Amendments shall be adopted by a two-thirds majority of the Contracting Governments present and voting in the Maritime Safety Committee expanded as provided for in subparagraph (iii) of this paragraph (hereinafter referred to as "the expanded Maritime Safety Committee") on condition that at least one-third of the Contracting Governments shall be present at the time of voting.

(v) Amendments adopted in accordance with subparagraph (iv) of this paragraph shall be communicated by the Secretary-General of the Organization to all Contracting Governments for acceptance.

(vi) (1) An amendment to an Article of the Convention or to Chapter I of the Annex shall be deemed to have been accepted on the date on which it is accepted by two-thirds of the Contracting Governments.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) 'n Wysiging van die Aanhangsel, uitgesonderd Hoofstuk I, sal aanvaar geag te wees—

(aa) aan die einde van twee jaar vanaf die dag waarop dit vir aanvaarding aan die Kontrakterende Regerings voorgelê word; of

(bb) aan die einde van 'n ander tydperk, wat nie minder as 'n jaar moet wees nie, indien dit so bepaal word deur 'n tweederdemeerderheid van die Kontrakterende Regerings wat teenwoordig is en stem in die vergrote Maritieme Veiligheidskomitee.

Ewenwel, indien òf meer as een derde van die Kontrakterende Regerings, òf Kontrakterende Regerings wie se gekombineerde handelsvlote nie minder nie as 50 persent van die bruto tonnemaat van die wêreld se handelsvloot uitmaak, binne die bepaalde tydperk die Sekretaris-generaal van die Organisasie daarvan in kennis stel dat hulle die wysiging teëstaan, sal dit geag word nie aanvaar te wees nie.

(vii) (1) 'n Wysiging van 'n artikel van die Konvensie of van Hoofstuk I van die Aanhangsel word ses maande nadat dit as aanvaar geag word, van krag ten opsigte van dié Kontrakterende Regerings wat dit aanvaar het; en ses maande na datum van aanvaarding ten opsigte van elke Kontrakterende Regering wat dit later aanvaar.

(2) 'n Wysiging van die Aanhangsel, uitgesonderd Hoofstuk I, word ses maande nadat dit as aanvaar geag word, van krag ten opsigte van alle Kontrakterende Regerings, behalwe dié wat ingevolge subparagraaf (vi) (2) van hierdie paragraaf teen die wysiging beswaar aangeteken het en wat sodanige beswaar nie teruggetrek het nie. Enige Kontrakterende Regering kan egter voor die bepaalde datum van inwerkingtrede die Sekretaris-generaal van die Organisasie daarvan in kennis stel dat hy homself daarvan onthef om uitvoering aan sodanige wysiging te gee vir 'n tydperk van hoogstens een jaar vanaf die inwerkingtrede daarvan, of vir sodanige langer tydperk as wat deur 'n tweederdemeerderheid van die Kontrakterende Regerings bepaal kan word wat teenwoordig is en stem in die vergrote Maritieme Veiligheidskomitee ten tyde van die aanvaarding van die wysiging.

(c) Wysiging deur 'n Konferensie:

(i) Op versoek van 'n Kontrakterende Regering met die instemming van minstens een derde van die Kontrakterende Regerings moet die Organisasie 'n Konferensie van Kontrakterende Regerings saamroep om wysigings van die bestaande Konvensie te oorweeg.

(ii) Elke wysiging wat by sodanige Konferensie aanvaar word deur 'n tweederdemeerderheid van die Kontrakterende Regerings wat teenwoordig is en stem, moet deur die Sekretaris-generaal van die Organisasie vir aanvaarding aan alle Kontrakterende Regerings voorgelê word.

(iii) Tensy die Konferensie anders besluit, word die wysiging geag aanvaar te wees en word dit van krag ooreenkomstig die prosedures in subparagrawe (b) (vi) en (b) (vii) onderskeidelik van hierdie artikel; met dien verstande dat verwysings na die vergrote Maritieme Veiligheidskomitee gelees moet word asof hulle slaan op die Konferensie.

(d) (i) 'n Kontrakterende Regering wat 'n wysiging van die Bylae aanvaar het wat van krag geword het, is nie verplig om die voordeel van die huidige Konvensie ten opsigte van die sertifikate wat aan 'n skip uitgereik is wat daarop geregtig is om onder die vlag te vaar van 'n land of regering wat ingevolge die bepalings van subparagraaf (b) (vi) (2) van hierdie artikel

(2) An amendment to the Annex other than Chapter I shall be deemed to have been accepted—

(aa) at the end of two years from the date on which it is communicated to Contracting Governments for acceptance; or

(bb) at the end of a different period, which shall not be less than one year, if so determined at the time of its adoption by a two-thirds majority of the Contracting Governments present and voting in the expanded Maritime Safety Committee.

However, if within the specified period either more than one-third of Contracting Governments, or Contracting Governments the combined merchant fleets of which constitute not less than 50 per cent of the gross tonnage of the world's merchant fleet, notify the Secretary-General of the Organization that they object to the amendment, it shall be deemed not to have been accepted.

(vii) (1) An amendment to an Article of the Convention or to Chapter I of the Annex shall enter into force with respect to those Contracting Governments which have acccepted it, six months after the date on which it is deemed to have been accepted, and with respect to each Contracting Government which accepts it after that date, six months after the date of that Contracting Government's acceptance.

(2) An amendment to the Annex other than Chapter I shall enter into force with respect to all Contracting Governments, except those which have objected to the amendment under subparagraph (vi) (2) of this paragraph and which have not withdrawn such objections, six months after the date on which it is deemed to have been accepted. However, before the date set for entry into force, any Contracting Government may give notice to the Secretary-General of the Organization that it exempts itself from giving effect to that amendment for a period not longer than one year from the date of its entry into force, or for such longer period as may be determined by a two-thirds majority of the Contracting Governments present and voting in the expanded Maritime Safety Committee at the time of the adoption of the amendment.

(c) Amendment by a Conference:

(i) Upon the request of a Contracting Government concurred in by at least one-third of the Contracting Governments, the Organization shall convene a Conference of Contracting Governments to consider amendments to the present Convention.

(ii) Every amendment adopted by such a Conference by a two-thirds majority of the Contracting Governments present and voting shall be communicated by the Secretary-General of the Organization to all Contracting Governments for acceptance.

(iii) Unless the Conference decides otherwise, the amendment shall be deemed to have been accepted and shall enter into force in accordance with the procedures specified in subparagraphs (b) (vi) and (b) (vii) respectively of this Article, provided that references in these paragraphs to the expanded Maritime Safety Committee shall be taken to mean references to the Conference.

(d) (i) A Contracting Government which has accepted an amendment to the Annex which has entered into force shall not be obliged to extend the benefit of the present Convention in respect of the certificates issued to a ship entitled to fly the flag of a State the Government of which, pursuant to the provisions of sub-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

teen die wysiging beswaar gemaak het sonder om die beswaar terug te trek, oor te dra nie; maar dan slegs in die mate waarin sodanige sertifikate verband hou met sake wat deur die betrokke wysiging gedek word.

(ii) 'n Kontrakterende Regering wat 'n wysiging van die Aanhangsel aanvaar het wat van krag geword het, moet die voordeel van die huidige Konvensie oordra ten opsigte van die sertifikate wat aan 'n skip uitgereik is wat daarop geregtig is om onder die vlag te vaar van 'n land of regering wat ingevolge die bepalings van subparagraaf (b) (vii) (2) van hierdie Artikel die Sekretaris-generaal van die Organisasie daarvan in kennis gestel het dat hy homself daarvan onthef om uitvoering aan die wysiging te gee.

(e) Tensy dit uitdruklik anders bepaal word, is enige wysiging van die huidige Konvensie wat ooreenkomstig hierdie Artikel met betrekking tot die bou van 'n skip aangebring word, slegs van toepassing op skepe waarvan die kiele gelê is of wat op 'n dergelike stadium van konstruksie is op of na die datum waarop die wysiging van krag word.

(f) Enige verklaring van aanvaarding van of beswaar teen 'n wysiging of enige kennisgewing ingevolge subparagraaf (b) (vii) (2) van hierdie Artikel moet skriftelik voorgelê word aan die Sekretaris-generaal van die Organisasie, wat alle Kontrakterende Regerings van sodanige voorlegging asook die ontvangsdatum daarvan in kennis moet stel.

(g) Die Sekretaris-generaal van die Organisasie moet alle Kontrakterende Regerings inlig aangaande enige wysigings wat ingevolge hierdie Artikel van krag word, tesame met die datum van inwerkingtrede van elke sodanige wysiging.

ARTIKEL IX

Ondertekening en aanneming

(a) Die huidige Konvensie bly vanaf 1 November 1974 tot 1 Julie 1975 by die Organisasie se hoofkwartier beskikbaar vir ondertekening, en bly daarna beskikbaar vir aanneming. Lande kan tot die huidige Konvensie toetree deur—

(i) ondertekening sonder voorbehoud wat betref bekragtiging, aanneming of goedkeuring;

(ii) ondertekening onderworpe aan bekragtiging, aanneming of goedkeuring gevolg deur bekragtiging, aanneming of goedkeuring; of

(iii) aanneming.

(b) Bekragtiging, aanneming, goedkeuring of toetrede geskied deur die indiening van 'n dokument te dien effekte by die Sekretaris-generaal van die Organisasie.

(c) Die Sekretaris-generaal van die Organisasie moet die regerings van alle lande wat die huidige Konvensie onderteken het of daartoe toegetree het, in kennis stel van enige ondertekening of van die indiening van enige dokument van bekragtiging, aanneming, goedkeuring of toetrede en die datum van sodanige indiening.

ARTIKEL X

Inwerkingtreding

(a) Die huidige Konvensie tree in werking 12 maande vanaf die datum waarop nie minder nie as 25 lande wie se gekombineerde handelsvlote nie minder nie as 50 persent van die bruto tonnemaat van die wêreld se handelsvloot uitmaak, daartoe toegetree het ingevolge Artikel IX.

(b) Enige dokument van bekragtiging, aanneming, goedkeuring of toetrede wat ingedien word ná die datum waarop die huidige Konvensie van krag word, tree in werking drie maande na die indiening daarvan.

paragraph (b) (vi) (2) of this Article, has objected to the amendment and has not withdrawn such an objection, but only to the extent that such certificates relate to matters covered by the amendment in question.

(ii) A Contracting Government which has accepted and amendment to the Annex which has entered into force shall extend the benefit of the present Convention in respect of the certificates issued to a ship entitled to fly the flag of a State the Government of which, pursuant to the provisions of subparagraph (b) (vii) (2) of this Article, has notified the Secretary-General of the Organization that it exempts itself from giving effect to the amendment.

(e) Unless expressly provided otherwise, any amendment to the present Convention made under this Article, which relates to the structure of a ship, shall apply only to ships the keels of which are laid or which are at a similar stage of construction, on or after the date on which the amendment enters into force.

(f) Any declaration of acceptance of, or objection to, an amendment or any notice given under subparagraph (b) (vii) (2) of this Article shall be submitted in writing to the Secretary-General of the Organization, who shall inform all Contracting Governments of any such submission and the date of its receipt.

(g) The Secretary-General of the Organization shall inform all Contracting Governments of any amendments which enter into force under this Article, together with the date on which each such amendment enters into force.

ARTICLE IX

Signature, ratification, acceptance, approval and accession

(a) The present Convention shall remain open for signature at the Headquarters of the Organization from 1 November 1974 until 1 July 1975 and shall thereafter remain open for accession. States may become parties to the present Convention by—

(i) signature without reservation as to ratification, acceptance or approval; or

(ii) signature subject to ratification, acceptance or approval, followed by ratification, acceptance or approval; or

(iii) accession.

(b) Ratification, acceptance, approval or accession shall be effected by the deposit of an instrument to that effect with the Secretary-General of the Organization.

(c) The Secretary-General of the Organization shall inform the Governments of all States which have signed the present Convention or acceded to it of any signature or of the deposit of any instrument of ratification, acceptance, approval or accession and the date of its deposit.

ARTICLE X

Entry into force

(a) The present Convention shall enter into force 12 months after the date on which not less than 25 States, the combined merchant fleets of which constitute not less than 50 per cent of the gross tonnage of the world's merchant shipping, have become parties to it in accordance with Article IX.

(b) Any instrument of ratification, acceptance, approval or accession deposited after the date on which the present Convention enters into force shall take effect three months after the date of deposit.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) Na die datum waarop 'n wysiging tot die huidige Konvensie geag as aanvaar is onder artikel VIII, sal enige akte van bekragtiging, aanneming, goedkeuring of toetrede ingedien voldoen aan die Konvensie soos gewysig.

ARTIKEL XI

Opsegging

(a) Die huidige Konvensie kan deur 'n Kontrakterende Regering opgesê word te eniger tyd na verstryking van vyf jaar vanaf die datum waarop die Konvensie vir daardie Regering in werking getree het.

(b) Opsegging moet geskied deur die indiening van 'n opseggingsdokument by die Sekretaris-generaal van die Organisasie, wat al die ander Kontrakterende Regerings in kennis moet stel van enige opseggingsdokument wat ontvang is, van die ontvangsdatum daarvan asook van die datum waarop sodanige opsegging in werking tree.

(c) 'n Opsegging tree in werking een jaar, of sodanige langer tydperk as wat in die opseggingsdokument aangegee word, nadat dit deur die Sekretaris-generaal van die Organisasie ontvang is.

ARTIKEL XII

Bewaring en registrasie

(a) Die huidige Konvensie moet vir bewaring ingedien word by die Sekretaris-generaal van die Organisasie, wat gewaarmerkte afskrifte daarvan moet stuur aan die regerings van alle lande wat die huidige Konvensie onderteken het of daartoe toegetree het.

(b) Sodra die huidige Konvensie van krag word, moet die Sekretaris-generaal van die Organisasie die inhoud daarvan oordra aan die Sekretaris-generaal van die Verenigde Volke vir registrasie en publikasie ooreenkomstig Artikel 102 van die Handves van die Verenigde Volke.

ARTIKEL XIII

Tale

Die huidige Konvensie is vasgelê as 'n enkele kopie in Sjinees, Engels, Frans, Russies en Spaans, met elke weergawe gelykwaardig in gesaghebbendheid. Amptelike vertalings moet in Arabies, Duits en Italiaans voorberei word en saam met die oorspronklike bewaar word.

Ten bewyse waarvan die ondergetekendes, behoorlik vir die doel daartoe gemagtig deur hulle onderskeie regerings, die huidige Konvensie onderteken het.

Onderteken te Londen op hede die eerste dag van November Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

L.W.—Name van ondertekenaars nie gedruk nie.

AANHANGSEL

HOOFSTUK 1

ALGEMENE BEPALINGS

DEEL A—TOEPASSING, DEFINISIES, ENS.

REGULASIE 1

Toepassing

(a) Tensy uitdruklik anders bepaal, is die huidige regulasies slegs van toepassing op skepe wat op internasionale reise gebruik word.

(b) In elke hoofstuk word die klasse skepe waarop daardie hoofstuk van toepassing is, nader omskryf en die mate van toepassing aangegee.

REGULASIE 2

Definisies

Vir die toepassing van die huidige Regulasies, tensy uitdruklik anders bepaal, beteken—

(a) "Regulasies" die Regulasies in die Aanhangsel van die huidige Konvensie;

(c) After the date on which an amendment to the present Convention is deemed to have been accepted under Article VIII, any instrument of ratification, acceptance, approval or accession deposited shall apply to the Convention as amended.

ARTICLE XI

Denunciation

(a) The present Convention may be denounced by any Contracting Government at any time after the expiry of five years from the date on which the Convention enters into force for that Government.

(b) Denunciation shall be effected by the deposit of an instrument of denunciation with the Secretary-General of the Organization who shall notify all the other Contracting Governments of any instrument of denunciation received and of the date of its receipt as well as the date on which such denunciation takes effect.

(c) A denunciation shall take effect one year, or such longer period as may be specified in the instrument of denunciation, after its receipt by the Secretary-General of the Organization.

ARTICLE XII

Deposit and registration

(a) The present Convention shall be deposited with the Secretary-General of the Organization who shall transmit certified true copies thereof to the Governments of all States which have signed the present Convention or acceded to it.

(b) As soon as the present Convention enters into force, the text shall be transmitted by the Secretary-General of the Organization to the Secretary-General of the United Nations for registration and publication, in accordance with Article 102 of the Charter of the United Nations.

ARTICLE XIII

Languages

The present Convention is established in a single copy in the Chinese, English, French, Russian and Spanish languages, each text being equally authentic. Official translations in the Arabic, German and Italian languages shall be prepared and deposited with the signed original.

In witness whereof the undersigned, being duly authorized by their respective Governments for that purpose, have signed the present Convention.

Done at London this First day of November One thousand Nine hundred and Seventy-four.

N.B.—Names of signatories not printed.

ANNEX

CHAPTER 1

GENERAL PROVISIONS

PART A—APPLICATION, DEFINITIONS, ETC.

REGULATION 1

Application

(a) Unless expressly provided otherwise, the present Regulations apply only to ships engaged on international voyages.

(b) The classes of ships to which each Chapter applies are more precisely defined, and the extent of the application is shown, in each Chapter.

REGULATION 2

Definitions

For the purpose of the present Regulations, unless expressly provided otherwise:

(a) "Regulations" means the Regulations contained in the Annex to the present Convention.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(b) "Administrasie" die regering van die land onder wie se vlag die skip geregtig is om te vaar;

(c) "goedgekeur" deur die Administrasie goedgekeur;

(d) "internasionale reis" 'n reis vanaf 'n land waarop die huidige Konvensie van toepassing is, na 'n hawe buite so 'n land, of omgekeerd;

(e) 'n passasier iedereen behalwe—

(i) die gesagvoerder en lede van die bemanning, of ander persone wat in enige hoedanigheid aan boord van 'n skip in verband met die besigheid van daardie skip in diens is of werksaam is; en

(ii) 'n kind onder een jaar.

(f) 'n passasierskip 'n skip wat meer as 12 passasiers vervoer;

(g) 'n vragskip 'n skip wat nie 'n passasierskip is nie;

(h) 'n tenkskip 'n vragskip gebou of ingerig om vragte ontvlambare* vloeistof los te vervoer;

(i) 'n vissersvaartuig 'n vaartuig wat gebruik word om vis, walvisse, robbe, walrusse of ander lewende oeste van die see te vang;

(j) 'n kernkragskip 'n skip wat met 'n kernkraginstallasie toegerus is;

(k) "nuwe skip" 'n skip waarvan die kiel gelê is of wat op 'n dergelike stadium van konstruksie is op of na die datum van inwerkingtreding van die huidige Konvensie;

(l) "bestaande skip" 'n skip wat nie 'n nuwe skip is nie;

(m) 'n myl 1 852 meter of 6 080 voet.

REGULASIE 3

Uitsonderings

(a) Tensy uitdruklik anders bepaal, is die huidige Regulasies nie op die volgende van toepassing nie:

(i) Oorlogskepe of troepskepe.

(ii) Vragskepe van minder as 500 ton bruto tonnemaat.

(iii) Skepe wat nie op meganiese wyse aangedryf word nie.

(iv) Houtskepe van primitiewe bou.

(v) Plesierjagte wat nie vir handeldryf gebruik word nie.

(vi) Vissersvaartuie.

(b) Behalwe soos uitdruklik in Hoofstuk V bepaal, is die voorskrifte van hierdie Regulasies nie van toepassing op skepe wat uitsluitlik op die Groot Mere van Noord-Amerika en die St. Lawrence-rivier sover oos as 'n reguit lyn getrek vanaf Cap des Rosiers tot by West Point, Anticosti-eiland en, aan die noordekant van Anticosti-eiland, die 63ste Meridiaan, vaar nie.

REGULASIE 4

Vrystellings

(a) 'n Skip wat nie normaalweg vir internasionale reise gebruik word nie maar onder buitengewone omstandighede 'n enkele internasionale reis moet onderneem, kan deur die Administrasie vrygestel word van enige van die vereistes van die huidige Regulasies, mits hy voldoen aan die veiligheidsvereistes wat na die mening van die Administrasie voldoende is vir die reis wat deur die skip onderneem moet word.

(b) Die Administrasie kan enige skip wat nuwe soorte eienskappe bevat, vrystel van enige van die bepalings van Hoofstukke II-1, II-2, III en IV van hierdie Regulasies wat navorsing ernstig kan strem ten opsigte van die ontwikkeling van sodanige eienskappe en hulle

* "Ontvlambaar" beteken dieselfde as "vlambaar".

(b) "Administration" means the Government of the State whose flag the ship is entitled to fly.

(c) "Approved" means approved by the Administration.

(d) "International voyage" means a voyage from a country to which the present Convention applies to a port outside such country, or conversely.

(e) A passenger is every person other than—

(i) the master and the members of the crew or other persons employed or engaged in any capacity on board a ship on the business of that ship; and

(ii) a child under one year of age.

(f) A passenger ship is a ship which carries more than 12 passengers.

(g) A cargo ship is any ship which is not a passenger ship.

(h) A tanker is a cargo ship constructed or adapted for the carriage in bulk of liquid cargoes of an inflammable* nature.

(i) A fishing vessel is a vessel used for catching fish, whales, seals, walrus or other living resources of the sea.

(j) A nuclear ship is a ship provided with a nuclear power plant.

(k) "New ship" means a ship the keel of which is laid or which is at a simliar stage of construction on or after the date of coming into force of the present Convention.

(l) "Existing ship" means a ship which is not a new ship.

(m) A mile is 1 852 metres or 6 080 feet.

REGULATION 3

Exceptions

(a) The present Regulations, unless expressly provided otherwise, do not apply to—

(i) ships of war and troopships;

(ii) cargo ships of less than 500 tons gross tonnage;

(iii) ships not propelled by mechanical means;

(iv) wooden ships of primitive build;

(v) pleasure yachts not engaged in trade;

(vi) fishing vessels.

(b) Except as expressly provided in Chapter V, nothing herein shall apply to ships solely navigating the Great Lakes of North America and the River St Lawrence as far east as a straight line drawn from Cap des Rosiers to West Point, Anticosti Island and, on the north side of Anticosti Island, the 63rd Meridian.

REGULATION 4

Exemptions

(a) A ship which is not normally engaged on international voyages but which, in exceptional circumstances, is required to undertake a single international voyage may be exempted by the Administration from any of the requirements of the present Regulations provided that it complies with safety requirements which are adequate in the opinion of the Administration for the voyage which is to be undertaken by the ship.

(b) The Administration may exempt any ship which embodies features of a novel kind from any of the provisions of Chapters II-1, II-2, III and IV of these Regulations the application of which might seriously impede research into the development of such features

* "Inflammable" has the same meaning as "flammable".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

opneming in skepe wat internasionale reise onderneem. Enige sodanige skip moet egter voldoen aan veiligheidsvereistes wat na die mening van die Administrasie toereikend is vir die diens wat beoog word en sodanig is dat dit die algemene veiligheid van die skip verseker en aanneemlik is vir die regerings van die lande waar die skip aandoen. Die Administrasie wat enige sodanige vrystelling toelaat, moet die Organisasie in kennis stel van die besonderhede daarvan en die redes daarvoor, wat die Organisasie dan ter inligting aan die Kontrakterende Regerings moet deurstuur.

REGULASIE 5

Ekwivalente

(a) Waar die huidige Regulasies vereis dat 'n bepaalde of 'n bepaalde tipe uitrusting, materiaal, toestel of apparaat op 'n skip aangebring word of aan boord daarvan moet wees, of dat 'n bepaalde voorsiening gemaak moet word, kan die Administrasie toelaat dat 'n ander of 'n ander tipe uitrusting, materiaal, toestel of apparaat aangebring of aan boord is of dat 'n ander voorsiening in daardie skip gemaak word, mits hy op grond van proewe of andersins daarvan oortuig is dat sodanige uitrusting, materiaal, toestel of apparaat, of tipe daarvan, of voorsiening minstens net so doeltreffend is as dié wat deur die huidige Regulasies vereis word.

(b) 'n Administrasie wat aldus 'n uitrusting, materiaal, toestel of apparaat, of 'n tipe daarvan, of voorsiening toelaat ter vervanging van wat voorgeskryf is, moet besonderhede daarvan tesame met 'n verslag oor uitgevoerde proefnemings, aan die Organisasie meedeel en die Organisasie moet sodanige besonderhede onder ander Kontrakterende Regerings versprei vir die inligting van hul amptenare.

DEEL B—ONDERSOEKE EN SERTIFIKATE

REGULASIE 6

Inspeksie en ondersoek

Die inspeksie en ondersoek van skepe, vir sover dit die toepassing van die bepalings van die huidige Regulasies en die verlening van vrystellings daarvan betref, moet uitgevoer word deur amptenare van die land waarin die skip geregistreer is; met dien verstande dat die Regering van elke land die inspeksie en ondersoek kan toevertrou òf aan opnemers wat vir die doel benoem is òf aan organisasies wat deur hom erken word. In elke geval waarborg die betrokke Regering die volledigheid en doeltreffendheid van die inspeksie en ondersoek ten volle.

REGULASIE 7

Ondersoeke van passasierskepe

(a) 'n Passasierskip moet onderwerp word aan ondervermelde ondersoeke:

(i) 'n Ondersoek voordat die skip in diens gestel word.

(ii) 'n Periodieke ondersoek al om die 12 maande.

(iii) Addisionele ondersoeke na gelang van omstandighede.

(b) Bovermelde ondersoeke moet as volg uitgevoer word:

(i) Die ondersoek voordat die skip in diens gestel word, moet 'n volledige inspeksie van sy bou, masjinerie en uitrusting, met inbegrip van die buitekant van skeepsbodem en die binne- en buitekant van die ketels insluit. Hierdie ondersoek moet van so 'n aard wees dat daar verseker word dat die inrigtings, materiaal, en afmetings van die bouwerk, ketels en ander drukhouers en hul toebehore, hoof- en hulpmasjinerie,

and their incorporation in ships engaged on international voyages. Any such ship shall, however, comply with safety requirements which, in the opinion of that Administration, are adequate for the service for which it is intended and are such as to ensure the overall safety of the ship and which are acceptable to the Governments of the States to be visited by the ship. The Administration which allows any such exemption shall communicate to the Organization particulars of same and the reasons therefor which the Organization shall circulate to the Contracting Governments for their information.

REGULATION 5

Equivalents

(a) Where the present Regulations require that a particular fitting, material, appliance or apparatus, or type thereof, shall be fitted or carried in a ship, or that any particular provision shall be made, the Administration may allow any other fitting, material, appliance or apparatus, or type thereof, to be fitted or carried, or any other provision to be made in that ship, if it is satisfied by trial thereof or otherwise that such fitting, material, appliance or apparatus, or type thereof, or provision, is at least as effective as that required by the present Regulations.

(b) Any Administration which so allows, in substitution, a fitting, material, appliance or apparatus, or type thereof, or provision, shall communicate to the Organization particulars thereof together with a report on any trials made and the Organization shall circulate such particulars to other Contracting Governments for the information of their officers.

PART B—SURVEYS AND CERTIFICATES

REGULATION 6

Inspection and survey

The inspection and survey of ships, so far as regards the enforcement of the provisions of the present Regulations and the granting of exemptions therefrom, shall be carried out by officers of the country in which the ship is registered, provided that the Government of each country may entrust the inspection and survey either to surveyors nominated for the purpose or to organizations recognized by it. In every case the Government concerned fully guarantees the completeness and efficiency of the inspection and survey.

REGULATION 7

Surveys of passenger ships

(a) A passenger ship shall be subjected to the surveys specified below:

(i) A survey before the ship is put in service.

(ii) A periodical survey once every 12 months.

(iii) Additional surveys, as occasion arises.

(b) The surveys referred to above shall be carried out as follows:

(i) The survey before the ship is put in service shall include a complete inspection of its structure, machinery and equipment, including the outside of the ship's bottom and the inside and outside of the boilers. This survey shall be such as to ensure that the arrangements, material, and scantlings of the structure, boilers and other pressure vessels and their appurtenances, main and auxiliary machinery, electrical installation, radio installation, radiotelegraph installations in motor lifeboats, portable radio apparatus for survival craft,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

elektriese installasie, radio-installasie, radiotelegraafinstallasies in motorreddingsbote, draagbare radio-apparaat vir reddingsvaartuie, reddingstoestelle, brandbeskerming, brandopsporings- en blustoestelle, radar, eggopeilingsapparaat, tolkompas, loodslere, meganiese loodshysers en ander uitrusting ten volle voldoen aan die vereistes van die huidige Konvensie en van die wette, dekrete, orders en regulasies wat na aanleiding daarvan deur die Administrasie uitgevaardig is vir skepe in die diens waarvoor hulle bestem is. Die ondersoek moet ook sodanig wees dat daar verseker word dat die vakwerk ten opsigte van alle dele van die skip en sy uitrusting in alle opsigte bevredigend is, en dat die skip toegerus is met die ligte, seinvorms, middels vir die gee van geluidseine en noodseine soos vereis deur die bepalings van die huidige Konvensie en die geldende Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See.

(ii) Die periodieke ondersoek moet 'n inspeksie omvat van die bouwerk, ketels en ander drukhouers, masjinerie en uitrusting, met inbegrip van die buitekant van die skeepsbodem. Die ondersoek moet van so 'n aard wees dat daar verseker word dat die skip, wat betref die bouwerk, ketels en ander drukhouers en hul toebehore, hoof- en hulpmasjinerie, elektriese installasie, radio-installasie, radiotelegraafinstallasies in motorreddingsbote, draagbare radioapparaat vir reddingsvaartuie, reddingstoestelle, brandbeskerming, brandopsporings- en blustoestelle, radar, eggopeilingsapparaat, tolkompas, loodslere, meganiese loodshysers en ander uitrusting in 'n bevredigende toestand verkeer en geskik is vir die diens waarvoor hy bedoel is en dat hy voldoen aan die vereistes van die huidige Konvensie en van die wette, dekrete, orders en regulasies wat na aanleiding daarvan deur die Administrasie uitgevaardig is. Die skip se ligte, seinvorms en middels vir die gee van geluidseine en noodseine moet ook deur bogenoemde ondersoek gedek word ten einde te verseker dat hulle voldoen aan die vereistes van die huidige Konvensie en van die geldende Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See.

(iii) 'n Algemene of gedeeltelike ondersoek moet, na gelang van omstandighede, gehou word telkens nadat 'n ongeluk plaasgevind het of 'n gebrek ontdek is wat die veiligheid van die skip of die doeltreffendheid of volledigheid van sy reddingstoestelle of ander uitrusting raak of wanneer belangrike herstelwerk of vernuwings plaasvind. Die ondersoek moet van so 'n aard wees dat verseker word dat die nodige herstelwerk of vernuwings op doeltreffende wyse uitgevoer is, dat die materiaal en die wyse van uitvoering van die herstelwerk in alle opsigte bevredigend is en dat die skip in alle opsigte voldoen aan die bepalings van die huidige Konvensie en van die geldende Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See, en van die wette, dekrete, orders en regulasies wat na aanleiding daarvan deur die Administrasie uitgevaardig is.

(c) (i) Die wette, dekrete, orders en regulasies waarvan in paragraaf (b) van hierdie Regulasie melding gemaak word, moet in alle opsigte van so 'n aard wees dat daar verseker word dat die skip uit die oogpunt van die veiligheid van lewens geskik is vir die diens waarvoor hy bedoel is.

(ii) Hulle moet onder andere die vereistes voorskryf wat in ag geneem moet word by die eerste en daaropvolgende hidrouliese of ander aanvaarbare alternatiewe toetse waaraan die hoof- en hulpketels, verbindings, stoompype, hoogdrukvate, en brandstoftenks vir binnebrandmasjiene onderwerp moet word, met inbegrip van

life-saving appliances, fire protection, fire detecting and extinguishing appliances, radar, echo-sounding device, gyro-compass, pilot ladders, mechanical pilot hoists and other equipment, fully comply with the requirements of the present Convention, and of the laws, decrees, orders and regulations promulgated as a result thereof by the Administration for ships of the service for which it is intended. The survey shall also be such as to ensure that the workmanship of all parts of the ship and its equipment is in all respects satisfactory, and that the ship is provided with the lights, shapes, means of making sound signals and distress signals as required by the provisions of the present Convention and the International Regulations for Preventing Collisions at Sea in force.

(ii) The periodical survey shall include an inspection of the structure, boilers and other pressure vessels, machinery and equipment, including the outside of the ship's bottom. The survey shall be such as to ensure that the ship, as regards the structure, boilers and other pressure vessels and their appurtenances, main and auxiliary machinery, electrical installation, radio installation, radiotelegraph installations in motor lifeboats, portable radio apparatus for survival craft, life-saving appliances, fire protection, fire detecting and extinguishing appliances, radar, echo-sounding device, gyro-compass, pilot ladders, mechanical pilot hoists and other equipment, is in satisfactory condition and fit for the service for which it is intended, and that it complies with the requirements of the present Convention, and of the laws, decrees, orders and regulations promulgated as a result thereof by the Administration. The lights, shaped and means of making sound signals and the distress signals carried by the ship shall also be subject to the above-mentioned survey for the purpose of ensuring that they comply with the requirements of the present Convention and of the International Regulations for Preventing Collisions at Sea in force.

(iii) A survey either general or partial, according to the circumstances, shall be made every time an accident occurs or a defect is discovered which affects the safety of the ship or the efficiency or completeness of its life-saving appliances or other equipment, or whenever any important repairs or renewals are made. The survey shall be such as to ensure that the necessary repairs or renewals have been effectively made, that the material and workmanship of such repairs are in all respects satisfactory, and that the ship complies in all respects with the provisions of the present Convention and of the International Regulations for Preventing Collisions at Sea in force, and of the laws, decrees, orders and regulations promulgated as a result thereof by the Administration.

(c) (i) The laws, decrees, orders and regulations referred to in paragraph (b) of this Regulation shall be in all respects such as to ensure that, from the point of view of safety of life, the ship is fit for the service for which it is intended.

(ii) They shall among other things prescribe the requirements to be observed as to the initial and subsequent hydraulic or other acceptable alternative tests to which tthe main and auxiliary boilers, connections, steam pipes, high pressure receivers, and fuel tanks for internal combustion engines are to be submitted includ-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

die toetsprosedures wat gevolg moet word en die tussenpose tussen twee opeenvolgende toetse.

REGULASIE 8

Ondersoeke van reddingstoestelle en ander uitrusting van vragskepe

Die reddingstoestelle, uitgesonderd 'n radiotelegraafinstallasie in 'n motorreddingsboot of 'n draagbare radio-apparaat vir 'n reddingsvaartuig, die eggopeilingsapparaat, die tolkompas en die brandblustoestelle van vragskepe waarop Hoofstukke II-1, II-2, III en V van toepassing is, moet onderwerp word aan die eerste en daaropvolgende ondersoeke soos in Regulasie 7 van hierdie Hoofstuk vir passasierskepe voorgeskryf, behalwe dat die tydperk van 12 maande in subparagraaf (a) (ii) van daardie regulasie deur die tydperk van 24 maande vervang word. Die brandbeheerplanne in nuwe skepe en die loodslere, meganiese loodshysers, ligte, seinvorms en middels vir die gee van geluidseine in nuwe en bestaande skepe moet deur die ondersoeke gedek word om te verseker dat hulle ten volle voldoen aan die vereistes van die huidige Konvensie en, waar van toepassing, van die geldende Internasionale Regulasies vir die Voorkoming van Botsings ter See.

REGULASIE 9

Ondersoeke van radio- en radarinstallasies van vragskepe

Die radio- en radarinstallasies van vragskepe waarop Hoofstukke IV en V van toepassing is, en enige radiotelegraafinstallasie in 'n motorreddingsboot of 'n draagbare radio-apparaat vir reddingsvaartuie wat ooreenkomstig die vereistes van Hoofstuk III aan boord is, moet onderwerp word aan die eerste en daaropvolgende ondersoeke soos in Regulasie 7 van hierdie Hoofstuk vir passasierskepe voorgeskryf.

REGULASIE 10

Ondersoek van die romp, masjinerie en uitrusting van vragskepe

Die romp, masjinerie en uitrusting van 'n vragskip (uitgesonderd items ten opsigte waarvan Vragskipveiligheidsuitrustingsertifikate, Vragskipveiligheidsradiotelegrafiesertifikate of Vragskipveiligheidsradiotelefoniesertifikate uitgereik word) moet ondersoek word by voltooiing en daarna op sodanige wyse en by sodanige tussenpose as wat na die mening van die Administrasie nodig is om te verseker dat hul toestand in alle opsigte bevredigend is. Die ondersoek moet van so 'n aard wees dat verseker word dat die inrigtings, materiaal, afmetings van die bouwerk, ketels en ander drukhouers en hul toebehore, hoof- en hulpmasjinerie, elektriese installasies en ander uitrusting in alle opsigte bevredigend is vir die diens waarvoor die skip bestem is.

REGULASIE 11

Handhawing van toestande na ondersoek

Nadat 'n ondersoek van die skip ingevolge Regulasies 7, 8, 9 of 10 van hierdie Hoofstuk voltooi is, mag geen verandering in die bou-inrigtings, masjinerie, uitrusting, ens., wat deur die ondersoek gedek is, sonder magtiging van die Administrasie aangebring word nie.

REGULASIE 12

Uitreiking van sertifikate

(a) (i) 'n Sertifikaat, genoem 'n Passasierskipveiligheidsertifikaat, word na inspeksie en ondersoek uitgereik ten opsigte van 'n passasierskip wat voldoen aan

ing the test procedures to be followed and the intervals between two consecutive tests.

REGULATION 8

Surveys of life-saving appliances and other equipment of cargo ships

The life-saving appliances, except a radiotelegraph installation in a motor lifeboat or a portable radio apparatus for survival craft, the echo-sounding device, the gyro-compass, and the fire-extinguishing appliances of cargo ships to which Chapters II-1, II-2, III and V apply shall be subject to initial and subsequent surveys as provided for passenger ships in Regulation 7 of this Chapter with the substitution of 24 months for 12 months in subparagraph (a) (ii) of that Regulation. The fire control plans in new ships and the pilot ladders, mechanical pilot hoists, lights, shapes and means of making sound signals carried by new and existing ships shall be included in the surveys for the purpose of ensuring that they comply fully with the requirements of the present Convention and, where applicable, the International Regulations for Preventing Collisions at Sea in force.

REGULATION 9

Surveys of radio and radar installations of cargo ships

The radio and radar installations of cargo ships to which Chapters IV and V apply and any radiotelegraph installation in a motor lifeboat or portable radio apparatus for survival craft which is carried in compliance with the requirements of Chapter III shall be subject to initial and subsequent surveys as provided for passenger ships in Regulation 7 of this Chapter.

REGULATION 10

Surveys of hull, machinery and equipment of cargo ships

The hull, machinery and equipment (other than items in respect of which Cargo Ship Safety Equipment Certificates, Cargo Ship Safety Radiotelegraphy Certificates or Cargo Ship Safety Radiotelephony Certificates are issued) of a cargo ship shall be surveyed on completion and thereafter in such manner and at such intervals as the Administration may consider necessary in order to ensure that their conditions is in all respects satisfactory. The survey shall be such as to ensure that the arrangements, material, and scantlings of the structure, boilers and other pressure vessels and their appurtenances, main and auxiliary machinery, electrical installations and other equipment are in all respects satisfactory for the service for which the ship is intended.

REGULATION 11

Maintenance of conditions after survey

After any survey of the ship under Regulations 7, 8, 9 or 10 of this Chapter has been completed, no change shall be made in the structural arrangements, machinery, equipment, etc. covered by the survey, without the sanction of the Administration.

REGULATION 12

Issue of certificates

(a) (i) A certificate called a Passenger Ship Safety Certificate shall be issued after inspection and survey to a passenger ship which complies with the require-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

die vereistes van Hoofstukke II-1, II-2, III en IV en enige ander toepaslike vereistes van die huidige regulasies.

(ii) 'n Sertifikaat, genoem 'n Vragskipveiligheidskonstruksiesertifikaat, word na ondersoek uitgereik ten opsigte van 'n vragskip wat by 'n ondersoek vermeld in Regulasie 10 van hierdie Hoofstuk aan die vereistes vir vragskepe voldoen en wat aan die toepaslike vereistes van Hoofstukke II-I en II-2, uitgesonderd dié met betrekking tot brandblustoestelle en brandbeheerplanne, beantwoord.

(iii) 'n Sertifikaat, genoem 'n Vragskipveiligheidsuitrustingsertifikaat, word na inspeksie uitgereik ten opsigte van 'n vragskip wat aan die toepaslike vereistes van Hoofstukke II-1, II-2 en III en enige ander toepaslike vereistes van die huidige Regulasies voldoen.

(iv) 'n Sertifikaat, genoem 'n Vragskipveiligheidsradiotelegrafiesertifikaat, word na inspeksie uitgereik ten opsigte van 'n vragskip wat toegerus is met 'n radiotelegraafinstallasie wat aan die vereistes van Hoofstuk IV en enige ander toepaslike vereistes van die huidige Regulasies voldoen.

(v) 'n Sertifikaat, genoem 'n Vragskipveiligheidsradiotelefoniesertifikaat, word na inspeksie uitgereik ten opsigte van 'n vragskip wat toegerus is met 'n radiotelefooninstallasie wat aan die vereistes van Hoofstuk IV en enige ander toepaslike vereistes van die huidige Regulasies voldoen.

(vi) Wanneer 'n skip ingevolge en ooreenkomstig die bepalings van die huidige Regulasies vrygestel word, word daar benewens die sertifikate voorgeskryf by hierdie paragraaf, ook 'n sertifikaat wat 'n Vrystellingsertifikaat genoem word, aan die skip uitgereik.

(vii) Passasierskipveiligheidsertifikate, Vragskipveiligheidskonstruksiesertifikate, Vragskipveiligheidsuitrustingsertifikate, Vragskipveiligheidsradiotelegrafiesertifikate, Vragskipveiligheidsradiotelefoniesertifikate en Vrystellingsertifikate moet uitgereik word òf deur die Administrasie òf deur 'n persoon of organisasie wat deur die Administrasie behoorlik daartoe gemagtig is. In elke geval aanvaar daardie Administrasie volle verantwoordelikheid vir die sertifikaat.

(b) Nieteenstaande enige ander bepaling van die huidige Konvensie bly 'n sertifikaat wat uitgereik is ingevolge en ooreenkomstig die bepalings van die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, 1960, en wat geldig is by die huidige Konvensie se inwerkingtreding ten aansien van die Administrasie deur wie die sertifikaat uitgereik is, geldig totdat hy ingevolge die bepalings van Regulasie 14 van Hoofstuk 1 van daardie Konvensie verval.

(c) 'n Kontrakterende Regering moet nie sertifikate ingevolge en ooreenkomstig die bepalings van die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, 1960, 1948 of 1929, uitreik ná die datum waarop aanneming van die huidige Konvensie deur die Regering in werking tree nie.

REGULASIE 13

Uitreiking van sertifikaat deur ander Regering

'n Kontrakterende Regering kan op versoek van die Administrasie 'n skip laat ondersoek en, indien hy daarvan oortuig is dat daar aan die vereistes van die huidige Regulasies voldoen is, moet hy ooreenkomstig die huidige Regulasies sertifikate ten opsigte van die skip uitreik. 'n Sertfikaat wat aldus uitgereik is, moet 'n verklaring bevat ten effekte dat hy uitgereik is op versoek van die Regering van die land waarin die skip geregistreer is of sal word, en het dieselfde krag

ments of Chapters II-1, II-2, III and IV and any other relevant requirements of the present Regulations.

(ii) A certificate called a Cargo Ship Safety Construction Certificate shall be issued after survey to a cargo ship which satisfies the requirements for cargo ships on survey set out in Regulation 10 of this Chapter and complies with the applicable requirements of Chapters II-1 and II-2 other than those relating to fire-extinguishing appliances and fire control plans.

(iii) A certificate called a Cargo Ship Safety Equipment Certificate shall be issued after inspection to a cargo ship which complies with the relevant requirements of Chapters II-1, II-2 and III and any other relevant requirements of the present Regulations.

(iv) A certificate called a Cargo Ship Safety Radiotelegraphy Certificate shall be issued after inspection to a cargo ship, fitted with a radio-telegraph installation, which complies with the requirements of Chapter IV and any other relevant requirements of the present Regulations.

(v) A certificate called a Cargo Ship Safety Radiotelephony Certificate shall be issued after inspection to a cargo ship, fitted with a radiotelephone installation, which complies with the requirements of Chapter IV and any other relevant requirements of the present Regulations.

(vi) When an exemption is granted to a ship under and in accordance with the provisions of the present Regulations, a certificate called an Exemption Certificate shall be issued in addition to the certificates prescribed in this paragraph.

(vii) Passenger Ship Safety Certificates, Cargo Ship Safety Construction Certificates, Cargo Ship Safety Equipment Certificates, Cargo Ship Safety Radiotelegraphy Certificates, Cargo Ship Safety Radiotelephony Certificates and Exemption Certificates shall be issued either by the Administration or by any person or organization duly authorized by it. In every case, that Administration assumes full responsibility for the Certificate.

(b) Notwithstanding any other provision of the present Convention any certificate issued under, and in accordance with, the provisions of the International Convention for the Safety of Life at Sea, 1960, which is current when the present Convention comes into force in respect of the Administration by which the certificate is issued, shall remain valid until it expires under the terms of Regulation 14 of Chapter I of that Convention.

(c) A Contracting Government shall not issue certificates under, and in accordance with, the provisions of the International Convention for the Safety of Life at Sea, 1960, 1948 or 1929, after the date on which acceptance of the present Convention by the Government takes effect.

REGULATION 13

Issue of certificate by another Government

A Contracting Government may, at the request of the Administration, cause a ship to be surveyed and, if satisfied that the requirements of the present Regulations are complied with, shall issue certificates to the ship in accordance with the present Regulations. Any certificate so issued must contain a statement to the effect that it has been issued at the request of the Government of the country in which the ship is or

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

en ontvang dieselfde erkenning as 'n sertifikaat wat ingevolge Regulasie 12 van hierdie Hoofstuk uitgereik is.

REGULASIE 14

Geldigheidsduur van sertifikate

(a) Sertifikate, uitgesonderd Vragskipveiligheidskonstruksiesertifikate, Vragskipveiligheidsuitrustingsertifikate en Vrystellingsertifikate, word vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande uitgereik. Vragskipveiligheidsuitrustingsertifikate word uitgereik vir 'n tydperk van hoogstens 24 maande. Vrystellingsertifikate is geldig vir hoogstens die tydperk waarvoor die sertifikate uitgereik word waarop hulle betrekking het.

(b) Indien 'n ondersoek plaasvind binne twee maande voor die einde van die tydperk waarvoor 'n Vragskipveiligheidsradiotelegrafiesertifikaat of 'n Vragskipveiligheidsradiotelefoniesertifikaat ten opsigte van vragskepe van 300 of meer ton bruto tonnemaat maar minder as 500 ton bruto tonnemaat oorspronklik uitgereik is, kan daardie sertifikaat teruggetrek word en 'n nuwe sertifikaat uigereik word en laasgenoemde verstryk dan 12 maande na die einde van genoemde tydperk.

(c) Indien 'n skip op die tydstip waarop sy sertifikaat verstryk, hom nie in 'n hawe bevind van die land waarin hy geregistreer is nie, kan die sertifikaat deur die Administrasie verleng word, maar so 'n verlenging word slegs toegestaan om die skip in staat te stel om sy reis na die land waarin hy geregistreer is of ondersoek moet word, te voltooi en dan slegs in gevalle waar dit gepas en redelik lyk om dit te doen.

(d) Geen sertifikaat word vir langer as vyf maande aldus verleng nie, en 'n skip ten opsigte waarvan so 'n verlenging toegestaan is, is nie by sy aankoms in die land waarin hy geregistreer is of by die hawe waar hy ondersoek moet word, op grond van sodanige verlenging geregtig om daardie hawe of land weer te verlaat sonder dat hy 'n nuwe sertifikaat verkry het nie.

(e) 'n Sertifikaat wat nie kragtens die voorgaande bepalings van hierdie Regulasie verleng is nie, kan deur die Administrasie verleng word vir 'n grasietydperk van hoogstens een maand vanaf die verstrykingsdatum wat daarop aangegee is.

REGULASIE 15

Vorm van sertifikate

(a) Alle sertifikate word opgestel in die amptelike taal of tale van die land wat hulle uitreik.

(b) Die vorm van die sertifikate moet dié wees van die modelle wat in die Byvoegsel van die huidige Regulasies verstrek word. Die rangskikking van die gedrukte deel van die modelsertifikate moet presies weergegee word in die sertifikate wat uigereik word of in gewaarmerkte afskrifte daarvan, en die besonderhede wat ingevul word in die sertifikate wat uitgereik word of in gewaarmerkte afskrifte daarvan, moet in romeinletters en Arabiese syfers wees.

REGULASIE 16

Die aanplak van sertifikate

Alle sertifikate of gewaarmerkte afskrifte daarvan wat ingevolge die huidige Regulasies uitgereik is, moet op 'n prominente en toeganklike plek op die skip aangeplak word.

will be registered, and it shall have the same force and receive the same recognition as a certificate issued under Regulation 12 of this Chapter.

REGULATION 14

Duration of certificates

(a) Certificates other than Cargo Ship Safety Construction Certificates, Cargo Ship Safety Equipment Certificates and Exemption Certificates shall be issued for a period of not more than 12 months. Cargo Ship Safety Equipment Certificates shall be issued for a period of not more than 24 months. Exemption Certificates shall not be valid for longer than the period of the certificates to which they refer.

(b) If a survey takes place within two months before the end of the period for which a Cargo Ship Safety Radiotelegraphy Certificate or a Cargo Ship Safety Radiotelephony Certificate issued in respect of cargo ships of 300 tons gross tonnage and upwards, but less than 500 tons gross tonnage, was originally issued, that certificate may be withdrawn, and a new certificate may be issued which shall expire 12 months after the end of the said period.

(c) If a ship at the time when its certificate expires is not in a port of the country in which it is registered, the certificate may be extended by the Administration, but such extension shall be granted only for the purpose of allowing the ship to complete its voyage to the country in which it is registered or is to be surveyed, and then only in cases where it appears proper and reasonable so to do.

(d) No certificate shall be thus extended for a longer period than five months, and a ship to which such extension is granted shall not, on its arrival in the country in which it is registered or the port in which it is to be surveyed, be entitled by virtue of such extension to leave that port or country without having obtained a new certificate.

(e) A certificate which has not been extended under the foregoing provisions of this Regulation may be extended by the Administration for a period of grace of up to one month from the date of expiry stated on it.

REGULATION 15

Form of certificates

(a) All certificates shall be drawn up in the official language or languages of the country by which they are issued.

(b) The form of the certificates shall be that of the models given in the Appendix to the present Regulations. The arrangement of the printed part of the model certificates shall be exactly reproduced in the certificates issued, or in certified copies thereof, and the particulars inserted in the certificates issued, or in certified copies thereof, shall be in Roman characters and Arabic figures.

REGULATION 16

Posting up of certificates

All certificates or certified copies thereof issued under the present Regulations shall be posted up in a prominent and accessible place in the ship.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REGULASIE 17

Aanneming van sertifikate

Sertifikate wat uitgereik is op gesag van 'n Kontrakterende Regering, moet vir alle doeleindes wat deur die huidige Konvensie gedek word, deur die ander Kontrakterende Regerings aangeneem word. Hierdie sertifikate moet deur die ander Kontrakterende Regerings beskou word as van dieselfde krag as sertifikate wat deur hulle uitgereik word.

REGULASIE 18

Wysiging van sertifikate

(a) Indien 'n skip gedurende 'n bepaalde reis minder mense aan boord het as die totale getal wat in die Passasierskipveiligheidsertifikaat aangegee word en gevolglik volgens die bepalings van die huidige Regulasies die reg het om minder reddingsbote en ander reddingstoestelle aan boord te hê as wat in die sertifikaat aangegee word, kan 'n Aanhangsel deur die Regering, persoon of organisasie vermeld in Regulasie 12 of 13 uitgereik word.

(b) Hierdie Aanhangsel moet verklaar dat daar onder die omstandighede geen oortreding van die bepalings van die huidige Regulasies plaasgevind het nie. Hy moet aan die sertifikaat geheg word en vervang die sertifikaat vir sover dit die reddingstoestelle betref. Hy is slegs geldig vir die besondere reis waarvoor hy uitgereik is.

REGULASIE 19

Beheer

Elke skip met 'n sertifikaat uitgereik ingevolge Regulasie 12 of Regulasie 13, is in die hawens van die ander Kontrakterende Regerings onderworpe aan beheer deur die amptenare wat behoorlik deur sodanige Regerings gemagtig is vir sover sodanige beheer daarop gerig is om vas te stel dat daar 'n geldige sertifikaat aan boord is. So 'n sertifikaat moet aangeneem word tensy daar grondige redes bestaan om te glo dat die toestand van die skip of van sy uitrusting nie wesenlik ooreenstem met die besonderhede op hierdie sertifikaat nie. In daardie geval moet die amptenaar wat beheer uitoefen, stappe doen waardeur verseker word dat die skip nie vertrek voordat hy die see sonder gevaar vir die passasiers of die bemanning kan invaar nie. Indien hierdie beheer aanleiding gee tot ingryping van watter aard ook al, moet die amptenaar wat die beheer uitoefen, die Konsul van die land waarin die skip geregistreer is onverwyld skiftelik in kennis stel van al die omstandighede waarin die ingryping nodig geag is en moet die feite aan die Organisasie gerapporteer word.

REGULASIE 20

Voorregte

Daar kan nie ten gunste van 'n skip op die voorregte van die huidige Konvensie aanspraak gemaak word nie tensy gepaste geldige sertifikate ten opsigte van sodanige skip bestaan.

DEEL C—ONGEVALLE

REGULASIE 21

Ongevalle

(a) Elke Administrasie onderneem om, wanneer 'n ondersoek na sy mening kan bydra tot die vasstelling van die wysigings van die huidige Regulasies wat wenslik is, ondersoek in te stel na elke ongeval wat enige

REGULATION 17

Acceptance of certificates

Certificates issued under the authority of a Contracting Government shall be accepted by the other Contracting Governments for all purposes covered by the present Convention. They shall be regarded by the other Contracting Governments as having the same force as certificates issued by them.

REGULATION 18

Qualification of certificates

(a) If in the course of a particular voyage a ship has on board a number of persons less than the total number stated in the Passenger Ship Safety Certificate and is in consequence, in accordance with the provisions of the present Regulations, free to carry a smaller number of lifeboats and other life-saving appliances than that stated in the Certificate, an annex may be issued by the Government, person or organization referred to in Regulation 12 or 13 of this Chapter.

(b) This annex shall state that in the circumstances there is no infringement of the provisions of the present Regulations. It shall be annexed to the Certificate and shall be substituted for it in so far as the life-saving appliances are concerned. It shall be valid only for the particular voyage for which it is issued.

REGULATION 19

Control

Every ship holding a certificate issued under Regulation 12 or Regulation 13 of this Chapter is subject in the ports of the other Contracting Governments to control by officers duly authorized by such Governments in so far as this control is directed towards verifying that there is on board a valid certificate. Such certificate shall be accepted unless there are clear grounds for believing that the condition of the ship or of its equipment does not correspond substantially with the particulars of that certificate. In that case, the officer carrying out the control shall take such steps as will ensure that the ship shall not sail until it can proceed to sea without danger to the passengers or the crew. In the event of this control giving rise to intervention of any kind, the officer carrying out the control shall inform the Consul of the country in which the ship is registered in writing forthwith of all the circumstances in which intervention was deemed to be necessary, and the facts shall be reported to the Organization.

REGULATION 20

Privileges

The privileges of the present Convention may not be claimed in favour of any ship unless it holds appropriate valid certificates.

PART C—CASUALTIES

REGULATION 21

Casualties

(a) Each Administration undertakes to conduct an investigation of any casualty occurring to any of its ships subject to the provisions of the present convention when it judges that such an investigation may assist

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

van sy skepe oorkom waarop die bepalings van die huidige Konvensie van toepassing is.

(b) Elke Kontrakterende Regering onderneem om aan die Organisasie pertinente inligting omtrent die bevindings van sodanige ondersoeke te verstrek. Verslae of aanbevelings van die Organisasie wat op sodanige inligting berus, mag nie die identiteit of nasionaliteit van die betrokke skepe openbaar of op enige wyse 'n skip of persoon as verantwoordelike party aanwys of te kenne gee dat dié die verantwoordelike party is nie.

HOOFSTUK II-1

KONSTRUKSIE—INDELING EN STABILITEIT, MASJINERIE EN ELEKTRIESE INSTALLASIES

DEEL A—ALGEMEEN

REGULASIE 1

Toepassing

(a) (i) Tensy uitdruklik anders bepaal, is hierdie Hoofstuk van toepassing op nuwe skepe.

(ii) Bestaande passasiers- en vragskepe moet aan die volgende voldoen:

(1) In die geval van skepe waarvan die kiele gelê is of wat op 'n dergelike stadium van konstruksie is op of na die datum waarop die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, 1960, van krag geword het, moet die Administrasie verseker dat voldoen word aan die vereistes wat ingevolge Hoofstuk II van daardie Konvensie toegepas is op nuwe skepe soos in daardie hoofstuk omskryf;

(2) in die geval van bestaande skepe waarvan die kiele gelê is of wat op 'n dergelike stadium van konstruksie was op of na die datum daarop die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, 1948, maar voor die datum waarop die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, 1960, in werking getree het, moet die Administrasie verseker dat voldoen word aan die vereistes wat ingevolge Hoofstuk II van die Konvensie van 1948 toegepas is op nuwe skepe soos in daardie hoofstuk omskryf;

(3) in die geval van skepe waarvan die kiele gelê is of wat op 'n dergelike stadium van konstruksie was voor die datum waarop die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, 1948, van krag geword het, moet die Administrasie verseker dat daar voldoen word aan die vereistes wat ingevolge Hoofstuk II van daardie Konvensie toegepas is op bestaande skepe soos in daardie hoofstuk omskryf;

(4) wat betref die vereistes van Hoofstuk II-1 van die huidige Konvensie, wat nie vervat is in Hoofstuk II van die Konvensies van 1960 en 1948 nie, moet die Administrasie besluit watter van hierdie vereistes van toepassing gemaak moet word op bestaande skepe soos in die huidige Konvensie omskryf.

(iii) 'n Skip wat herstelwerk, verbouing en modifiëring met gepaardgaande uitrusting ondergaan, moet steeds ten minste voldoen aan die vereistes wat voorheen op die skip van toepassing was. In sodanige geval moet 'n skip oor die algemeen nie in 'n mindere mate aan die vereistes vir 'n nuwe skip voldoen as voorheen nie. Herstelwerk, verbouings en modifiërings van 'n groter aard, met die gepaardgaande uitrusting, behoort te voldoen aan die vereistes vir 'n nuwe skip vir sover die Administrasie dit redelik en prakties ag.

in determining what changes in the present Regulations might be desirable.

(b) Each Contracting Government undertakes to supply the Organization with pertinent information concerning the findings of such investigations. No reports or recommendations of the Organization based upon such information shall disclose the identity or nationality of the ships concerned or in any manner fix or imply responsibility upon any ship or person.

CHAPTER II-1

CONSTRUCTION—SUBDIVISION AND STABILITY, MACHINERY AND ELECTRICAL INSTALLATIONS

PART A—GENERAL

REGULATION 1

Application

(a) (i) Unless expressly provided otherwise, this Chapter applies to new ships.

(ii) Existing passenger ships and cargo ships shall comply with the following:

(1) For ships the keels of which were laid or which were at a similar stage of construction on or after the date of coming into force of the International Convention for the Safety of Life at Sea, 1960, the Administration shall ensure that the requirements which were applied under Chapter II of that Convention to new ships as defined in that Chapter are complied with;

(2) for ships the keels of which were laid or which were at a similar stage of construction on or after the date of coming into force of the International Convention for the Safety of Life at Sea, 1948, but before the date of coming into force of the International Convention for the Safety of Life at Sea, 1960, the Administration shall ensure that the requirements which were applied under Chapter II of the 1948 Convention to new ships as defined in that Chapter are complied with;

(3) for ships the keels of which were laid or which were at a similar stage of construction before the date of coming into force of the International Convention for the Safety of Life at Sea, 1948, the Administration shall ensure that the requirements which were applied under Chapter II of that Convention to existing ships as defined in that Chapter are complied with;

(4) as regards the requirements of Chapter II-1 of the present Convention which are not contained in Chapter II of the 1960 and 1948 Conventions, the Administration shall decide which of these requirements shall be applied to existing ships as defined in the present Convention.

(iii) A ship which undergoes repairs, alterations, modifications and outfitting related thereto shall continue to comply with at least the requirements previously applicable to the ship. An existing ship in such a case shall not, as a rule, comply to a lesser extent with the requirements for a new ship than it did before. Repairs, alterations and modifications of a major character and outfitting related thereto should meet the requirements for a new ship in so far as the Administration deems reasonable and practicable.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(b) Vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk—

(i) is 'n nuwe passasierskip 'n passasierskip waarvan die kiel gelê is of wat op 'n dergelike stadium van konstruksie is op of na die datum waarop die huidige Konvensie in werking getree het, of 'n vragskip wat op of na daardie datum in 'n passasierskip omgeskep is en word alle ander passasierskepe beskryf as bestaande passasierskepe;

(ii) is 'n nuwe vragskip 'n vragskip waarvan die kiel gelê is of wat op 'n dergelike stadium van konstruksie is op of na die datum waarop die huidige Konvensie in werking getree het.

(c) Indien die Administrasie meen dat die beskutte aard en omstandighede van die reis sodanig is dat die toepassing van bepaalde vereistes van hierdie Hoofstuk daardeur onredelik of onnodig gemaak word, kan hy vrystelling van daardie vereistes verleen aan individuele skepe of klasse skepe wat aan sy land behoort en wat gedurende hul reis nie verder as 20 myl van die naaste land af vaar nie.

(d) In die geval van 'n passasierskip wat kragtens paragraaf (c) van Regulasie 27 van Hoofstuk III toegelaat word om meer persone aan boord te vervoer as wat die beskikbare reddingsbootruimte toelaat, moet hy voldoen aan die spesiale indelingstandaarde soos in paragraaf (e) van Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk uiteengesit en aan die verbandhoudende spesiale bepalings betreffende deurdringbaarheid in paragraaf (d) van Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk, tensy die Administrasie daarvan oortuig is dat dit met inagneming van die aard en omstandighede van die reis voldoende is dat die ander bepalings van die Regulasies van hierdie Hoofstuk en van Hoofstuk II-2 van die huidige Konvensie toegepas word.

(e) In die geval van passasierskepe wat in spesiale ondernemings vir die vervoer van groot getalle spesiale passasiers, soos byvoorbeeld pelgrimsondernemings, gebruik word, kan die Administrasie, indien hy daarvan oortuig is dat die vereistes van hierdie Hoofstuk onmoontlik nagekom kan word, sodanige skepe van daardie vereistes vrystel indien hulle aan sy land behoort, op voorwaarde dat hulle geheel en al voldoen aan die bepalings van—

(i) die reëls in die Bylae van die Special Trade Passenger Ships Agreement, 1971; en

(ii) die reëls in die Bylae van die Protocol on Space Requirements for Special Trade Passenger Ships, 1973, wanneer dit van krag word.

REGULASIE 2

Definisies

Vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk, tensy uitdruklik anders bepaal—

(a) (i) is 'n indelingslaslyn 'n waterlyn wat gebruik word by die vasstelling van die indeling van die skip;

(ii) is die boonste indelingslaslyn die waterlyn wat ooreenkom met die grootste diepgang wat die toepaslike indelingsvereistes toelaat;

(b) is die lengte van die skip die lengte gemeet tussen die loodlyne aan die ente van die boonste indelingslaslyn;

(c) is die breedte van die skip die totale breedte gemeet vanaf die buitekant van een spant na die buitekant van sy oorkantse maat op of onder die boonste indelingslaslyn;

(b) For the purpose of this Chapter—

(i) a new passenger ship is a passenger ship the keel of which is laid or which is at a similar stage of construction on or after the date of coming into force of the present Convention, or a cargo ship which is converted to a passenger ship on or after that date, all other passenger ships being described as existing passenger ships;

(ii) a new cargo ship is a cargo ship the keel of which is laid or which is at a similar stage of construction after the date of coming into force of the present Convention.

(c) The Administration may, if it considers that the sheltered nature and conditions of the voyage are such as to render the application of any specific requirements of this Chapter unreasonable or unnecessary, exempt from those requirements individual ships or classes of ships belonging to its country which, in the course of their voyage, do not proceed more than 20 miles from the nearest land.

(d) In the case of a passenger ship which is permitted under paragraph (c) of Regulation 27 of Chapter III to carry a number of persons on board in excess of the lifeboat capacity provided, it shall comply with the special standards of subdivision set out in paragraph (e) of Regulation 5 of this Chapter, and the associated special provisions regarding permeability in paragraph (d) of Regulation 4 of this Chapter, unless the Administration is satisfied that, having regard to the nature and conditions of the voyage, compliance with the other provisions of the Regulations of this Chapter and Chapter II-2 of the present Convention is sufficient.

(e) In the case of passenger ships which are employed in special trades for the carriage of large numbers of special trade passengers, such as the pilgrim trade, the Administration, if satisfied that it is impracticable to enforce compliance with the requirements of this Chapter, may exempt such ships, when they belong to its country, from those requirements, provided that they comply fully with the provisions of—

(i) the Rules annexed to the Special Trade Passenger Ships Agreement, 1971; and

(ii) the Rules annexed to the Protocol on Space Requirements for Special Trade Passenger Ships, 1973, when it enters into force.

REGULATION 2

Definitions

For the purpose of this Chapter, unless expressly provided otherwise—

(a) (i) a subdivision load line is a water-line used in determining the subdivision of the ship;

(ii) the deepest subdivision load line is the water-line which corresponds to the greatest draught permitted by the subdivision requirements which are applicable;

(b) the length of the ship is the length measured between perpendiculars taken at the extremities of the deepest subdivision load line;

(c) the breadth of the ship is the extreme width from outside of frame to outside of frame at or below the deepest subdivision load line;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(d) is die diepgang die vertikale afstand vanaf die grondlyn midskeeps tot by die betrokke indelingslaslyn;

(e) is die beskotdek die boonste dek tot waar die waterdigte dwarsbeskotte opgetrek is;

(f) is die indompelingsgrenslyn 'n lyn minstens 76 millimeter (3 duim) onderkant die bovlak van die beskotdek aan die kant getrek;

(g) is die deurdringbaarheid van 'n ruimte die persentasie van daardie ruimte wat deur water ingeneem kan word.

Die volume van 'n ruimte wat hom tot bo die indompelingsgrenslyn uitstrek, moet slegs gemeet word tot op die hoogte van daardie lyn;

(h) moet die masjinerieruimte geag word te strek vanaf die grondlyn tot by die indompelingsgrenslyn en tussen die buitenste waterdigte hoofdwarsbeskotte wat die ruimtes begrens wat die hoof- en hulpaandryfmasjinerie, ketels wat in die behoeftes van aandrywing voorsien, en alle blywende koolbunkers bevat;

(In die geval van buitengewone reëlings, kan die Administrasie die grense van die masjinerieruimtes bepaal.);

(i) is passasiersruimtes die ruimtes wat voorsien is vir die huisvesting van en gebruik deur passasiers, met uitsondering van bagasie-, pak-, provisie- en poskamers;

Vir doeleindes van Regulasies 4 en 5 van hierdie Hoofstuk moet die ruimtes wat onder die indompelingsgrenslyn vir die huisvesting van en gebruik deur die bemanning voorsien is, as passasiersruimtes beskou word;

(j) moet volumes en oppervlaktes in alle gevalle tot buitekant die spante gemeet word.

DEEL B—INDELING EN STABILITEIT*

(Deel B is slegs van toepassing op passasierskepe, maar Regulasie 19 is ook op vragskepe van toepassing.)

REGULASIE 3

Vulbare lengte

(a) Die vulbare lengte op enige punt van die lengte van 'n skip word bepaal volgens 'n metode van berekening waarby die vorm, diepgang en ander kenmerke van die betrokke skip in aanmerking geneem word.

(b) In 'n skip met 'n deurlopende beskotdek, is die vulbare lengte op 'n bepaalde punt die maksimum gedeelte van die skeepslengte wat die bedoelde punt as middelpunt het, wat onder die bepaalde veronderstellings in Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk vervat, gevul kan word sonder dat die skip dieper as tot by die indompelingsgrenslyn insink.

(c) (i) In die geval van 'n skip wat nie 'n deurlopende beskotdek het nie, kan die vulbare lengte op enige punt bepaal word tot 'n veronderstelde deurlopende indompelingsgrenslyn wat op geen punt minder as 76 millimeter (3 duim) laer is as die bodeel van die dek (aan die kant) tot waar die betrokke beskotte en die huid waterdig opgetrek word nie.

(ii) Wanneer 'n deel van 'n veronderstelde indompelingsgrenslyn aansienlik laer geleë is as die dek tot waar die beskotte reik, kan die Administrasie 'n beperkte verslapping toelaat ten opsigte van die water-

* In plek van die vereistes in hierdie deel, mag die Regulasies op subdivisie en stabiliteit van Passasierskepe as 'n ekwivalent tot Deel B van Hoofstuk II van die Internasionale Konvensie vir die Beveiliging van Menselewens op See, 1960 soos aanvaar deur die Organisasie by Resolusie A.265 (VIII), waar toepaslik, in hulle geheel gebruik word.

(d) the draught is the vertical distance from the moulded base line amidships to the subdivision load line in question;

(e) the bulkhead deck is the uppermost deck up to which the transverse watertight bulkheads are carried;

(f) the margin line is a line drawn at least 76 millimetres (3 inches) below the upper surface of the bulkhead deck at side;

(g) the permeability of a space is the percentage of that space which can be occupied by water;

The volume of a space which extends above the margin line shall be measured only to the height of that line;

(h) the machinery space is to be taken as extending from the moulded base line to the margin line and between the extreme main transverse watertight bulkheads bounding the spaces containing the main and auxiliary propelling machinery, boilers serving the needs of propulsion, and all permanent coal bunkers;

in the case of unusual arrangements, the Administration may define the limits of the machinery spaces;

(i) passenger spaces are those which are provided for the accommodation and use of passengers, excluding baggage, store, provision and mail rooms;

For the purposes of Regulations 4 and 5 of this Chapter, spaces provided below the margin line for the accommodation and use of the crew shall be regarded as passenger spaces;

(j) in all cases volumes and areas shall be calculated to moulded lines.

PART B—SUBDIVISION AND STABILITY*

(Part B applies to passenger ships only, except that Regulation 19 also applies to cargo ships.)

REGULATION 3

Floodable length

(a) The floodable length at any point of the length of a ship shall be determined by a method of calculation which takes into consideration the form, draught and other characteristics of the ship in question.

(b) In a ship with a continuous bulkhead deck, the floodable length at a given point is the maximum portion of the length of the ship, having its centre at the point in question, which can be flooded under the definite assumptions set forth in Regulation 4 of this Chapter without the ship being submerged beyond the margin line.

(c) (i) In the the case of a ship not having a continuous bulkhead deck, the floodable length at any point may be determined to an assumed continuous margin line which at no point is less than 76 millimetres (3 inches) below the top of the deck (at side) to which the bulkheads concerned and the shell are carried watertight.

(ii) Where a portion of an assumed margin line is appreciably below the deck to which bulkheads are carried, the Administration may permit a limited

* Instead of the requirements in this Part, the Regulations on Subdivision and Stability of Passenger Ships as an Equivalent to Part B of Chapter II of the International Convention for the Safety of Life at Sea, 1960, adopted by the Organization by Resolution A.265 (VIII), may be used, if applied, in their entirety.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

digtheid van daardie gedeeltes van die beskotte wat bo die indompelingsgrenslyn en onmiddellik onder die hoër dek geleë is.

REGULASIE 4

Deurdringbaarheid

(a) Die bepaalde veronderstellings vermeld in Regulasie 3 van hierdie Hoofstuk het betrekking op die deurdringbaarheid van die ruimtes onder die indompelingsgrenslyn.

By die bepaling van die vulbare lengte moet 'n uniforme gemiddelde deurdringbaarheid oor die hele lengte van elk van die volgende gedeeltes van die skip onderkant die indompelingsgrenslyn gebruik word:

(i) Die masjinerieruimte soos omskryf in Regulasie 2 van hierdie Hoofstuk;

(ii) die gedeelte wat voor die masjinerieruimte geleë is; en

(iii) die gedeelte wat agter die masjinerieruimte geleë is.

(b) (i) Die uniforme gemiddelde deurdringbaarheid oor die hele masjinerieruimte moet volgens die onderstaande formule bepaal word:

$$85+10\left(\frac{a-c}{v}\right)$$

waar—

a=die volume van die passasiersruimtes, soos omskryf in Regulasie 2 van hierdie Hoofstuk en geleë onderkant die indompelingsgrenslyn binne die grense van die masjinerieruimte.

c=die volume van die tussendekruimtes onderkant die indompelingsgrenslyn binne die grense van die masjinerieruimte wat toegewys is vir vrag, steenkool of voorrade.

v=die hele volume van die masjinerieruimte onderkant die indompelingsgrenslyn.

(ii) Waar tot tevredenheid van die Administrasie getoon word dat die gemiddelde deurdringbaarheid soos deur uitvoerige berekening bepaal, kleiner is as die wat deur die formule aangegee word, kan die uitvoerige berekende waarde gebruik word. Vir die doel van so 'n berekening moet die deurdringbaarheid van passasiersruimtes, soos omskryf in Regulasie 2 van hierdie Hoofstuk, gestel word op 95, dié van alle vrag-, steenkool- en voorraadruimtes op 60, en dié van dubbelboom-, oliebrandstof- en ander tenks op sodanige waardes as wat in elke geval goedgekeur mag word.

(c) Behoudens die bepalings van paragraaf (d) van hierdie Regulasie moet die uniforme gemiddelde deurdringbaarheid oor die hele gedeelte van die skip voor (of agter) die masjinerieruimte volgens onderstaande formule bereken word:

$$63+35\frac{a}{v}$$

waar—

a=die volume van die passasiersruimtes soos omskryf in Regulasie 2 van hierdie Hoofstuk, en geleë onderkant die indompelingsgrenslyn voor (of agter) die masjinerieruimte; en

v=die hele volume van die gedeelte van die skip onderkant die indompelingsgrenslyn voor (of agter) die masjinerieruimte.

(d) In die geval van 'n skip wat ingevolge paragraaf (c) van Regulasie 27 van Hoofstuk III toegelaat word om meer persone aan boord te vervoer as wat die

relaxation in the watertightness of those portions of the bulkheads which are above the margin line and immediately under the higher deck.

REGULATION 4

Permeability

(a) The definite assumptions referred to in Regulation 3 of this Chapter relate to the permeabilities of the spaces below the margin line.

In determining the floodable length, a uniform average permeability shall be used throughout the whole length of each of the following portions of the ship below the margin line:

(i) The machinery space as defined in Regulation 2 of this Chapter;

(ii) the portion forward of the machinery space; and

(iii) the portion abaft the machinery space.

(b) (i) The uniform average permeability throughout the machinery space shall be determined from the formula:

$$85+10\left(\frac{a-c}{v}\right)$$

where—

a=volume of the passenger spaces, as defined in Regulation 2 of this Chapter, which are situated below the margin line within the limits of the machinery space;

c=volume of between deck spaces below the margin line within the limits of the machinery space which are appropriated to cargo, coal or stores;

v=whole volume of the machinery space below the margin line.

(ii) Where it is shown to the satisfaction of the Administration that the average permeability as determined by detailed calculation is less than that given by the formula, the detailed calculated value may be used. For the purpose of such calculation, the permeabilities of passenger spaces, as defined in Regulation 2 of this Chapter, shall be taken as 95, that of all cargo, coal and store spaces as 60, and that of double bottom, oil fuel and other tanks at such values as may be approved in each case.

(c) Except as provided in paragraph (d) of this Regulation, the uniform average permeability throughout the portion of the ship before (or abaft) the machinery space shall be determined from the formula:

$$63+35\frac{a}{v}$$

where—

a=volume of the passenger spaces, as defined in Regulation 2 of this Chapter, which are situated below the margin line, before (or abaft) the machinery space, and

v=whole volume of the portion of the ship below the margin line before (or abaft) the mach.nery space.

(d) In the case of a ship which is permitted under paragraph (c) of Regulation 27 of Chapter III to carry a number of persons on board in excess of the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

beskikbare reddingsbootruimte toelaat, en wat ingevolge paragraaf (d) van Regulasie 1 van hierdie Hoofstuk aan spesiale bepalings moet voldoen, moet die uniforme gemiddelde deurdringbaarheid oor die hele gedeelte van die skip voor (of agter) die masjinerieruimte volgens onderstaande formule bereken word:

$$95-35\frac{b}{v}$$

waar—

(ii) hulle moet sodanige isolasiewaarde hê dat die gemiddelde hittegraad van die nie-blootgestelde kant nie meer as 139 °C (250 °F) bo die oorspronklike temperatuur styg nie, en die temperatuur op geen punt, met inbegrip van enige voeg, meer as 225 °C (405 °F) bo die oorspronklike temperatuur bereik binne die onderstaande tye nie:

Klas "B15"—15 minute;
Klas "B0"—0 minute;

(iii) hulle moet gebou wees van goedgekeurde onbrandbare materiale en alle materiale wat vir die konstruksie en oprigting van Klas "B"-verdelings gebruik word moet onbrandbaar wees, behalwe waar die gebruik van brandbare materiaal ooreenkomstig Dele C en D van hierdie Hoofstuk nie uitgesluit word nie, in welke geval dit moet voldoen aan die temperatuurstygingsperk uiteengesit in subparagraaf (ii) van hierdie paragraaf tot aan die einde van die eerste halfuur van die standaardvuurproef;

(iv) die Administrasie kan die toetsing van 'n prototipe verdeling vereis om te verseker dat dit aan die bogenoemde vereistes ten opsigte van integrasie en temperatuurstyging* voldoen.

(e) "Klas 'C'-verdelings" moet gebou wees van goedgekeurde onbrandbare materiale. Hulle hoef aan geen vereistes te voldoen ten opsigte van die deurlating van rook of vlamme of die beperking van temperatuurstyging nie.

(f) "Deurlopende Klas 'B'-plafonne of -voerings" is daardie Klas "B"-plafonne of -voerings wat net ophou by 'n Klas "A"- of Klas "B"-verdeling.

(g) "Staal of ander ekwivalente materiaal." Waar die woorde "staal of ander ekwivalente materiaal" voorkom, beteken "ekwivalente materiaal" enige materiaal wat op sigself of weens isolering wat voorsien is, strukturele en integriteitseienskappe gelyke aan staal toon aan die einde van die toepaslike vuurblootstelling in die standaardvuurproef (byvoorbeeld aluminiumallooi met paslike isolering).

(h) "Lae vlamverspreiding" beteken dat die oppervlak wat aldus beskryf word, die verspreiding van vlamme toereikend sal beperk, en dit moet tot bevrediging van die Administrasie deur middel van 'n vaste toetsprosedure bepaal word.

(i) "Vertikale hoofsones" is daardie seksies waarin die romp, bobou en dekhuise deur Klas "A"-verdelings verdeel is, waarvan die gemiddelde lengte op enige dek in die algemeen nie 40 meter (131 voet) te bowe gaan nie.

(j) "Akkommodasieruimtes" is dié wat gebruik word vir openbare ruimtes, gange, toilette, kajuite, kantore, bemanningskwartiere, haarsalonne, geïsoleerde spense en sluitkaste en dergelike ruimtes.

* Hier word verwys na die *Recommendation for Fire Test Procedures for "A" and "B" Class Divisions*, soos deur die Organisasie aanvaar by Resolusies A. 163 (ES. IV) en A. 215 (VII).

(v) the Administration may require a test of a prototype bulkhead or deck to ensure that it meets the above requirements for integrity and temperature rise.*

(d) "'B' Class Divisions" are those divisions formed by bulkheads, decks, ceilings or linings which comply with the following:

(i) They shall be so constructed as to be capable of preventing the passage of flame to the end of the first one-half hour of the standard fire test;

(ii) they shall have an insulation value such that the average temperature of the unexposed side will not rise more than 139 °C (250 °F) above the original temperature, nor will the temperature at any one point, including any joint, rise more than 225°C (405°F) above the original temperature, within the time listed below:

Class "B-15"—15 minutes;

Class "B-0"—0 minutes;

(iii) they shall be constructed of approved non-combustible materials and all materials entering into the construction and erection of "B" Class divisions shall be non-combustible, except where in accordance with Parts C and D of this Chapter the use of combustible material is not precluded, in which case it shall comply with the temperature rise limitation specified in subparagraph (ii) of this paragraph up to the end of the first one-half hour of the standard fire test;

(iv) the Administration may require a test of a prototype division to ensure that it meets the above requirements for integrity and temperature rise.*

(e) "'C' Class Divisions" shall be constructed of approved non-combustible materials. They need meet no requirements relative to the passage of smoke and flame nor the limiting of temperature rise.

(f) "Continuous 'B' Class Ceilings or Linings" are those "B" Class ceilings or linings which terminate only at an "A" or "B" Class division.

(g) "Steel or Other Equivalent Material". Where the word "steel or other equivalent material" occur, "equivalent material" means any material which, by itself or due to insulation provided, has structural and integrity properties equivalent to steel at the end of the applicable fire exposure to the standard fire test (e.g. aluminium alloy with appropriate insulation).

(h) "Low Flame Spread" means that the surface thus described will adequately restrict the spread of flame, this being determined to the satisfaction of the Administration by an established test procedure.

(i) "Main Vertical Zones" are those sections into which the hull, superstructure, and deckhouses are devided by "A" Class divisions, the mean length of which on any one deck does not in general exceed 40 metres (131 feet).

(j) "Accommodation Spaces" are those used for public spaces, corridors, lavatories, cabins, offices, crew quarters, barber shops, isolated pantries and lockers and similar spaces.

* Reference is made to Recommendation for Fire Test Procedures for "A" and "B" Class Divisions, adopted by the Organization by Resolutions A. 163 (ES. IV) and A. 215 (VII).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(k) "Openbare ruimtes" is daardie dele van die akkommodasie wat gebruik word as sale, eetkamers en soortgelyke blywend omslote ruimtes.

(l) "Diensruimtes" is dié wat gebruik word as skeepskombuise, hoofspense, proviandkamers (uitgesonderd geïsoleerde spense en sluitkaste), pos- en spesiekamers, werkwinkels wat nie deel van die masjinerieruimtes vorm nie en soortgelyke ruimtes en kokers na sulke ruimtes.

(m) "Vragruimtes" is alle ruimtes wat gebruik word vir vrag (met inbegrip van vragolietenks) en kokers na sulke ruimtes.

(n) "Spesiale kategorie-ruimtes" is daardie omslote ruimtes op of onder die beskotdek vir die vervoer van motorvoertuie met brandstof in hulle tenks vir eie aandrywing, waarin en waaruit sulke voertuie bestuur kan word en waartoe die passasiers toegang het.

(o) "Masjinerieruimtes van Kategorie A" is alle ruimtes met—

(i) binnebrandmasjinerie vir hoofaandrywing, of vir ander doeleindes waar sodanige masjinerie gesamentlik 'n kraglewering het van nie minder nie as 373 kW; of

(ii) enige oliegestookte ketel of oliebrandstofeenheid, en kokers na sulke ruimtes.

(p) "Masjinerieruimtes" sluit in alle masjinerieruimtes van kategorie A en alle ander ruimtes met aandrywingsmasjinerie, stoomketels, oliebrandstofeenhede, stoom- en binnebrandenjins, kragopwekkers en groter elektriese masjinerie, olievulstasies, verkoelings-, stabiliserings-, ventilerings- en lugversorgingsmasjinerie en soortgelyke ruimtes en kokers na sulke ruimtes.

(q) "Oliebrandstofeenheid" beteken die toerusting vir die bereiding van oliebrandstof vir voorsiening aan 'n oliegestookte ketel, of toerusting vir die bereiding van verhitte olie vir voorsiening aan 'n binnebrandmasjien, en sluit enige oliedrukpompe, filters en verwarmers in wat te doen het met olie teen 'n druk van meer as 1,8 kilogram per vierkante sentimeter (25 pond per vierkante duim).

(r) "Beheerposte" is die ruimtes waarin die skip se radio- of hoofnavigasietoerusting of die noodkragbron geleë is, of waar die brandverkliktoerusting of brandbeheerapparaat gesentreer is.

(s) "Kamers met meubels en toebehore met beperkte brandrisiko" is, vir die doeleindes van Regulasie 20 van hierdie Hoofstuk, daardie vertrekke met meubels en toebehore met beperkte brandrisiko (of dit nou ook al kajuite, openbare ruimtes, kantore of ander soorte akkommodasie is) waarin—

(i) alle omslote meubels soos lessenaars, hangkaste, kleedtafels, skryftafels en aanhegte geheel en al van onbrandbare stowwe gemaak is, behalwe dat 'n brandbare fineer van nie dikker as 2 millimeter ($\frac{1}{12}$ duim) nie gebruik kan word vir die werkoppervlaktes van sodanige artikels;

(ii) alle vrystaande meubels soos stoele, sofas en tafels raamwerke van onbrandbare stowwe het;

(iii) alle draperings, gordyne en ander hangende tekstielstowwe tot bevrediging van die Administrasie weerstandseienskappe teen die verspreiding van vlamme het wat nie minder is as dié van wol wat 0,8 kilogram per vierkante meter (24 onse per vierkante jaart) weeg nie;

(k) "Public Spaces" are those portions of the accommodation which are used for halls, dining rooms, lounges and similar permanently enclosed spaces.

(l) "Service Spaces" are those used for galleys, main pantries, stores (except isolated pantries and lockers), mail and specie rooms, workshops other than those forming part of machinery spaces, and similar spaces and trunks to such spaces.

(m) "Cargo Spaces" are all spaces used for cargo (including cargo oil tanks) and trunks to such spaces.

(n) "Special Category Spaces" are those enclosed spaces above or below the bulkhead deck intended for the carriage of motor vehicles with fuel in their tanks for their own propulsion, into and from which such vehicles can be driven and to which passengers have access.

(o) "Machinery Spaces of Category A" are all spaces which contain—

(i) internal combustion type machinery used either for main propulsion purposes, or for other purposes where such machinery has in the aggregate a total power output of not less than 373 kW; or

(ii) any oil-fired boiler or oil fuel unit; and trunks to such spaces.

(p) "Machinery Spaces" are all machinery spaces of Category A and all other spaces containing propelling machinery, boilers, oil fuel units, steam and internal combustion engines, generators and major electrical machinery, oil filling stations, refrigerating, stabilizing, ventilation and air conditioning machinery, and similar spaces; and trunks to such spaces.

(q) "Oil Fuel Unit" means the equipment used for the preparation of oil fuel for delivery to an oil-fired boiler, or equipment used for the preparation for delivery of heated oil to an internal combustion engine, and includes any oil pressure pumps, filters and heaters dealing with oil at a pressure more than 1,8 kilogrammes per square centimetre (25 pounds per square inch) gauge.

(r) "Control Stations" are those spaces in which the ship's radio or main navigating equipment or the emergency source of power is located or where the fire recording or fire control equipment is centralized.

(s) "Rooms containing Furniture and Furnishings of Restricted Fire Risk" are, for the purpose of Regulation 20 of this Chapter, those rooms containing furniture and furnishings of restricted fire risk (whether cabins, public spaces, offices or other types of accommodation) in which—

(i) all case furniture such as desks, wardrobes, dressing tables, bureaux, dressers, is constructed entirely of approved non-combustible materials, except that a combustible veneer not exceeding 2 millimetres ($^1/_{12}$ inch) may be used on the working surface of such articles;

(ii) all free-standing furniture such as chairs, sofas, tables, is constructed with frames of non-combustible materials;

(iii) all draperies, curtains and other suspended textile materials have, to the satisfaction of the Administration, qualities of resistance to the propagation of flame not inferior to those of wool weighing 0,8 kilogrammes per square metre (24 ounces per square yard);

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(iv) alle vloerbedekkings tot bevrediging van die Administrasie weerstandseienskappe teen die verspreiding van vlamme het wat nie minder is as dié van 'n soortgelyke wolmateriaal wat vir dieselfde doel gebruik word nie; en

(v) alle blootgestelde oppervlaktes van beskotte, voerings en plafonne lae vlamverspreidingseienskappe het.

(t) "Beskotdek" is die heel boonste dek tot waar die waterdigte dwarsbeskotte opgetrek is.

(u) "Ladingsgewig" is die verskil in metrieke ton tussen die verplasing van 'n skip in water met 'n soortlike gewig van 1,025 by die waterlaslyn wat ooreenkom met die aangeduide somervryboord, en die liggewig van die skip.

(v) "Liggewig" is die verplasing van 'n skip in metrieke ton sonder vrag, brandstof, smeerolie, ballaswater, varswater en toevoerwater in tenks, verbruikbare voorrade, tesame met passasiers, en bemanning en hulle besittings.

(w) "Kombinasiedraer" is 'n tenkskip wat ontwerp is om olie, of so nie, soliede vragte, in grootmaat te vervoer.

REGULASIE 4

Brandbeheerplanne

In alle nuwe en bestaande skepe moet daar as handleiding vir die skeepsoffisiere permanent planne uitgestal word van die algemene uitleg wat duidelik vir elke dek aandui: die onderskeie brandseksies omsluit deur Klas "A"-verdelings, die seksies omsluit deur Klas "B"-verdelings (as daar is), tesame met besonderhede van brandalarms, verklikstelsels, die sproei-installasie (as daar is), die brandblusapparaat, toegangsweë tot die onderskeie kompartemente, dekke, ens. en die ventileringstelsel insluitend besonderhede aangaande die waaierbeheerposisies, die posisie van dempers en identifikasienommers van die ventileringswaaiers wat elke seksie bedien. As alternatief, na die oordeel van die Administrasie, kan voorgenoemde besonderhede in 'n boekie uiteengesit word, waarvan 'n kopie aan elke offisier uitgereik moet word en waarvan een kopie te alle tye aan boord op 'n toeganklike plek beskikbaar moet wees. Planne en boekies moet bygewerk word en enige wysigings moet so gou doenlik daarop aangebring word. Beskrywings op sodanige planne en in sodanige boekies moet in die landstaal wees. Indien die taal nie Engels of Frans is nie, moet daar 'n vertaling in een van hierdie twee tale ingesluit wees. Hierby moet instruksies vir die onderhoud en gebruik van alle toerusting en installasies aan boord vir die bestryding en afsluiting van brande in een band gehou word, maklik beskikbaar in 'n toeganklike posisie.

REGULASIE 5

Pompe, watertoevoerpype, brandkrane en brandslange

(a) *Totale vermoë van brandpompe.*

(i) In 'n passasierskip moet die vereiste brandpompe in staat wees om teen die toepaslike druk soos hieronder voorgeskryf, vir brandbestrydingsdoeleindes minstens twee derdes soveel water te lewer as wat die lenspompe moet behartig wanneer hulle vir lenspomping gebruik word.

(ii) In 'n vragskip moet die vereiste brandpompe, behalwe die noodpomp (as daar een is), in staat wees

(iv) all floor coverings have, to the satisfaction of the Administration, qualities of resistance to the propagation of flame not inferior to those of an equivalent woollen material used for the same purpose; and

(v) all exposed surfaces of bulkheads, lining and ceilings have low flamespread characteristics.

(t) "Bulkhead deck" is the uppermost deck up to which the transverse watertight bulkheads are carried.

(u) "Deadweight" is the difference in metric tons between the displacement of a ship in water of a specific gravity of 1,025 at the load water line corresponding to the assigned summer freeboard and the lightweight of the ship.

(v) "Lightweight" is the displacement of a ship in metric tons without cargo, fuel, lubricating oil, ballast water, fresh water and feedwater in tanks, consumable stores, together with passengers, and crew and their effects.

(w) "Combination carrier" is a tanker designed to carry oil or alternatively solid cargoes in bulk.

REGULATION 4

Fire control plans

There shall be permanently exhibited in all new and existing ships for the guidance of the ship's officers general arrangement plans showing clearly for each deck the control stations, the various fire sections enclosed by "A" Class divisions, the sections enclosed by "B" Class divisions (if any), together with particulars of the fire alarms, detecting systems, the sprinkler installation (if any), the fire-extinguishing appliances means of access to different compartments, decks, etc. and the ventilating system including particulars of the fan control positions, the position of dampers and identification numbers of the ventilating fans serving each section. Alternatively, at the discretion of the Administration, the aforementioned details may be set out in a booklet, a copy of which shall be supplied to each officer, and one copy at all times shall be available on board in an accessible position. Plans and booklets shall be kept up to date, any alterations being recorded thereon as soon as practicable. Description in such plans and booklets shall be in the national language. If the language is neither English nor French, a translation into one of those languages shall be included. In addition, instructions concerning the maintenance and operation of all the equipment and installations on board for the fighting and containment of fire shall be kept under one cover, readily available in an accessible position.

REGULATION 5

Fire pumps, fire mains, hydrants and hoses

(a) *Total capacity of fire pumps.*

(i) In a passenger ship, the required fire pumps shall be capable of delivering for fire-fighting purposes a quantity of water, at the appropriate pressure prescribed below, not less than two-thirds of the quantity required to be dealt with by the bilge pumps when employed for bilge pumping.

(ii) In a cargo ship, the required fire pumps, other than the emergency pump (if any), shall be capable

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

om teen die toepaslike voorgeskrewe druk, vir brandbestrydingsdoeleindes minstens vier derdes soveel water te lewer as wat ooreenkomstig Regulasie 18 van Hoofstuk II-1 deur elk van die onafhanklike lenspompe in 'n passasierskip van dieselfde afmetings behartig moet word wanneer hy vir lenspomping gebruik word; met dien verstande dat die totale vereiste vermoë van die brandpompe egter nie 180 ton per uur te bowe hoef te gaan nie.

(b) *Brandpompe.*

(i) Die brandpompe moet onafhanklik aangedryf word. Sanitêre-, ballas-, lens- of algemene dienspompe kan as brandpompe aanvaar word, mits hulle nie normaalweg vir die pomp van olie gebruik word nie en mits geskikte omskakelingsinrigtings aangebring is in gevalle waar hulle straks af en toe aangewend word om brandolie oor te voer of te pomp.

(ii) (1) By passasierskepe met meer as 36 passasiers moet elk van die vereiste brandpompe 'n kapasiteit hê van nie minder nie as 80 persent van die totale vereiste kapasiteit gedeel deur die minimum getal vereiste brandpompe, en elke sodanige pomp moet in elk geval in staat wees om minstens die vereiste twee strale water te lewer. Hierdie brandpompe moet in staat wees om die brandtoevoerstelsel in die vereiste toestande te voorsien.

Waar daar meer pompe as die vereiste minimum aantal geïnstalleer word, moet die kapasitiet van sodanige bykomende pompe tot bevrediging van die Administrasie wees.

(2) By alle ander soorte skepe moet elk van die vereiste brandpompe (behalwe 'n noodpomp wat ingevolge Regulasie 52 van hierdie Hoofstuk vereis word), 'n kapasiteit hê van minstens 80 persent van die totale vereiste vermoë gedeel deur die getal vereiste brandpompe en moet hulle in staat wees om die brandtoevoerstelsel in die vereiste toestande te voorsien. Waar daar meer pompe as die vereiste minimum aantal geïnstalleer word, moet die kapasiteit van sodanige bykomende pompe tot bevrediging van die Administrasie wees.

(iii) Alle brandpompe moet met ontlaskleppe toegerus word indien die pompe 'n groter druk kan ontwikkel as die ontwerpdruk van die watertoevoerpype, brandkrane en brandslange. Hierdie kleppe moet so geleë en ingestel wees dat oormatige druk in enige gedeelte van die hoofbrandnet voorkom sal word.

(c) *Druk in die hoofbrandpyp.*

(i) Die middellyn van die hoofbrandpyp en watertoevoerpype moet voldoende wees vir die doeltreffende verspreiding van die maksimum vereiste lewering uit twee brandpompe wat gelyktydig werk, maar in die geval van vragskepe hoef die deursnee slegs voldoende te wees vir die uitlating van 140 kubieke meter per uur.

(ii) Wanneer die twee pompe gelyktydig deur spuitstukke gespesifiseer in paragraaf (g) van hierdie Regulasie die hoeveelheid water vermeld in subparagraaf (i) van hierdie paragraaf deur aangrensende brandkrane lewer, moet die volgende minimum drukkings by alle brandkrane gehandhaaf word:

Passasierskepe:

4 000 ton bruto tonnemaat en meer	3,2 kilogram per vierkante sentimeter (45 pond per vierkante duim).
1 000 ton bruto tonnemaat en meer, maar minder as 4 000 ton bruto tonnemaat	2,8 kilogram per vierkante sentimeter (40 pond per vierkante duim).
Minder as 1 000 ton bruto tonnemaat	Tot tevredenheid van die Administrasie.

of delivering for fire-fighting purposes a quantity of water, at the appropriate pressure prescribed, not less than four-thirds of the quantity required under Regulation 18 of Chapter II—1 to be dealt with by each of the independent bilge pumps in a passenger ship of the same dimensions when employed on bilge pumping, provided that in no cargo ship need the total required capacity of the fire pumps exceed 180 cubic metres per hour.

(b) *Fire pumps.*

(i) The fire pumps shall be independently driven. Sanitary, ballast, bilge or general service pumps may be accepted as fire pumps, provided that they are not normally used for pumping oil and that if they are subject to occasional duty for the transfer or pumping of fuel oil, suitable change-over arrangements are fitted.

(ii) (1) In passenger ships carrying more than 36 passengers, each of the required fire pumps shall have a capacity not less than 80 per cent of the total required capacity divided by the minimum number of required fire pumps and each such pump shall in any event be capable of delivering at least the two required jets of water. These fire pumps shall be capable of supplying the fire main system under the required conditions.

Where more pumps than the minimum of required pumps are installed the capacity of such additional pumps shall be to the satisfaction of the Administration.

(2) In all other types of ships, each of the required fire pumps (other than any emergency pump required by Regulation 52 of this Chapter) shall have a capacity not less than 80 per cent of the total required capacity divided by the number of required fire pumps, and shall in any event be capable of supplying the fire main system under the required conditions.

Where more pumps than required are installed their capacity shall be to the satisfaction of the Administration.

(iii) Relief valves shall be provided in conjunction with all fire pumps if the pumps are capable of developing a pressure exceeding the design pressure of the water service pipes, hydrants and hoses. These valves shall be so placed and adjusted as to prevent excessive pressure in any part of the fire main system.

(c) *Pressure in the fire main.*

(i) The diameter of the fire main and water service pipes shall be sufficient for the effective distribution of the maximum required discharge from two fire pumps operating simultaneously, except that in the case of cargo ships the diameter need only be sufficient for the discharge of 140 cubic metres per hour.

(ii) With the two pumps simultaneously delivering through nozzles specified in paragraph (g) of this Regulation the quantity of water specified in subparagraph (i) of this paragraph, through any adjacent hydrants, the following minimum pressures shall be maintained at all hydrants:

Passenger ships:

4 000 tons gross tonnage and upwards	3,2 kilogrammes per square centimetre (45 pounds per square inch).
1 000 tons gross tonnage and upwards but under 4 000 tons gross tonnage	2,8 kilogrammes per square centimetres (40 pounds per square inch).
Under 1 000 tons gross tonnage	To the satisfaction of the Administration.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Vragskepe:

6 000 ton bruto tonnemaat en meer	2,8 kilogram per vierkante sentimeter (40 pond per vierkante duim).
1 000 ton bruto tonnemaat en meer, maar minder as 6 000 ton bruto tonnemaat	2,6 kilogram per vierkante sentimeter (37 pond per vierkante duim).
Minder as 1 000 ton bruto tonnemaat	Tot tevredenheid van die Administrasie.

(d) *Getal brandkrane en hul posisies.*

Die getal en posisies van brandkrane moet sodanig wees dat minstens twee strale water wat nie uit dieselfde brandkraan kom nie en waarvan een uit 'n enkele stuk slang afkomstig is, enige deel van die skip kan bereik wat normaalweg vir die passasiers of bemanning toeganklik is terwyl die skip besig is om te vaar.

(e) *Pype en brandkrane.*

(i) Materiaal wat geredelik deur hitte ondoeltreffend gemaak word, mag nie vir hoofbrandpype gebruik word nie, tensy dit behoorlik beskerm is. Die pype en brandkrane moet so geleë wees dat die brandslange maklik aan hulle gekoppel kan word. Op skepe waarin dekvrag vervoer kan word, moet die brandkrane so geleë wees dat hulle altyd geredelik toeganklik is en moet die pype vir sover doenlik so geplaas wees dat gevaar van beskadiging deur sodanige vrag vermy word. Tensy een brandslang en spuitstuk vir elke brandkraan op die skip verskaf word, moet daar volkome verwisselbaarheid van slangekoppelings en spuitstukke wees.

(ii) 'n Kraan of klep moet geïnstalleer wees om elke brandslang te bedien sodat enige brandslang verwyder kan word terwyl die brandpompe werk.

(f) *Brandslange.*

Brandslange moet van materiaal vervaardig wees wat deur die Administrasie goedgekeur is en moet lank genoeg wees om 'n straal water te spuit tot in enige van die ruimtes waarin dit nodig mag wees om hulle te gebruik. Hulle maksimum lengte moet die goedkeuring van die Administrasie wegdra. Elke slang moet met 'n spuitstuk en die nodige koppelinge toegerus wees. Slange wat in hierdie Hoofstuk as "brandslange" aangedui word, moet saam met die nodige toebehore en gereedskap, op opvallende plekke naby die watertoevoerbrandkrane of verbindings gereed vir gebruik gehou word. Hierby moet brandslange op passasierskepe met meer as 36 passasiers te alle tye aan die brandkrane gekoppel wees in die binneruimtes.

(g) *Spuitstukke.*

(i) Vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk moet die standaardgroottes van spuitstukke 12 millimeter (½ duim), 16 millimeter (⅝ duim) en 19 millimeter (¾ duim) of so na as moontlik daaraan wees. Spuitstukke met 'n groter deursnee kan na goeddunke deur die Administrasie toegelaat word.

(ii) Vir akkommodasie- en diensruimtes is dit nie nodig om 'n spuitstuk met 'n deursnee van meer as 12 millimeter (½ duim) te gebruik nie.

(iii) Vir masjinerieruimtes en buiteplekke moet die grootte van die spuitstukke sodanig wees dat daar vanaf die kleinste pomp die groots moontlike hoeveelheid water deur twee strale teen die drukking vermeld in paragraaf (c) van hierdie Regulasie gelewer sal word; met dien verstande dat 'n spuitstukgrootte van meer as 19 millimeter (¾ duim) nie gebruik hoef te word nie.

Cargo ships:

6 000 tons gross tonnage and upwards	2,8 kilogrammes per square centimetre (40 pounds per square inch).
1 000 tons gross tonnage and upwards but under 6 000 tons gross tonnage	2,6 kilogrammes per square centimetre (37 pounds per square inch).
Under 1 000 tons gross tonnage	To the satisfaction of the Administration.

(d) *Number and position of hydrants.*

The number and position of the hydrants shall be such that at least two jets of water not emanating from the same hydrant, one of which shall be from a single length of hose, may reach any part of the ship normally accessible to the passengers or crew while the ship is being navigated.

(e) *Pipes and hydrants.*

(i) Materials readily rendered ineffective by heat shall not be used for fire mains and hydrants unless adequately protected. The pipes and hydrants shall be so placed that the fire hoses may be easily coupled to them. In ships where deck cargo may be carried, the positions of the hydrants shall be such that they are always readily accessible and the pipes shall be arranged as far as practicable to avoid risk of damage by such cargo. Unless there is provided one hose and nozzle for each hydrant in the ship, there shall be complete interchangeability of hose couplings and nozzles.

(ii) A cock or valve shall be fitted to serve each fire hose so that any fire hose may be removed while the fire pumps are at work.

(f) *Fire hoses.*

Fire hoses shall be of material approved by the Administration and sufficient in length to project a jet of water to any of the spaces in which they may be required to be used. Their maximum length shall be to the satisfaction of the Administration. Each hose shall be provided with a nozzle and the necessary couplings. Hoses specified in this Chapter as "fire hoses" shall together with any necessary fittings and tools be kept ready for use in conspicuous positions near the water service hydrants or connections. Additionally in interior locations in passenger ships carrying more than 36 passengers, fire hoses shall be connected to the hydrants at all times.

(g) *Nozzles.*

(i) For the purposes of this Chapter, standard nozzle sizes shall be 12 millimetres (½ inch), 16 millimetres (⅝ inch) and 19 millimetres (¾ inch) or as near thereto as possible. Larger diameter nozzles may be permitted at the discretion of the Administration.

(ii) For accommodation and service spaces, a nozzle size greater than 12 millimetres (½ inch) need not be used.

(iii) For machinery spaces and exterior locations, the nozzle size shall be such as to obtain the maximum discharge possible from two jets at the pressure mentioned in paragraph (c) of this Regulation from the smallest pump, provided that a nozzle size greater than 19 millimetres (¾ inch) need not be used.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(iv) Vir masjinerieruimtes of in dergelike ruimtes waar die risiko van oliestorting bestaan, moet die spuitstukke geskik wees vir die spuit van water op olie, of anders moet hulle van die dubbeldoeltipe wees.

(h) *Internasionale landaansluiting.*

Die standaardafmeting van flense vir die internasionale landaansluiting wat ingevolge hierdie Hoofstuk op die skip geïnstalleer moet word, moet met die volgende tabel strook:

Beskrywing	Grootte
Buitedeursnee.....	178 millimeter (7 duim).
Binnedeursnee.....	64 millimeter (2½ duim).
Boutsirkeldeursnee.	132 millimeter (5¼ duim).
Gleuwe in flens....	4 gate 19 millimeter (¾ duim) in deursnee ewe ver van mekaar gespasieer op 'n boutsirkel van bogenoemde omvang, gegleuf tot by die flensperiferie.
Flensdikte.....	14,5 millimeter (9/16 duim) minimum.
Boute en moere....	4, elk 16 millimeters (⅝ duim) dik en 50 millimeter (2 duim) lank.

Die koppelstuk moet vervaardig wees van materiaal wat geskik is vir gebruik onder 'n drukking van 10,5 kilogram per vierkante sentimeter (150 pond per vierkante duim). Die flens moet aan die een kant plat wees en aan die ander kant 'n permanente bevestigde koppeling hê wat op die skip se brandkraan en -slang pas. Die koppelstuk, tesame met 'n pakstuk van materiaal wat geskik is om gebruik te word onder 'n drukking van 10,5 kilogram per vierkante sentimeter (150 pond per vierkante duim), asook vier boute van 16 millimeter (⅝ duim) dik en 50 millimeter (2 duim) lank en agt wasters moet aan boord van die skip gehou word.

REGULASIE 6

Algemene items

(a) Indien elektriese verwarmers gebruik word, moet hulle vas geïnstalleer wees op 'n wyse wat brandrisiko tot 'n minimum sal beperk. Sodanige verwarmers mag nie 'n element hê wat so blootgestel is dat klerasie, gordyne en ander dergelike stowwe geskroei kan word of aan die brand kan raak van die element se hitte nie.

(b) Films met 'n sellulose-nitraatbasis mag nie vir kinematografiese installasies gebruik word nie.

REGULASIE 7

Brandblussers

(a) Alle brandblussers moet van goedgekeurde tipes en ontwerpe wees.

(i) Die inhoudsvermoë van vereiste draagbare vloeistofblussers moet hoogstens 13½ liter (3 gelling) en minstens 9 liter (2 gelling) wees. Ander blussers moet nie die ekwivalente draagbaarheid van die vloeistofblusser van 13½ liter (3 gelling) oorskry nie en hul blusvermoë moet nie minder wees as die brandblus-ekwivalent van 'n vloeistofblusser van 9 liter (2 gelling) nie.

(ii) Die Administrasie moet die ekwivalente van brandblussers bepaal.

(iv) For machinery spaces or in similar spaces where the risk of spillage of oil exists, the nozzles shall be suitable for spraying water on oil or alternatively shall be of a dual purpose type.

(h) *International shore connection.*

Standard dimensions of flanges for the international shore connection required in this Chapter to be installed in the ship shall be in accordance with the following table:

Description	Dimension
Outside diameter...	178 millimetres (7 inches).
Inner diameter.....	64 millimetres (2½ inches).
Bolt circle diameter	132 millimetres (5¼ inches).
Slots in flange.....	4 holes 19 millimetres (¾ inch) in diameter equidistantly placed on a bolt circle of the above diameter, slotted to the flange periphery.
Flange thickness....	14,5 millimetres(9/16 inch) minimum.
Bolts and nuts.....	4, each of 16 millimetres (⅝ inch) diameter, 50 millimetres (2 inches) in length.

The connection shall be constructed of material suitable for 10,5 kilogrammes per square centimetre (150 pounds per square inch) service. The flange shall have a flat face on one side and the other shall have permanently attached thereto a coupling that will fit the ship's hydrant and hose. The connection shall be kept aboard the ship together with a gasket of any material suitable for 10,5 kilogrammes per square centimetre (150 pounds per square inch) service, together with four 16 millimetre (⅝ inch) bolts, 50 millimetres (2 inches) in length and eight washers.

REGULATION 6

Miscellaneous items

(a) Electric radiators, if used, shall be fixed in position and so constructed as to reduce fire risks to a minimum. No such radiators shall be fitted with an element so exposed that clothing, curtains, or other similar materials can be scorched or set on fire by heat from the element.

(b) Cellulose-nitrate based films shall not be used for cinematograph installations.

REGULATION 7

Fire extinguishers

(a) All fire extinguishers shall be of approved types and designs.

(i) The capacity of required portable fluid extinguishers shall be not more than 13,5 litres (3 gallons) and not less than 9 litres (2 gallons). Other extinguishers shall not be in excess of the equivalent portability of the 13,5 litre (3 gallons) fluid extinguisher and shall not be less than the fire-extinguishing equivalent of a 9 litre (2 gallons) fluid extinguisher.

(ii) The Administration shall determine the equivalents of fire extinguishers.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(b) Reserweladings moet voorsien word ooreenkomstig die vereistes wat deur die administrasie gespesifiseer moet word.

(c) Brandblussers wat 'n blusmiddel bevat wat na die mening van die Administrasie òf op sigself òf in verwagte gebruikstoestande giftige gas in so 'n mate vrystel dat dit mense in gevaar stel, mag nie toegelaat word nie.

(d) 'n Draagbare skuimaanwendingseenheid moet bestaan uit 'n induktor-tipe lug-skuimspuitstuk wat deur middel van 'n brandslang aan die brandtoevoerpyp gekonnekteer kan word, tesame met 'n draagbare tenk met minstens 20 liter (4½ gelling) skuimmiddel en een reserwetenk. Die spuitstuk moet in staat wees om doeltreffende skuim wat geskik is om oliebrande te blus, teen 'n tempo van minstens 1,5 kubieke meter (53 kubieke voet) per minuut te spuit.

(e) Brandblussers moet periodiek ondersoek en aan sodanige toetse onderwerp word as wat die Administrasie vereis.

(f) Een van die draagbare brandblussers wat vir gebruik in 'n ruimte bedoel is, moet naby die ingang na daardie ruimte gebêre word.

REGULASIE 8

Vaste gas-brandblusstelsels

(a) Die gebruik van 'n brandblusmiddel wat na die mening van die Administrasie òf op sigself òf in verwagte gebruikstoestande giftige gas in so 'n mate vrystel dat dit mense in gevaar stel, mag nie toegelaat word nie.

(b) Waar daar voorsiening gemaak word vir die inspuiting van gas vir brandblusdoeleindes, moet die nodige pype vir die toevoer van die gas voorsien wees van kontrolekleppe en krane wat so gemerk is dat dit duidelik is na watter kompartemente die pype loop. Geskikte voorsiening moet gemaak word om te verhoed dat die gas per ongeluk in enige afdeling vrygestel word. Waar 'n vragruimte wat met sodanige brandbeskermingstelsel toegerus is as passasiersruimte gebruik word, moet die gasaansluiting vir die duur van sodanige benutting afgedig wees.

(c) Die pype moet so ingerig wees dat die brandblussingsgas doeltreffend versprei sal word.

(d) (i) Wanneer kooldioksied as die blusmiddel in vragruimtes gebruik word, moet voldoende gas beskikbaar wees om vrye gas te lewer met 'n volume gelyk aan minstens 30 persent van die bruto volume van die grootste vragafdeling in die skip wat verseëlbaar is.

(ii) Wanneer kooldioksied gebruik word as 'n blusmiddel vir masjinerieruimtes van Kategorie A, moet die hoeveelheid beskikbare gas voldoende wees om 'n hoeveelheid vrye gas te lewer wat gelyk is aan minstens die grootste van die volgende hoeveelhede, naamlik:

(1) 40 persent van die bruto volume van die grootste ruimte, en hierdie volume moet die hulsel insluit tot op die hoogte waar die horisontale oppervlakte van die hulsel 40 persent of minder is van diè van die betrokke ruimte gemeet vanaf halfpad tussen die tenk se bokant en die laagste deel van die hulsel; of

(2) 35 persent van die hele volume van die grootste ruimte met inbegrip van die hulsel:

(b) Spare charges shall be provided in accordance with requirements to be specified by the Administration.

(c) Fire extinguishers containing an extinguishing medium which, in the opinion of the Administration, either by itself or under expected conditions of use gives off toxic gases in such quantities as to endanger persons shall not be permitted.

(d) A portable froth applicator unit shall consist of an inductor type of airfroth nozzle capable of being connected to the fire main by a fire hose, together with a portable tank containing at least 20 litres (4½ gallons) of froth-making liquid and one spare tank. The nozzle shall be capable of producing effective froth suitable for extinguishing an oil fire, at the rate of at least 1,5 cubic metres (53 cubic feet) per minute.

(e) Fire extinguishers shall be periodically examined and subjected to such tests as the Administration may require.

(f) One of the portable fire extinguishers intended for use in any space shall be stowed near the entrance to that space.

REGULATION 8

Fixed gas fire-extinguishing systems

(a) The use of a fire-extinguishing medium which, in the opinion of the Administration, either by itself or under expected conditions of use gives off toxic gases in such quantities as to endanger persons shall not be permitted.

(b) Where provision is made for the injection of gas for fire-extinguishing purposes, the necessary pipes for conveying the gas shall be provided with control valves or cocks so marked as to indicate clearly the compartments to which the pipes are led. Suitable provision shall be made to prevent inadvertent admission of the gas to any compartment. Where cargo spaces fitted with such a system for fire protection are used as passenger spaces the gas connection shall be blanked during such use.

(c) The piping shall be arranged so as to provide effective distribution of fire-extinguishing gas.

(d) (i) When carbon dioxide is used as the extinguishing medium in cargo spaces, the quantity of gas available shall be sufficient to give a minimum volume of free gas equal to 30 per cent of the gross volume of the largest cargo compartment in the ship which is capable of being sealed.

(ii) When carbon dioxide is used as an extinguishing medium for machinery spaces of Category A the quantity of gas carried shall be sufficient to give a minimum quantity of free gas equal to the larger of the following quantities, either—

(1) 40 per cent of the gross volume of the largest space, the volume to include the casing up to the level at which the horizontal area of the casing is 40 per cent or less of the horizontal area of the space concerned taken midway between the tank top and the lowest part of the casing; or

(2) 35 per cent of the entire volume of the largest space including the casing:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Met dien verstande dat bovermelde persentasies verminder kan word tot onderskeidelik 35 persent en 30 persent vir vragskepe van minder as 2 000 ton bruto tonnemaat: Met dien verstande voorts dat indien twee of meer masjinerieruimtes van Kategorie A nie geheel en al afsonderlik van mekaar is nie, hulle geag word een afdeling uit te maak.

(iii) Waar die volume vrye lug in lugvergaartenks binne enige masjinerieruimte van Kategorie A sodanig is dat dit, indien dit tydens 'n brand in so 'n ruimte vrygelaat word, die doeltreffendheid van die vaste brandblusinstallasie ernstig sal raak, moet die Administrasie die voorsiening van 'n bykomende hoeveelheid kooldioksied vereis.

(iv) Wanneer kooldioksied gebruik word as die blusmiddel vir vragruimtes en vir masjinerieruimtes van Kategorie A, hoef die hoeveelheid gas nie meer te wees as die maksimum wat vir die grootste vragruimte of masjinerieruimtes vereis word nie.

(v) Vir die doeleindes van hierdie paragraaf moet die volume van die kooldioksied bereken word teen 0,56 kubieke meter in 'n kilogram (9 kubieke voet per pond).

(vi) Wanneer kooldioksied gebruik word as die blusmiddel vir masjinerieruimtes van Kategorie A, moet die vaste toevoerstelsel sodanig wees dat 85 persent van die gas binne 2 minute in die ruimte vrygestel kan word.

(vii) Kamers vir die berging van kooldioksiedhouers moet op 'n veilige en maklik bereikbare plek wees en moet doeltreffend geventileer wees tot bevrediging van die Administrasie. Enige ingang tot sodanige bergingskamer moet verkieslik op die oop dek wees, en moet in elk geval afgesonder wees van die ruimte wat beskerm word. Toegangsdeure moet gasdig wees en beskotte en dekke wat grense van sodanige kamers vorm, moet gasdig en toereikend geïsoleer wees.

(e) (i) Waar ander gas as kooldioksied of stoom soos toegelaat ooreenkomstig paragraaf (f) van hierdie regulasie, op die skip geproduseer en as blusmiddel gebruik word, moet dit 'n gasproduk van brandstofverbranding wees waarvan die suurstofinhoud, die koolstofmonoksiedinhoud, die korrosie-elemente en enige soliede brandbare elemente tot 'n toelaatbare minimum verminder is.

(ii) Waar sodanige gas gebruik word as die blusmiddel in 'n vaste brandblusstelsel vir die beskerming van masjinerieruimtes van Kategorie A, moet dit beskerming verleen wat gelykstaan met dié van 'n vaste kooldioksiedstelsel.

(iii) Waar sodanige gas gebruik word as die blusmiddel in 'n vaste brandblusstelsel vir die beskerming van vragruimtes, moet 'n voldoende hoeveelheid van sodanige gas beskikbaar wees om uurliks 'n volume gas ten minste gelyk aan 25 persent van die bruto volume van die grootste kompartement wat op hierdie wyse beskerm word, vir 'n tydperk van 72 uur.

(f) Normaalweg moet die Administrasie nie die gebruik van stoom as 'n brandblusmiddel in vaste brandblusstelsels van nuwe skepe toelaat nie. Waar die Administrasie wel die gebruik van stoom toelaat, kan dit net in beperkte gebiede as bykomend tot die vereiste brandblusmiddel gebruik word op voorwaarde dat die beskikbare ketel of ketels wat die stoom voorsien, 'n verdamping moet hê van minstens 1 kilogram stoom per uur vir elke 0,75 kubieke meter (1 pond stoom per uur per 12 kubieke voet) van die bruto volume

Provided that the above-mentioned percentages may be reduced to 35 per cent and 30 per cent respectively for cargo ships of less than 2 000 tons gross tonnage; provided also that if two or more machinery spaces of Category A are not entirely separate they shall be considered as forming one compartment.

(iii) Where the volume of free air contained in air receivers in any machinery space of Category A is such that, if released in such space in the event of fire, such release of air within that space would seriously affect the efficiency of the fixed fire-extinguishing installation, the Administration shall require the provision of an additional quantity of carbon dioxide.

(iv) When carbon dioxide is used as an extinguishing medium both for cargo spaces and for machinery spaces of Category A the quantity of gas need not be more than the maximum required either for the largest cargo compartment or machinery space.

(v) For the purpose of this paragraph the volume of carbon dioxide shall be calculated at 0,56 cubic metres to the kilogramme (9 cubic feet to the pound).

(vi) When carbon dioxide is used as the extinguishing medium for machinery spaces of Category A the fixed piping system shall be such that 85 per cent of the gas can be discharged into the space within 2 minutes.

(vii) Carbon dioxide bottle storage rooms shall be situated at a safe and readily accessible position and shall be effectively ventilated to the satisfaction of the Administration. Any entrance to such storage rooms shall preferably be from the open deck, and in any case shall be independent of the protected space. Access doors shall be gastight and bulkheads and decks which form the boundaries of such rooms shall be gastight and adequately insulated.

(e) (i) Where gas other than carbon dioxide or steam as permitted by paragraph (f) of this Regulation is produced on the ship and is used as an extinguishing medium, it shall be a gaseous product of fuel combustion in which the oxygen content, the carbon monoxide content, the corrosive elements and any solid combustible elements have been reduced to a permissible minimum.

(ii) Where such gas is used as the extinguishing medium in a fixed fire-extinguishing system for the protection of machinery spaces of Category A it shall afford protection equivalent to that provided by a fixed carbon dioxide system.

(iii) Where such gas is used as the extinguishing medium in a fixed fire-extinguishing system for the protection of cargo spaces a sufficient quantity of such gas shall be available to supply hourly a volume of free gas at least equal to 25 per cent of the gross volume of the largest compartment protected in this way for a period of 72 hours.

(f) In general, the Administration shall not permit the use of steam as a fire-extinguishing medium in fixed fire-extinguishing systems of new ships. Where the use of steam is permitted by the Administration it shall be used only in restricted areas as an addition to the required fire-extinguishing medium and with the proviso that the boiler or boilers available for supplying steam shall have an evaporation of at least 1 kilogramme of steam per hour for each 0,75 cubic metres (1 pound of steam per hour per 12 cubic feet) of the gross volume of the largest space so protected.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

van die grootste sodanige beskermde ruimte. Behalwe om aan die voorgaande vereistes te voldoen, moet die stelsels in alle opsigte wees soos bepaal deur en tot bevrediging van die Administrasie.

(g) Middele moet voorsien word wat outomaties hoorbare waarskuwing gee ten opsigte van die vrystelling van brandblussingsgas in enige ruimte waartoe die personeel normaalweg toegang het. Die alarm moet vir 'n geskikte tydperk werk voordat die gas vrygelaat word.

(h) Die kontroles van enige sodanige gas-brandblussingstelsel moet maklik bereikbaar wees en eenvoudig om mee te werk, en moet op so min plekke as moontlik saamgegroepeer wees in posisies wat waarskynlik nie deur 'n brand in die beskermende ruimte afgesny sal word nie.

REGULASIE 9

Vaste skuim-brandblussingstelsel in masjinerieruimtes

(a) Elke vereiste vaste skuim-brandblussingstelsel in masjinerieruimtes moet in staat wees om deur vaste uitlaatpunte binne hoogstens vyf minute 'n genoegsame hoeveelheid skuim vry te stel om die grootste enkele area waaroor oliebrandstof waarskynlik kan sprei, tot 'n diepte van 150 millimeter (6 duim) te bedek. Die stelsel moet in staat wees om skuim te maak wat geskik is vir die blus van oliebrande. Middele moet voorsien word vir die doeltreffende verspreiding deur 'n permanente pypstelsel en kontrolekleppe en krane na geskikte uitlaatpunte, en vir die skuim om doeltreffend deur vaste sproeiers gerig te word op ander belangrike brandgevare binne die beskermende ruimte. Die uitsettingsverhouding van die skuim moet nie 12 tot 1 oorskry nie.

(b) Die kontroles van enige sodanige stelsels moet maklik bereikaar wees en eenvoudig om mee te werk, en moet op so min plekke as moontlik saamgegroepeer wees in posisies wat nie waarskynlik deur 'n brand in die beskermde ruimte afgesny sal word nie.

REGULASIE 10

Vaste sterkskuimende brandblusstelsels in masjinerieruimtes

PART C—FIRE SAFETY MEASURES FOR PASSENGER SHIPS CARRYING NOT MORE THAN 36 PASSENGERS

REGULATION 35

Structure

(a) The hull, superstructure, structural bulkheads, decks and deckhouses shall be constructed of steel or other equivalent material.

(b) Where fire protection in accordance with paragraph (b) of Regulation 40 of this Chapter is employed, the superstructure may be constructed of, for example, aluminium alloy, provided that—

(i) for the temperature rise of the metallic cores of "A" Class divisions when exposed to the standard fire test, due regard is given to the mechanical properties of the material;

(ii) the Administration is satisfied that the amount of combustible materials used in the relevant part of the ship is suitably reduced; the ceilings (i.e. linings of deck heads) are non-combustible;

(iii) adequate provision is made to ensure that in the event of fire, arrangements for stowage, launching and embarkation into survival craft remain as effective as if the superstructure were constructed of steel;

(iv) crowns and casings of boiler and machinery spaces are of steel construction adequately insulated, and the openings therein, if any, are suitably arranged and protected to prevent spread of fire.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REGULASIE 36

Vertikale hoofsones

(a) Die romp, bobou en dekhuise moet in vertikale hoofsones onderverdeel wees. Trappe en nisse moet tot die minimum beperk word, maar waar hulle nodig is, moet hulle van Klas "A"-verdelings wees.

(b) Sover doenlik moet die beskotte wat die grense van die vertikale hoofsones bo die beskotdek vorm, regoor die waterdigte onderverdelingsbeskotte direk onder die beskotdek wees.

(c) Sodanige beskotte moet van dek tot dek en tot by die buiteromp of ander grense strek.

(d) Op skepe wat vir spesiale doeleindes ontwerp is, soos motorvoertuig- en treinveerbote, waar die installering van sulke beskotte die doel sal verydel waarvoor die skip gebou is, moet dit deur die ekwivalente middele vir die beheer en beperking van 'n brand vervang word wat spesifiek deur die Administrasie goedgekeur word.

REGULASIE 37

Openinge in Klas "A"-verdelings

(a) Waar Klas "A"-verdelings deurdring word vir die deurgang van elektriese kabels, pype, skagte, kanale, ens. vir lêers, balke, of ander strukture, moet maatreëls getref word om te verseker dat die brandweerstand nie belemmer word nie.

(b) Waar 'n ventilasiekanaal noodsaaklikerwys deur 'n vertikale hoofsonebeskot loop, moet 'n faalvrye, outomatiessluitende branddemper aangrensend aan die beskot aangebring word. Die demper moet ook van weerskante van die beskot af met die hand toegemaak kan word. Die beheerposisie moet maklik toeganklik en in 'n rooi weerkaatsende kleur gemerk wees. Die kanaal tussen die beskot en die demper moet van staal of ander ekwivalente materiaal wees, en as dit nodig is volgens 'n isoleringstandaard ooreenkomstig paragraaf (a) van hierdie regulasie. Die demper moet aan minstens een kant van die beskot toegerus wees met 'n sigbare aanwyser wat toon of die demper oop is.

(c) Met die uitsondering van luike tussen vrag-, pak- en bagasieruimtes, en tussen sulke ruimtes en die oop dekke moet alle openinge toegerus wees met permanent-aangehegte sluitmiddele wat ten minste so doeltreffend ten opsigte van brandweerstand is as die verdelings waarin hulle geïnstalleer is.

(d) Die konstruksie van alle deure en kosyne in Klas "A"-verdelings tesame met hulle bevestigingsmiddele wanneer hulle toe is, moet sover doenlik weerstand teen brand sowel as teen die deurgang van rook en vlamme voorsien ekwivalent aan dié van die beskotte waarin hulle geleë is. Waterdigte deure hoef nie geïsoleer te word nie.

(e) Dit moet moontlik wees vir net een persoon om elke deur van weerskante van die beskot af oop en toe te maak.

(f) Branddeure in vertikale hoofsonebeskotte en trapomsluitinge, behalwe waterdigte deure en dié wat normaalweg gesluit is, moet van die selfsluitende tipe wees wat in staat is om toe te gaan teen 'n helling van 3½ grade teenoor die geslote posisie. Alle sodanige deure, behalwe dié wat normaalweg gesluit is, moet in staat wees om gelyktydig in groepe vanaf 'n beheerpos losgelaat te word, of individueel vanaf 'n

REGULATION 36

Main vertical zones

(a) The hull, superstructure and deckhouses shall be subdivided into main vertical zones. Steps and recesses shall be kept to a minimum, but where they are necessary, they shall be of "A" Class divisions.

(b) As far as practicable, the bulkheads forming the boundaries of the main vertical zones above the bulkhead deck shall be in line with watertight subdivision bulkheads situated immediately below the bulkhead deck.

(c) Such bulkheads shall extend from deck to deck and to the shell or other boundaries.

(d) On ships designed for special purposes, such as automobile or railroad car ferries, where installation of such bulkheads would defeat the purpose for which the ship is intended, equivalent means for controlling and limiting a fire shall be substituted and specifically approved by the Administration.

REGULATION 37

Openings in "A" Class divisions

(a) Where "A" Class divisions are pierced for the passage of electric cables, pipes, trunks, ducts, etc., for girders, beams or other structures, arrangements shall be made to ensure that the fire resistance is not impaired.

(b) Where of necessity, a duct passes through a main vertical zone bulkhead, a fail-safe automatic closing fire damper shall be fitted adjacent to the bulkhead. The damper shall also be capable of being manually closed from both sides of the bulkhead. The operating position shall be readily accessible and be marked in red light-reflecting colour. The duct between the bulkhead and the damper shall be of steel or other equivalent material and, if necessary, to an insulating standard such as to comply with paragraph (a) of this Regulation. The damper shall be fitted on at least one side of the bulkhead with a visible indicator showing if the damper is in the open position.

(c) Except for hatches between cargo, store, and baggage spaces, and between such spaces and the weather decks, all openings shall be provided with permanently attached means of closing which shall be at least as effective for resisting fires as the divisions in which they are fitted.

(d) The construction of all doors and door frames in "A" Class divisions, with the means of securing them when closed, shall provide resistance to fire as well as to the passage of smoke and flame as far as practicable equivalent to that of the bulkheads in which the doors are situated. Watertight doors need not be insulated.

(e) It shall be possible for each door to be opened from either side of the bulkhead by one person only.

(f) Fire doors in main vertical zone bulkheads and stairway enclosures, other than power-operated water tight doors and those which are normally locked, shall be of the self-closing type capable of closing against an inclination of 3½ degrees opposing closure. All such doors, except those that are normally closed, shall be capable of release from a control station, either simultaneously or in groups, and also indi-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

posisie by die deur. Die loslatingsmeganisme moet só ontwerp wees dat die deur outomaties sal sluit ingeval van 'n ontwrigting van die beheerstelsel; goedgekeurde kragbeheede waterdigte deure moet egter vir dié doel as aanneemlik beskou word. Vashouerhake wat nie deur die beheerpos losgelaat kan word nie, moet nie toegelaat word nie. Indien dubbelswaaideure toegelaat word moet hulle 'n sluitknipinrigting hê wat outomaties sluit met gebruik van die deurloslatingstelsel.

REGULASIE 38

Brandintegriteit van Klas "A"-verdelings

Waar Klas "A"-verdelings ingevolge hierdie deel vereis word, moet die Administrasie by sy besluit oor die hoeveelheid isolering wat voorsien moet word, gelei word deur die bepalings van Deel B van hierdie Hoofstuk, maar kan hy 'n vermindering van die hoeveelheid isolering ónder dié wat in daardie deel gestipuleer word, aanvaar.

REGULASIE 39

Skeiding van akkommodasieruimtes van masjinerie-, vrag- en diensruimtes

Die grensbeskotte en -dekke wat akkommodasieruimtes skei van masjinerie-, vrag- en diensruimtes moet van Klas "A"-verdelings gebou wees, en hierdie beskotte en dekke moet 'n isoleringswaarde tot bevrediging van die Administrasie hê met inagneming van die aard van die aangrensende ruimtes.

REGULASIE 40

Beveiliging van akkommodasie- en diensruimtes

Die akkommodasie- en diensruimtes moet beskerm word ooreenkomstig die bepalings van òf paragraaf (a) òf (b) van hierdie regulasie.

(a) (i) Binne akkommodasieruimtes moet alle omsluitingsbeskotte, behalwe dié wat volgens vereiste van Klas "A"-verdelings moet wees, gebou wees van Klas "B"-verdelings van onbrandbare materiaal, wat egter met brandbare materiaal ooreenkomstig subparagraaf (iii) van hierdie paragraaf beklee kan wees.

(ii) Alle gangbeskotte moet van dek tot dek strek. Ventilasieopeninge kan toegelaat word in die deure in Klas "B"-beskotte, verkieslik in die onderste deel. Alle ander omsluitingsbeskotte moet vertikaal van dek tot dek strek, en dwars tot by die buiteromp of ander grense, tensy onbrandbare plafonne en bekleding aangebring word wat die brandintegriteit sal verseker, in welke geval die beskotte teen die plafonne of bekleding kan doodloop.

(iii) Behalwe in vrag-, pos- en bagasieruimtes of verkoelde kompartemente van diensruimtes, moet alle bekledings, vloerbedekkings, plafonne en isolering van onbrandbare stowwe wees. Die gesamentlike volume van brandbare belegsels, lyswerk, versierings en fineer in enige akkommodasie- of openbare ruimte moet nie 'n volume te bowe gaan ekwivalent aan 2,54 millimeter (1/10 duim) fineer oor die gekombineerde oppervlakte van die mure en plafonne nie. Alle blootgestelde oppervlaktes in gange of trapomsluitings en in bedekte of ontoeganklike plekke moet lae vlamverspreidingseienskappe hê.*

* Hier word verwys na die *Guidelines on the Evaluation of Fire Hazard Properties of Materials*, soos deur die Organisasie aangeneem by Resolusie A. 166 (ES. IV).

vidually from a position at the door. The release mechanism shall be so designed that the door will automatically close in the event of disruption of the control system; however, approved power-operated watertight doors will be considered acceptable for this purpose. Hold-back hooks, not subject to control station release, will not be permitted. When double swing doors are permitted, they shall have a latch arrangement which is automatically engaged by the operation of the door release system.

REGULATION 38

Fire integrity of "A" Class divisions

Where "A" Class divisions are required under this Part, the Administration, in deciding the amount of insulation to be provided, shall be guided by the provisions of Part B of this Chapter, but may accept a reduction of the amount of insulation below that stipulated by that Part.

REGULATION 39

Separation of accommodation spaces from machinery, cargo and service spaces

The boundary bulkheads and decks separating accommodation spaces from machinery, cargo and service spaces shall be constructed of "A" Class divisions, and these bulkheads and decks shall have an insulation value to the satisfaction of the Administration having regard to the nature of the adjacent spaces.

REGULATION 40

Protection of accommodation and service spaces

The accommodation and service spaces shall be protected in accordance with the provisions of either paragraph (a) or (b) of this Regulation.

(a) (i) Within the accommodation spaces, all enclosure bulkheads other than those required to be of "A" Class divisions, shall be constructed of "B" Class divisions of non-combustible materials, which may, however, be faced with combustible materials in accordance with subparagraph (iii) of this paragraph.

(ii) All corridor bulkheads shall extend from deck to deck. Ventilation openings may be permitted in the doors in "B" Class bulkheads, preferably in the lower portion. All other enclosure bulkheads shall extend from deck to deck vertically, and to the shell or other boundaries transversely, unless non-combustible ceilings or linings such as will ensure fire integrity are fitted, in which case the bulkheads may terminate at the ceilings or linings.

(iii) Except in cargo spaces, mail rooms, baggage rooms, or refrigerated compartments of service spaces, all linings, grounds, ceilings and insulations shall be of non-combustible materials. The total volume of combustible facings, mouldings, decorations and veneers in any accommodation or public space shall not exceed a volume equivalent to 2,54 millimetres (1/10 inch) veneer on the combined area of the walls and ceilings. All exposed surfaces in corridors or stairway enclosures and in concealed or inaccessible spaces shall have low flamespread characteristics.*

* Reference is made to Guidelines on the Evaluation of Fire Hazard Properties of Materials, adopted by the Organization by Resolution A.166 (ES. IV).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(b) (i) Alle gangbeskotte in akkommodasieruimtes moet van staal wees of gebou wees van Klas "B"-panele.

(ii) 'n Goedgekeurde tipe brandverklikstelsel moet aangebring en so gerangskik wees dat dit 'n brand in alle aangewese omslote ruimtes vir die gebruik of diens van passasiers of bemanning (behalwe ruimtes wat geen werklike brandgevaar skep nie) sal opspoor en outomaties by een of meer punte of poste waar dit die vinnigste deur offisiere en bemanning opgemerk kan word, die teenwoordigheid of tekens van 'n brand en die posisie daarvan sal aandui.

REGULASIE 41

*Dekbedekkings**

Primêre dekbedekkings in akkommodasieruimtes, beheerposte, trappe en gange moet van goedgekeurde materiaal wees wat nie maklik ontbrand nie.

REGULASIE 42

Beveiliging van trappe en hysers in akkommodasie- en diensruimtes

(a) Alle trappe en ontsnappingsmiddele in akkommodasie- en diensruimtes moet van staal of ander geskikte materiaal wees.

(b) Passasiers- en dienshyserskagte, vertikale kokers vir lig en lug na passasiersruimtes, ensovoorts moet van Klas "A"-verdelings wees. Deure moet van staal of ander ekwivalente materiaal wees en moet wanneer hulle toe is, brandweerstand bied wat ten minste so doeltreffend is as dié van die skagte waarin hulle geïnstalleer is.

REGULASIE 43

Beveiliging van beheerposte en pakkamers

(a) Beheerposte moet deur Klas "A"-beskotte en dekke van die res van die skip geskei word.

(b) Die grensbeskotte van bagasiekamers, poskamers, pakkamers, verf- en lampsluitkaste, skeepskombuise en dergelike ruimtes moet van Klas "A"-verdelings wees. Ruimtes met hoogs ontvlambare ware moet só geplaas wees dat hulle die gevaar vir die passasiers en bemanning ingeval van 'n brand tot die minimum sal beperk.

REGULASIE 44

Vensters en patryspoorte

(a) Alle vensters en patryspoorte in beskotte wat akkommodasieruimtes van die buitelug skei, moet gebou word met rame wat van staal of ander geskikte materiaal gemaak is. Die glas moet met 'n ruitkraallys van metaal bevestig word.

(b) Alle vensters en patryspoorte in beskotte binne akkommodasieruimtes moet só gebou word dat die integriteitvereistes van die tipe beskot waarin hulle aangebring word, gehandhaaf word.

REGULASIE 45

Ventileringstelsels

Die kragventilering van masjinerieruimtes moet tot stilstand gebring kan word vanaf 'n maklik bereikbare plek buite die masjinerieruimtes.

* Hier word verwys na Improved Provisional Guidelines on Test Procedures for Primary Deck Coverings, soos deur die Organisasie aanvaar by Resolusie A.214 (VII).

(b) (i) All corridor bulkheads in accommodation spaces shall be of steel or be constructed of "B" Class panels.

(ii) A fire detecting system of an approved type shall be installed and so arranged as to detect the presence of fire in all enclosed spaces appropriated to the use or service of passengers or crew (except spaces which afford no substantial fire hazard) and automatically to indicate at one or more points or stations where it can be most quickly observed by officers and crew, the presence or indication of fire and also its location.

REGULATION 41

*Deck coverings**

Primary deck coverings within accommodation spaces, control stations, stairways and corridors shall be of approved material which will not readily ignite.

REGULATION 42

Protection of stairways and lifts in accommodation and service spaces

(a) All stairways and means of escape in accommodation and service spaces shall be of steel or other suitable materials.

(b) Passenger and service lift trunks, vertical trunks for light and air to passenger spaces, etc., shall be of "A" Class divisions. Doors shall be of steel or other equivalent material and when closed shall provide fire resistance at least as effective as the trunks in which they are fitted.

REGULATION 43

Protection of control stations and store-rooms

(a) Control stations shall be separated from the remainder of the ship by "A" Class bulkheads and decks.

(b) The boundary bulkheads of baggage rooms, mail rooms, store-rooms, paint and lamp lockers, galleys and similar spaces shall be of "A" Class divisions. Spaces containing highly inflammable stores shall be so situated as to minimize the danger to passengers or crew in the event of fire.

REGULATION 44

Windows and sidescuttles

(a) All windows and sidescuttles in bulkheads separating accommodation spaces from weather shall be constructed with frames of steel or other suitable material. The glass shall be retained by a metal glazing bead.

(b) All windows and sidescuttles in bulkheads within accommodation spaces shall be constructed so as to preserve the integrity requirements of the type of bulkhead in which they are fitted.

REGULATION 45

Ventilation systems

Power ventilation of machinery spaces shall be capable of being stopped from an easily accessible position outside the machinery spaces.

* Reference is made to Improved Provisional Guidelines on Test Procedures for Primary Deck Coverings, adopted by the Organization by Resolution A.214 (VII).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REGULASIE 46

Konstruksiebesonderhede

(a) Verf, vernis en dergelike preparate met 'n nitrosellulose of ander hoogs ontvlambare basis moet in geen deel van die skip gebruik word nie.

(b) Pype wat deur klas A- of B-verdelings loop, moet van materiaal wees wat deur die Administrasie goedgekeur is, met inagneming van die temperatuur wat sodanige verdelings sal moet weerstaan. Pype waardeur olie of brandbare vloeistowwe gevoer word, moet van 'n materiaal wees wat deur die Administrasie met inagneming van die gevaar van brand goedgekeur is. Materiaal wat geredelik deur hitte ondoeltreffend gemaak word, mag nie gebruik word vir buiteboordse spuipype, sanitêre afvoerpype en ander uitlate wat na aan die waterlyn geleë is en waar faling van die materiaal in die geval van brand die gevaar van oorstroming sou laat ontstaan nie.

(c) In ruimtes met hoofaandrywingsmasjinerie of olie-gestookte ketels of hulpbinnebrandmasjinerie met 'n totale kraglewering van 746 kW of meer, moet die volgende maatreëls getref word:

(i) Dakvensters moet van buite die ruimte af toegemaak kan word;

(ii) dakvensters met glasruite moet buite toegerus wees met permanent aangehegte luike van staal of ander ekwivalente materiaal;

(iii) enige venster wat die Administrasie in die hulsel van sulke ruimtes toelaat moet nie kan oopmaak nie en moet buite toegerus wees met 'n permanent aangehegte luik van staal of ander ekwivalente materiaal; en

(iv) in die vensters en dakvensters waarna daar in subparagrawe (i), (ii) en (iii) van hierdie paragraaf verwys word, moet draadversterkte ruite gebruik word.

REGULASIE 47

Brandverklikstelsels en brandblustoerusting

(a) *Rondediens en opsporing.*

(i) Daar moet in alle passasierskepe 'n doeltreffende rondediens in stand gehou word sodat enige uitbreek van brand onmiddellik ontdek kan word. Brandalarms wat met die hand bedien word, moet dwarsdeur die passasiers- en bemanningsakkommodasie aangebring word om die brandpatrolleerders in staat te stel om onmiddellik by die brug of brandbeheerpos alarm te maak.

(ii) In enige deel van die skip wat na die mening van die Administrasie nie vir die patrolleerders toeganklik is nie, moet 'n goedgekeurde brandalarm- of brandverklikstelsel verskaf word wat outomaties op een of meer geskikte punte of poste 'n aanduiding sal gee van die aanwesigheid of tekens van 'n brand en van die plek waar dit voorkom, behalwe wanneer daar tot tevredenheid van die Administrasie getoon word dat die skip gebruik word op reise wat so kort duur dat dit onredelik sou wees om hierdie bepaling toe te pas.

(iii) Die skip, of hy 'n nuwe of bestaande skip is, moet te alle tye op see of in die hawe (behalwe wanneer hy aan diens onttrek is) sodanig beman en toegerus wees om te verseker dat enige aanvanklike brandalarm onmiddellik deur 'n verantwoordelike lid van die bemanning ontvang word.

REGULATION 46

Details of construction

(a) Paints, varnishes and similar preparations having a nitro-cellulose or other highly inflammable base shall not be used in any part of the ship.

(b) Pipes penetrating "A" or "B" Class divisions shall be of a material approved by the Administration having regard to the temperature such divisions are required to withstand. Pipes conveying oil or combustible liquids shall be of a material approved by the Administration having regard to the fire risk. Materials readily rendered ineffective by heat shall not be used for overboard scuppers, sanitary discharges, and other outlets which are close to the water-line and where the failure of the material in the event of fire would give rise to danger of flooding.

(c) In spaces containing main propulsion machinery, or oil-fired boilers, or auxiliary internal combustion type machinery of total power output of 746 kW or over, the following measures shall be taken:

(i) Skylights shall be capable of being closed from outside the space;

(ii) skylights containing glass panels shall be fitted with external shutters of steel or other equivalent material permanently attached;

(iii) any window permitted by the Administration in casings of such spaces shall be of the non-opening type, and shall be fitted with an external shutter of steel or other equivalent material permanently attached; and

(iv) in the windows and skylights referred to in subparagraphs (i), (ii) and (iii) of this paragraph, wire reinforced glass shall be used.

REGULATION 47

Fire detection systems and fire-extinguishing equipment

(a) *Patrols and detection.*

(i) An efficient patrol system shall be maintained in all ships so that any outbreak of fire may be promptly detected. Manual fire alarms shall be fitted throughout the passenger and crew accommodation to enable the fire patrol to give an alarm immediately to the navigating bridge or fire control station.

(ii) An approved fire alarm or fire detecting system shall be provided which will automatically indicate at one or more suitable points or stations the presence or indication of fire and its location in any part of the ship which, in the opinion of the Administration, is not accessible to the patrol system, except where it is shown to the satisfaction of the Administration that the ship is engaged on voyages of such short duration that it would be unreasonable to apply this requirement.

(iii) The ship, whether new or existing, shall at all times when at sea, or in port (except when out of service), be so manned or equipped as to ensure that any initial fire alarm is immediately received by a responsible member of the crew.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(b) *Brandpompe en watertoevoerpype*

'n Skip moet toegerus word met brandpompe, watertoevoerpype, brandkrane en slange wat aan die bepalings van Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk en aan die volgende vereistes voldoen.

(i) 'n Skip van 4 000 ton bruto tonnemaat en meer moet met minstens drie onafhanklik aangedrewe brandpompe en elke skip van minder as 4 000 ton bruto tonnemaat, met minstens twee sodanige brandpompe toegerus word.

(ii) In 'n skip van 1 000 ton bruto tonnemaat en meer moet die plasing van see-aansluitings, pompe en kragbronne wat hulle bedien, sodanig wees dat verseker word dat 'n brand in die een of ander afdeling nie al die brandpompe buite werking sal stel nie.

(iii) In 'n skip van minder as 1 000 ton bruto tonnemaat moet die inrigtings die goedkeuring van die Administrasie wegdra.

(c) *Brandkrane en slange en spuitstukke.*

(i) 'n Skip moet toegerus word met soveel brandslange as wat die Administrasie voldoende mag ag. Daar moet minstens een brandslang wees vir elk van die brandkrane wat by paragraaf (d) van Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk vereis word, en hierdie slange moet slegs gebruik word vir die blus van brande of vir die toets van brandblustoestelle tydens brandoefeninge en ondersoeke.

(ii) In akkommodasie-, diens- en masjinerieruimtes moet die getal en posisies van brandkrane sodanig wees dat daar aan die vereistes van paragraaf (d) van Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk voldoen kan word wanneer alle waterdigte deure en alle deure in vertikale hoofsonebeskotte toe is.

(iii) Die inrigtings moet sodanig wees dat minstens twee strale water enige deel van enige vragruimte kan bykom wanneer dié leeg is.

(iv) Alle vereiste brandkrane in die masjinerieruimtes van skepe met olie-gestookte ketels of met aandrywingsmasjinerie van die binnebrandtipe moet toegerus wees met slange met spuitstukke soos vereis ingevolge paragraaf (g) van Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk.

(d) *Internasionale landaansluiting.*

(i) 'n Skip van 1 000 ton bruto tonnemaat en meer moet toegerus word met minstens een internasionale landaansluiting wat aan die bepalings van paragraaf (h) van Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk voldoen.

(ii) Fasiliteite moet beskikbaar wees om dit moontlik te maak dat sodanige aansluiting aan weerskante van die skip gebruik word.

(e) *Draagbare brandblussers in akkommodasie- en diensruimtes.*

'n Skip moet in akkommodasie- en diensruimtes toegerus word met sodanige goedgekeurde draagbare brandblussers as wat die Administrasie gepas en voldoende ag.

(f) *Vaste brandsmoorinrigtings in vragruimtes.*

(i) Die vragruimtes van skepe van 1 000 ton bruto tonnemaat en meer moet beskerm word deur 'n vaste brandsmoorgasstelsel wat aan die bepalings van Regulasie 8 van hierdie Hoofstuk voldoen.

(ii) Wanneer daar tot tevredenheid van die Administrasie getoon word dat 'n skip gebruik word op reise wat so kort duur dat dit onredelik sou wees om die bepalings van subparagraaf (i) van hierdie paragraaf toe te pas en ook in die geval van skepe van minder

(b) *Fire pumps and fire main system.*

The ship shall be provided with fire pumps, fire main system, hydrants and hoses complying with Regulation 5 of this Chapter and with the following requirements:

(i) A ship of 4 000 tons gross tonnage and upwards shall be provided with at least three independently driven fire pumps and every ship of less than 4 000 tons gross tonnage with at least two such fire pumps.

(ii) In a ship of 1 000 tons gross tonnage and upwards, the arrangement of sea connections, pumps and sources of power for operating them shall be such as to ensure that a fire in any one compartment will not put all the fire pumps out of action.

(iii) In a ship of less than 1 000 tons gross tonnage the arrangements shall be to the satisfaction of the Administration.

(c) *Fire hydrants, hoses and nozzles.*

(i) The ship shall be provided with such number of fire hoses as the Administration may deem sufficient. There shall be least one fire hose for each of the hydrants required by paragraph (d) of Regulation 5 of this Chapter and these hoses shall be used only for the purposes of extinguishing fires or testing the fire-extinguishing apparatus at fire drills and surveys.

(ii) In accommodation, service and machinery spaces, the number and position of hydrants shall be such that the requirements of paragraph (d) of Regulation 5 of this Chapter may be complied with when all watertight doors and all doors in main vertical zone bulkheads are closed.

(iii) The arrangements shall be such that at least two jets of water can reach any part of any cargo space when empty.

(iv) All required hydrants in the machinery spaces of ships with oil-fired boilers or internal combustion type propelling machinery shall be fitted with hoses having nozzles as required in paragraph (g) of Regulation 5 of this Chapter.

(d) *International shore connection.*

(i) A ship of 1 000 tons gross tonnage and upwards shall be provided with at least one international shore connection, complying with paragraph (h) of Regulation 5 of this Chapter.

(ii) Facilities shall be available enabling such a connection to be used on either side of the ship.

(e) *Portable fire extinguishers in accommodation and service spaces.*

The ship shall be provided in accommodation and service spaces with such approved portable fire extinguishers as the Administration may deem to be appropriate and sufficient.

(f) *Fixed fire-extinguishing arrangements in cargo spaces.*

(i) The cargo spaces of ships of 1 000 tons gross tonnage and upwards shall be protected by a fixed gas fire-extinguishing system complying with Regulation 8 of this Chapter.

(ii) Where it is shown to the satisfaction of the Administration that a ship is engaged on voyages of such short duration that it would be unreasonable to apply the requirements of subparagraph (i) of this

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

as 1 000 ton bruto tonnemaat, moet die inrigtings in vragruimtes die goedkeuring van die Administrasie wegdra.

(g) *Brandblustoestelle in ketelkamers, ens.*

Op plekke waar oliegestookte hoof- of hulpketels geleë is of in ruimtes wat oliebrandstofeenhede of besinktenks bevat, moet die volgende inrigtings in die skip aangebring word:

(i) Een van die volgende vaste brandblusinstallasies moet aangebring word:

(1) 'n Drukwatersproeistelsel wat aan die bepalings van Regulasie 11 van hierdie Hoofstuk voldoen;

(2) 'n brandsmoorgasinstallasie wat aan die bepalings van Regulasie 8 van hierdie Hoofstuk voldoen;

(3) 'n vaste skuiminstallasie wat aan die bepalings van Regulasie 9 van hierdie Hoofstuk voldoen. (Die Administrasie kan vaste of mobiele drukwater- of skuimsproei-inrigtings vir die bestryding van brand bokant die vloerplate vereis.).

In elke geval waar die masjien- en ketelkamers nie geheel en al afsonderlik is nie, of indien brandolie vanaf die ketelkamer na die masjienkamerkimme kan dreineer, moet die gekombineerde masjien- en ketelkamers as een afdeling beskou word.

(ii) Daar moet in elke stookruimte in elke ketelkamer en in elke ruimte waarin 'n deel van die oliebrandstofinstallasie geleë is, minstens twee goedgekeurde draagbare blussers wees wat skuim of 'n ander goedgekeurde middel geskik vir die blus van oliebrande uitlaat. Daar moet minstens een goedgekeurde skuimtipeblusser met 'n inhoudsvermoë van minstens 136 liter (30 gelling) of die ekwivalent daarvan in elke ketelkamer wees. Hierdie blussers moet toegerus wees met slange op tolle wat geskik is om enige deel van die ketelkamer en ruimtes bevattende enige deel van die oliebrandstofinstallasies by te kom.

(iii) In elke stookruimte moet daar 'n houer wees met sand, saagsels deurtrokke van soda of ander goedgekeurde droë materiaal en wel in sodanige hoeveelhede as wat deur die Administrasie vereis word. As alternatief kan 'n goedgekeurde draagbare blusser in die plek daarvan verskaf word.

(h) *Brandbestrydingstoestelle in ruimtes wat masjinerie van die binnebrandtipe bevat.*

Waar binnebrandmasjiene gebruik word vir òf hoofaandrywing òf hulpdoeleindes wat neerkom op 'n gesamentlike kraglewering van minstens 746 kW, moet 'n skip met die volgende inrigtings toegerus wees:

(i) Daar moet een van die vaste inrigtings wees wat by subparagraaf (g) (i) van hierdie Regulasie vereis word.

(ii) In elke masjinerieruimte moet daar een goedgekeurde skuimtipe blusser wees met 'n inhoudsvermoë van minstens 45 liter (10 gelling) of die ekwivalent daarvan, en ook een goedgekeurde draagbare skuimtipe blusser vir elke 746 kW van die masjiene of deel daarvan, maar die totale getal draagbare blussers wat aldus verskaf is, mag nie kleiner as twee en hoef nie groter as ses te wees nie.

(i) *Brandbestrydingsinrigtings in ruimtes wat stoomturbines bevat en waarvoor geen vaste installasie nodig is nie.*

Die Administrasie moet spesiale oorweging skenk aan die brandblusinrigtings wat verskaf moet word in ruimtes wat stoomturbines bevat en deur waterdigte beskotte van ketelkamers geskei is.

paragraph and also in ships of less than 1 000 tons gross tonnage, the arrangements in cargo spaces shall be to the satisfaction of the Administration.

(g) *Fire-extinguishing appliances in boiler rooms, etc.*

Where main or auxiliary oil-fired boilers are situated, or in spaces containing oil fuel units or settling tanks, a ship shall be provided with the following arrangements:

(i) There shall be any one of the following fixed fire-extinguishing installations:

(1) A pressure water-spraying system complying with Regulation 11 of this Chapter;

(2) a gas fire-extinguishing installation complying with Regulation 8 of this Chapter;

(3) a fixed froth installation complying with regulation 9 of this Chapter. (The Administration may require fixed or mobile arrangements by pressure water or froth spraying to fight fire above the floor plates.)

In each case if the engine and boiler rooms are not entirely separate, or if fuel oil can drain from the boiler room into the engine room bilges, the combined engine and boiler rooms shall be considered as one compartment.

(ii) There shall be at least two approved portable extinguishers discharging froth or other approved medium suitable for extinguishing oil fires, in each firing space in each boiler room and each space in which a part of the oil fuel installation is situated. There shall be not less than one approved froth type extinguisher of at least 136 litres (30 gallons) capacity or equivalent in each boiler room. These extinguishers shall be provided with hoses on reels suitable for reaching any part of the boiler room and spaces containing any part of the oil fuel installations.

(iii) In each firing space there shall be a receptacle containing sand, sawdust impregnated with soda or other approved dry material, in such quantity as may be required by the Administration. Alternatively an approved portable extinguisher may be substituted therefor.

(h) *Fire-fighting appliances in spaces containing internal combustion type machinery.*

Where internal combustion type engines are used, either for main propulsion or for auxiliary purposes associated with a total power output of not less than 746 kW, a ship shall be provided with the following arrangements:

(i) There shall be one of the fixed arrangements required by subparagraph (g) (i) of this Regulation;

(ii) there shall be in each engine space one approved froth-type extinguisher of not less than 45 litres (10 gallons) capacity or equivalent and also one approved portable froth-type extinguisher for each 746 kW of engine power output or part thereof; but the total number of portable extinguishers so supplied shall be not less than two and need not exceed six.

(i) *Fire-fighting arrangements in spaces containing steam turbines and not requiring any fixed installation.*

The Administration shall give special consideration to the fire-extinguishing arrangements to be provided in spaces containing steam turbines which are separated from boiler rooms by watertight bulkheads.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(j) *Brandweermanuitrustings en persoonlike toerusting.*

(i) Die minimum getal brandweermanuitrustings wat voldoen aan die vereistes van Regulasie 14 van hierdie Hoofstuk, en van bykomende stelle persoonlike toerusting wat elk bestaan uit die items gestipuleer in subparagrawe (a) (i), (ii) en (iii) van daardie regulasie, aan boord, moet soos volg wees:

(1) Twee brandweermanuitrustings; en daarby

(2) vir elke 80 meter (262 voet) of deel daarvan, van die som van die lengtes van alle passasiersruimtes en diensruimtes op die dek wat sulke ruimtes bevat of, indien daar meer as een so 'n dek is, op die dek met die grootste som van sulke lengtes: twee brandweermanuitrustings en twee stelle persoonlike toerusting, waarvan elke stel bestaan uit die items gestipuleer in regulasie 14 (a) (i), (ii) en (iii) van hierdie hoofstuk.

(ii) Vir elke brandweermanuitrusting wat ingeboude asemhalingsapparaat ooreenkomstig paragraaf (b) van Regulasie 14 van hierdie Hoofstuk insluit, moet daar reserwevullings beskikbaar wees op 'n skaal wat die Administrasie goedkeur.

(iii) Brandweermanuitrustings en stelle persoonlike toerusting moet gereed vir gebruik en ver van mekaar versprei gebêre word. Minstens twee brandweermanuitrustings en een stel persoonlike toerusting moet op enige enkele posisie beskikbaar wees.

REGULASIE 48

Nooduitgange

(a) In en vanaf alle passasiers- en bemanningsruimtes en ruimtes waarin bemanningslede normaalweg diens verrig, behalwe masjinerieruimtes, moet trappe en lere so ingerig word dat hulle geredelik ontsnapping na die reddingsbootinskepingsdek moontlik maak. In die besonder moet daar aan die volgende voorsorgmaatreëls voldoen word:

(i) Onderkant die beskotdek, moet daar vir elke waterdigte afdeling of soortgelyke beperkte ruimte of groep ruimtes twee nooduitgange verskaf word, waarvan minstens een onafhanklik van waterdigte deure moet wees. Met behoorlike inagneming van die aard en ligging van die betrokke ruimtes en van die getal persone wat gewoonlik daar gehuisves kan word of werksaam mag wees, kan die Administrasie van een van hierdie nooduitgange afsien.

(ii) Bokant die beskotdek moet daar vanuit elke vertikale hoofsone of soortgelyke beperkte ruimte of groep ruimtes minstens twee praktiese nooduitgange wees, waarvan minstens een toegang moet verleen tot 'n trap wat 'n vertikale nooduitgang vorm.

(iii) Minstens een van die nooduitgange moet wees langs 'n ingeslote trap wat geredelik toeganklik is en wat vir sover doenlik vanaf die vlak van sy oorsprong tot by die reddingsbootinskepingsdek onafgebroke beskutting teen brand moet verskaf. Die wydte, getal en onafgebrokenheid van die trappe moet die goedkeuring van die Administrasie wegdra.

(b) In masjinerieruimtes moet daar vanaf elke masjienkamer, astonnel en ketelkamer twee nooduitgange verskaf word, waarvan een 'n waterdigte deur kan wees. In masjinerieruimtes, waar geen waterdigte deur beskikbaar is nie, moet die twee nooduitgange die vorm aanneem van twee stelle staallere, so ver van mekaar as moontlik, wat lei na deure in die kaste wat insgelyks van mekaar geskei is en vanwaar toegang tot die inskepingsdek verleen word. In die geval van skepe

(j) *Fireman's outfits and personal equipment.*

(i) The minimum number of fireman's outfits complying with the requirements of Regulation 14 of this Chapter, and of additional sets of personal equipment, each such set comprising the items stipulated in subparagraphs (a) (i), (ii) and (iii) of that Regulation, to be carried, shall be as follows:

(1) Two fireman's outfits; and in addition

(2) for every 80 metres (262 feet) or part thereof, of the aggregate of the lengths of all passenger spaces and service spaces on the deck which carries such spaces or, if there is more than one such deck, on the deck which has the largest aggregate of such lengths, two fireman's outfits and two sets of personal equipment, each such set comprising the items stipulated in Regulation 14 (a) (i), (ii) and (iii) of this Chapter.

(ii) For each fireman's outfit which includes a self-contained breathing apparatus as provided in paragraph (b) of Regulation 14 of this Chapter, spare charges shall be carried on a scale approved by the Administration.

(iii) Fireman's outfits and sets of personal equipment shall be stored in widely separated positions ready for use. At least two fireman's outfits and one set of personal equipment shall be available at any one position.

REGULATION 48

Means of escape

(a) In and from all passenger and crew spaces and spaces in which crew are normally employed, other than machinery spaces, stairways and ladderways shall be arranged so as to provide ready means of escape to the lifeboat embarkation deck. In particular the following precautions shall be complied with:

(i) Below the bulkhead deck, two means of escape, at least one of which shall be independent of watertight doors, shall be provided for each watertight compartment or similarly restricted space or group of spaces. One of these means of escape may be dispensed with by the Administration, due regard being paid to the nature and the location of spaces concerned, and to the number of persons who normally might be quartered or employed there;

(ii) above the bulkhead deck, there shall be at least two practical means of escape from each main vertical zone or similarly restricted space or group of spaces at least one of which shall give access to a stairway forming a vertical escape; and

(iii) at least one of the means of escape shall be by means of a readily accessible enclosed stairway, which shall provide as far as practicable continuous fire shelter from the level of its origin to the lifeboat embarkation deck. The width, number and continuity of the stairways shall be to the satisfaction of the Administration.

(b) In machinery spaces, two means of escape, one of which may be a watertight door, shall be provided from each engine room, shaft tunnel and boiler room. In machinery spaces, where no watertight door is available, the two means of escape shall be formed by two sets of steel ladders as widely separated as possible leading to doors in the casing similarly separated and from which access is provided to the embarkation

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

van minder as 2 000 ton bruto tonnemaat, kan die Administrasie met behoorlike inagneming van die wydte en die rangskikking van die kaste, van hierdie vereiste afsien.

REGULASIE 49

Oliebrandstof vir binnebrandenjins

Geen binnebrandmasjien moet vir enige vaste installasie in 'n skip gebruik word indien sy ontbrandingspunt 43 °C (110 °F) of laer is (geslote houer-toets) soos bepaal deur 'n goedgekeurde vlampuntapparaat nie.

REGULASIE 50

Spesiale maatreëls in masjinerieruimtes

(a) Middele moet voorsien word om ventileringwaaiers tot stilstand te bring wat masjinerie- en vragruimtes bedien, en om alle deure, lugopeninge, ringvormige ruimtes om skoorstene en ander openinge na sulke ruimtes toe te maak. Hierdie middele moet van buite sodanige ruimtes beheer kan word ingeval van brand.

(b) Masjiene wat geforseerde trek-waaiers en kunsmatige trek-waaiers, oliebrandstofoorvoerpompe, oliebrandstofeenheidpompe en ander soortgelyke brandstofpompe aandryf, moet toegerus wees met afstandbeheerkontroles buite die betrokke ruimte sodat hulle tot stilstand gebring kan word ingeval 'n brand binne die ruimte ontstaan waarin hulle geleë is.

(c) Elke oliebrandstofsuigpyp vanaf 'n bergings-, besinkings- of daaglikse gebruikstenk wat bo die dubbelboom geleë is, moet toegerus wees met 'n kraan of klep wat van buite die betrokke ruimte af beheer kan word ingeval 'n brand uitbreek in die ruimte waarin sulke tenks geleë is. In die spesiale geval van dieptenks in enige as- of pyptonnel, moet kleppe aan die tenks aangebring word, maar ingeval van brand kan beheer uitgeoefen word deur middel van 'n bykomende klep in die pyp of leidings buite die tonnel of tonnels.

DEEL D—BRANDBEVEILIGINGSMAATREËLS VIR VRAGSKEPE*

REGULASIE 51

Algemene benodighede vir vragskepe van 4 000 ton bruto tonnemaat en groter behalwe tenkskepe wat deur Deel E van hierdie Hoofstuk gedek word.

(a) Die romp, bobou, strukturele beskotte, dekke en dekhuise moet van staal wees behalwe in gevalle waar die Administrasie in spesiale gevalle, met inagneming van die brandrisiko, die gebruik van ander geskikte materiaal kan toelaat.

(b) In akkommodasieruimtes moet die gangbeskotte van staal of van Klas "B"-panele gemaak wees.

(c) Dekbedekkings in akkommodasieruimtes op die dekke wat die bokant van masjinerie- en vragruimtes vorm, moet van 'n soort wees wat nie maklik ontbrand nie.†

* Hier word verwys na die *Recommendation on Safety Measures for Periodically Unattended Machinery Spaces of Cargo Ships additional to those normally considered necessary for an Attended Machinery Space*, soos deur die Organisasie aangeneem by Resolusie A. 211 (vii).

† Hier word verwys na die *Improved Provisional Guidelines on Test Procedures for Primary Deck Coverings* soos deur die Organisasie aangeneem by Resolusie A. 214 (VII).

deck. In the case of ships of less than 2 000 tons gross tonnage, the Administration may dispense with this requirement, due regard being paid to the width and the disposition of the casing.

REGULATION 49

Oil fuel used for internal combustion engines

No internal combustion engine shall be used for any fixed installation in a ship if its fuel has a flashpoint of 43 °C (110 °F) or less (closed cup test) as determined by an approved flashpoint apparatus.

REGULATION 50

Special arrangements in machinery spaces

(a) Means shall be provided for stopping ventilating fans serving machinery and cargo spaces and for closing all doorways, ventilators, annular spaces around funnels and other openings to such spaces. These means shall be capable of being operated from outside such spaces in case of fire.

(b) Machinery driving forced and induced draught fans, oil fuel transfer pumps, oil fuel unit pumps and other similar fuel pumps shall be fitted with remote controls situated outside the space concerned so that they may be stopped in the event of a fire arising in the space in which they are located.

(c) Every oil fuel suction pipe from a storage, settling or daily service tank situated above the double bottom shall be fitted with a cock or valve capable of being closed from outside the space concerned in the event of a fire arising in the space in which such tanks are situated. In the special case of deep tanks situated in any shaft or pipe tunnel, valves on the tanks shall be fitted but control in event of fire may be effected by means of an additional valve on the pipeline or lines outside the tunnel or tunnels.

PART D—FIRE SAFETY MEASURES FOR CARGO SHIPS*

REGULATION 51

General requirements for cargo ships of 4 000 tons gross tonnage and upwards other than tankers covered by Part E of this Chapter

(a) The hull, superstructure, structural bulkheads, decks and deckhouses shall be constructed of steel, except where the Administration may sanction the use of other suitable material in special cases, having in mind the risk of fire.

(b) In accommodation spaces, the corridor bulkheads shall be of steel or be constructed of "B" Class panels.

(c) Deck coverings within accommodation spaces on the decks forming the crown of machinery and cargo spaces shall be of a type which will not readily ignite.†

* Reference is made to Recommendation on Safety Measures for Periodically Unattended Machinery Spaces of Cargo Ships additional to those normally considered necessary for an Attended Machinery Space, adopted by the Organization by Resolution A.211 (VII).

† Reference is made to Improved Provisional Guidelines on Test Procedures for Primary Deck Coverings, adopted by the Organization by Resolution A.214 (VII).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(d) Binnetrappe onder die oop dek moet van staal of ander geskikte materiaal wees. Bemanningshyserskagte binne akkommodasieruimtes moet van staal of ekwivalente materiaal wees.

(e) Beskotte van skeepskombuise, verfkamers, lampkamers, bootmansluitkaste langs akkommodasieruimtes en noodgeneratorkamers, as daar is, moet van staal of ekwivalente materiaal wees.

(f) In akkommodasie- en masjinerieruimtes moet verf, vernis en dergelike preparate met 'n nitrosellulose- of ander hoogs ontvlambare basis nie gebruik word nie.

(g) Pype wat olie of brandbare vloeistowwe vervoer, moet van 'n materiaal wees wat die Administrasie met inagneming van die brandrisiko goedgekeur het. Stowwe wat maklik deur hitte ondoeltreffend gemaak kan word, moet nie gebruik word vir oorboordse spuipype, sanitêre uitlate en ander uitlate naby die waterlyn waar die onklaarraking van die materiaal, ingeval van brand, 'n oorstromingsgevaar kan skep nie.

(h) Kragventilering na die masjinerieruimtes moet van 'n maklik bereikbare plek buite die masjinerieruimtes tot stilstand gebring kan word.

REGULASIE 52

Brandblusstelsels en -toerusting

(a) *Toepassing.*

Waar skepe 'n kleiner bruto tonnemaat het as wat in hierdie regulasie genoem word, moet die maatreëls ten opsigte van die items wat in hierdie regulasie gedek word, die Administrasie se goedkeuring wegdra.

(b) *Brandpompe en brandweerpypstelsel.*

Die skip moet voorsien wees van brandpompe, 'n brandweerpypstelsel, brandkrane en -slange wat voldoen aan Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk en aan die volgende vereistes:

(f) Davits, lopers, blokke en alle ander tuig moet só sterk wees dat die reddingsbote met 'n tewaterlatingsbemanning aan boord uitgeswaai en dan met die volle kwota persone en uitrusting aan boord veiling neergelaat kan word terwyl die skip 'n slagsy van 15 grade na die een of ander kant en 'n stuur- of koplas van 10 grade het.

(g) Skaatse of ander geskikte middels moet verskaf word om met 'n slagsy van 15 grade die tewaterlating van die reddingsbote te vergemaklik.

(h) Middels moet verskaf word om die reddingsbote teen die kant van die skip te bring en hulle daar te hou sodat persone veilig ingeskeep kan word.

(i) Reddingsbote, asook die noodbote wat by subparagraaf (b) (ii) van Regulasie 35 van hierdie Hoofstuk vereis word, moet bedien word deur draadkabellopers tesame met windasse van 'n goedgekeurde tipe wat, in die geval van die noodbote, daardie bote vinnig kan ophaal. By wyse van uitsondering kan die Administrasie manillatoulopers of lopers van ander goedgekeurde materiaal met of sonder windasse toelaat (noodbote moet egter windasse hê wat in staat is om daardie bote vinnig op te haal) wanneer hy daarvan oortuig is dat manillatoulopers of lopers van ander goedgekeurde materiaal toereikend is.

(j) Minstens twee reddingslyne moet aan die middelleiers tussen die davits aangebring word en die lopers en reddingslyne moet lank genoeg wees om die water te bereik wanneer die skip se seevarende diepgang op sy vlakste is en die skip 'n slagsy van 15 grade na die een of ander kant het. Die onderste loperblokke moet toegerus wees met 'n geskikte ring of lang skakel om aan die slingerhake gehaak te word, tensy daar 'n ontkoppelingsinrigting van 'n goedgekeurde tipe aangebring is.

(k) Wanneer meganiese toestelle vir die ophaal van die reddingsbote aangebring word, moet doeltreffende handinrigtings ook verskaf word. Wanneer davits ingehaal word deur die kragbediening van die lopers, moet daar ter voorkoming van oorspanning van die draadkabellopers of davits veiligheidstoestelle aangebring word wat die krag outomaties sal afsluit voordat die davits teen die stuiters kom.

(l) Die lopers vir reddingsbote moet gereed wees vir gebruik, en reëlings moet getref word om die reddingsbote vinnig, maar nie noodwendig gelyktydig nie, van die lopers los te kry. Die punt waar die reddingsbote aan die lopers bevestig is, moet so hoog bokant die dolboord wees dat stabiliteit verseker word wanneer die reddingsbote neergelaat word.

(d) Davits shall be of approved design and shall be suitably placed to the satisfaction of the Administration.

(e) In tankers of 1 600 tons gross tonnage and upwards, ships employed as whale factory ships, ships employed as fish processing or canning factory ships and ships engaged in the carriage of persons employed in the whaling, fish processing or canning industries, all davits shall be of the gravity type. In other ships, davits shall be as follows:

(i) Luffing or gravity type for operating lifeboats weighing not more than 2 300 kilogrammes (2¼ tons) in their turning out condition;

(ii) gravity type for operating lifeboats weighing more than 2 300 kilogrammes (2¼ tons) in their turning out condition.

(f) Davits, falls, blocks and all other gear shall be of such strength that the lifeboats can be turned out manned by a launching crew and then safely lowered with the full complement of persons and equipment, with the ship listed to 15 degrees either way, and with a 10 degrees trim.

(g) Skates or other suitable means shall be provided to facilitate launching the lifeboats against a list of 15 degrees.

(h) Means shall be provided for bringing the lifeboats against the ship's side and there holding them so that persons may be safely embarked.

(i) Lifeboats, together with the emergency boats required by subparagraph (b) (ii) of Regulation 35 of this Chapter, shall be served by wire rope falls, together with winches of an approved type which, in the case of the emergency boats, shall be capable of quick recovery of those boats. Exceptionally, the Administration may allow manilla rope falls or falls of another approved material with or without winches (except that the emergency boats shall be required to be served by winches which are capable of quick recovery of those boats) where they are satisfied that manila rope falls or falls of another approved material are adequate.

(j) At least two lifelines shall be fitted to the davit spans, and the falls and lifelines shall be long enough to reach the water with the ship at its lightest seagoing draught and listed to 15 degrees either way. Lower fall blocks shall be fitted with a suitable ring or long link for attaching to the sling hooks unless an approved type of disengaging gear is fitted.

(k) Where mechanically powered appliances are fitted for the recovery of the lifeboats, efficient hand gear shall also be provided. Where davits are recovered by action of the falls by power, safety devices shall be fitted which will automatically cut off the power before the davits come against the stops in order to avoid overstressing the wire rope falls or davits.

(l) Lifeboats shall have the falls ready for service, and arrangements shall be made for speedily, but not necessarily simultaneously, detaching the lifeboats from the falls. The point of attachment of the lifeboats to the falls shall be at such height above the gunwale as to ensure stability when lowering the lifeboats.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(m) Op skepe gebruik as walvisfabriekskepe, skepe gebruik as visverwerkings- of visinmaakfabriekskepe en skepe gebruik vir die vervoer van persone werksaam in die walvis-, visverwerkings- of visinmaaknywerhede waarop reddingsbote en reddingsvlotte ooreenkomstig subparagraaf (b) (i) (2) van Regulasie 35 gedra word, is dit nie nodig om goedgekeurde tewaterlatingstoestelle vir die reddingsvlotte verskaf nie, maar sodanige toestelle moet verskaf word wat na die oordeel van die Administrasie voldoende in getal is om die reddingsvlotte wat ooreenkomstig subparagraaf (b) (i) (1) van daardie Regulasie gedra word, in kalm toestande binne hoogstens 30 minute in die water te plaas wanneer hulle die getal persone aan boord het wat hulle toegelaat is om te bevat. Goedgekeurde tewaterlatingstoestelle wat aldus verskaf word, moet vir sover doenlik gelykop onder die twee kante van die skip verdeel word. Elke reddingsvlot op skepe waarop 'n goedgekeurde tewaterlatingstoestel vereis word, moet van 'n tipe wees wat met so 'n toestel te water gelaat kan word.

REGULASIE 37

Getal reddingsboeie wat verskaf moet word

Daar moet minstens agt reddingsboeie van 'n tipe wat voldoen aan die vereistes van Regulasie 21 van hierdie Hoofstuk aan boord wees.

REGULASIE 38

Noodverligting

Die verligting wat by subparagrawe (a) (ii), (b) (ii) en (b) (iii) van Regulasie 19 van hierdie Hoofstuk vereis word moet minstens drie uur lank verskaf kan word deur die noodkragbron wat by Regulasie 26 van Hoofstuk II-1 vereis word. Op vragskepe van 1 600 ton bruto tonnemaat en meer moet die Administrasie toesien dat die verligting van die gange, trappe en uitgange sodanig is dat alle persone aan boord onbelemmerde toegang sal hê tot die tewaterlatingsposte en die stuwingsplekke van die reddingsbote en -vlotte.

HOOFSTUK IV

RADIOTELEGRAFIE EN RADIOTELEFONIE

DEEL A—TOEPASSING EN DEFINISIES

REGULASIE 1

Toepassing

(a) Tensy uitdruklik anders bepaal, is hierdie Hoofstuk van toepassing op alle skepe waarop die huidige regulasies van toepassing is.

(b) Hierdie Hoofstuk geld nie vir skepe waarop die huidige regulasie andersins van toepassing sou wees, solank sulke skepe op die Groot Mere van Noord-Amerika en hul verbindings- en takriviere so ver oos as die laer uitgang van die St. Lambertkanaalsluis te Montreal, in die provinsie Quebec, Kanada, vaar nie*.

(c) Geen bepaling in hierdie Hoofstuk belet 'n skip of reddingsvaartuig wat in nood verkeer, om van enige middel tot sy beskikking gebruik te maak om die aandag te trek, sy posisie bekend te maak en hulp te verkry nie.

* Sodanige skepe is onderworpe aan spesiale vereistes met betrekking tot radio vir veiligheidsdoeleindes soos vervat in die betrokke ooreenkoms tussen Kanada en die Verenigde State van Amerika.

(m) In ships employed as whale factory ships, ships employed as fish processing or canning factory ships and ships engaged in the carriage of persons employed in the whaling, fish processing or canning industries, in which there are carried lifeboats and liferafts in accordance with subparagraph (b) (i) (2) of Regulation 35 no approved launching devices need be provided for the liferafts, but there shall be provided such devices sufficient in number, in the opinion of the Administration, to enable the liferafts carried in accordance with subparagraph (b) (i) (1) of that Regulation to be put into the water loaded with the number of persons they are permitted to accommodate, in not more than 30 minutes in calm conditions. Approved launching devices so provided shall, so far as practicable, be distributed equally on each side of the ship. Every liferaft carried on ships in which an approved launching device is required to be provided shall be of a type which is capable of being launched by such a device.

REGULATION 37

Number of lifebuoys to be provided

At least eight lifebuoys of a type which satisfies the requirements of Regulation 21 of this Chapter shall be carried.

REGULATION 38

Emergency lighting

The lighting required by subparagraphs (a) (ii), (b) (ii) and (b) (iii) of Regulation 19 of this Chapter shall be capable of being supplied for at least three hours by the emergency source of power required by Regulation 26 of Chapter II-1. In cargo ships of 1 600 tons gross tonnage and upwards the Administration shall ensure that the lighting of the alleyways, stairways and exits is such that the access of all persons on board to the launching stations and stowage positions of lifeboats and liferafts is not impeded.

CHAPTER IV

RADIOTELEGRAPHY AND RADIOTELEPHONY

PART A—APPLICATION AND DEFINITIONS

REGULATION 1

Application

(a) Unless expressly provided otherwise, this Chapter applies to all ships to which the present Regulations apply.

(b) This Chapter does not apply to ships to which present Regulations would otherwise apply while such ships are being navigated within the Great Lakes of North America and their connecting and tributary waters as far east as the lower exit of the St Lambert Lock at Montreal in the Province of Quebec, Canada*.

(c) No provision in this Chapter shall prevent the use by a ship or survival craft in distress of any means at its disposal to attract attention, make known its position and obtain help.

* Such ships are subject to special requirements relative to radio for safety purposes, as contained in the relevant agreement between Canada and the United States of America.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REGULASIE 2

Uitdrukkings en definisies

Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk het die volgende uitdrukkings ondervermelde betekenisse. Alle ander uidtrukkings wat in hierdie Hoofstuk gebesig en ook in die Radioregulasies omskryf word, het hier dieselfde betekenisse as wat in daardie regulasies daaraan geheg word:

(a) "Radioregulasies" beteken die Radioregulasies wat as bylae verskyn of geag word as bylae te verskyn van die jongste Internasionale Konvensie betreffende Telekommunikasie wat te eniger tyd van krag mag wees.

(b) "Radiotelegraaf-outo-alarm" beteken 'n outoalarmontvangstoestel wat op die radiotelegraaf-alarmsein reageer en goedgekeur is.

(c) "Radiotelefoon-outo-alarm" beteken 'n outoalarmontvangstoestel wat op die radiotelefoon-alarmsein reageer en goedgekeur is.

(d) "Radiotelefoonstasie", "radiotelefooninrigting" en "luisterdiens-radiotelefoon" moet geag word betrekking te hê op die mediumfrekwensiegolf tensy daar uitdruklik anders bepaal word.

(e) "Radio-offisier" beteken iemand in besit van 'n radiotelegraafbedienersertifikaat van minstens die eerste of tweede klas of 'n algemene radiokommunikasiebedienersertifikaat vir die maritieme mobiele diens wat aan die bepalings van die Radioregulasies voldoen, en werksaam is in die radiotelegraafstasie van 'n skip wat met so 'n stasie toegerus is ooreenkomstig die bepalings van Regulasie 3 of Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk.

(f) "Radiotelefoonoperateur" beteken iemand in besit van 'n toepaslike sertifikaat wat aan die bepalings van die Radioregulasies voldoen.

(g) "Bestaande installasie" beteken—

(i) 'n installasie wat in sy geheel aan boord van 'n skip aangebring is voor die datum waarop die huidige Konvensie in werking tree, ongeag die datum waarop aanneming deur die betrokke Administrasie van krag word; en

(ii) 'n installasie waarvan 'n deel aan boord skip aangebring is voor die datum waarop die huidige Konvensie in werking tree en waarvan die res bestaan òf uit dele wat ter vervanging van identiese dele aangebring is òf uit dele wat aan die vereistes van hierdie hoofstuk voldoen.

(h) "Nuwe installasie" beteken enige installasie wat nie 'n bestaande installasie is nie.

REGULASIE 3

Radiotelegraafstasie

Tensy hulle kragtens Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk vrygestel is, moet passasierskepe ongeag hul grootte, en vragskepe van 1 600 ton bruto tonnemaat en meer toegerus wees met 'n radiotelegraafstasie wat voldoen aan die bepalings van Regulasies 9 en 10 van hierdie Hoofstuk.

REGULASIE 4

Radiotelefoonstasie

Tensy hulle toegerus is met 'n radiotelegraafstasie wat voldoen aan die bepalings van Regulasies 9 en 10 van hierdie Hoofstuk en mits hulle nie ingevolge Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk vrygestel is nie, moet vragskepe van 300 ton bruto tonnemaat en meer maar

REGULATION 2

Terms and definitions

For the purpose of this Chapter the following terms shall have the meanings defined below. All other terms which are used in this Chapter and which are also defined in the Radio Regulations shall have the same meanings as defined in those Regulations:

(a) "Radio Regulations" means the Radio Regulations annexed to, or regarded as being annexed to, the most recent International Telecommunication Convention which may be in force at any time.

(b) "Radiotelegraph auto alarm" means an automatic alarm receiving apparatus which responds to the radiotelegraph alarm signal and has been approved.

(c) "Radiotelephone auto alarm" means an automatic alarm receiving apparatus which responds to the radiotelephone alarm signal and has been approved.

(d) "Radiotelephone station", "Radiotelephone installation" and "Watches-radiotelephone" shall be considered as relating to the medium frequency band, unless expressly provided otherwise.

(e) "Radio Officer" means a person holding at least a first or second class radiotelegraph operator's certificate, or a radiocommunication operator's general certificate for the maritime mobile service, complying with the provisions of the Radio Regulations, who is employed in the radiotelegraph station of a ship which is provided with such a station in compliance with the provisions of Regulation 3 or Regulation 4 of this Chapter.

(f) "Radiotelephone operator" means a person holding an appropriate certificate complying with the provisions of the Radio Regulations.

(g) "Existing installation" means—

(i) an installation wholly installed on board a ship before the date on which the present Convention enters into force irrespective of the date on which acceptance by the respective Administration takes effect; and

(ii) an installation part of which was installed on board a ship before the date of entry into force of the present Convention and the rest of which consists either of parts installed in replacement of identical parts, or parts which comply with the requirements of this Chapter.

(h) "New installation" means any installation which is not an existing installation.

REGULATION 3

Radiotelegraph station

Passenger ships irrespective of size and cargo ships of 1 600 tons gross tonnage and upwards, unless exempted under Regulation 5 of this Chapter, shall be fitted with a radiotelegraph station complying with the provisions of Regulations 9 and 10 of this Chapter.

REGULATION 4

Radiotelephone station

Cargo ships of 300 tons gross tonnage and upwards but less than 1 600 tons gross tonnage, unless fitted with a radiotelegraph station complying with the provisions of Regulations 9 and 10 of this Chapter shall, provided they are not exempted under Regulation 5

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

minder as 1 600 ton bruto tonnemaat toegerus wees met 'n radiotelefoonstasie wat voldoen aan die vereistes van Regulasies 15 en 16 van hierdie Hoofstuk.

REGULASIE 5

Vrystelling van Regulasies 3 *en* 4

(a) Die Kontrakterende Regerings ag dit hoogs gewens dat daar nie van die toepassing van Regulasies 3 en 4 van hierdie Hoofstuk afgewyk word nie; nietemin kan die Administrasie aan individuele passasier- of vragskepe gedeeltelike en/of voorwaardelike of algehele vrystelling verleen van die vereistes van Regulasie 3 of Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk.

(b) Die vrystellings wat kragtens paragraaf (a) van hierdie Regulasie toegelaat word, mag slegs verleen word aan 'n skip wat gebruik word op 'n reis waarop die maksimum afstand van die skip vanaf die kus, die lengte van die reis, die afwesigheid van algemene skeepvaartgevare en ander omstandighede rakende die veiligheid, sodanig is dat dit die volledige toepassing van Regulasie 3 of Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk onredelik of onnodig maak. Wanneer daar besluit moet word of vrystelling aan individuele skepe verleen moet word, of nie, moet Administrasies in aanmerking neem watter uitwerking vrystellings mag hê of die algemene doeltreffendheid van die nooddiens vir die veiligheid van alle skepe. Administrasies behoort rekening te hou met die wenslikheid daarvan om te eis dat skepe wat vrystelling verkry van die vereistes van Regulasie 3 van hierdie Hoofstuk, as 'n voorwaarde vir vrystelling toegerus word met 'n radiotelefoonstasie wat voldoen aan die bepalings van Regulasies 15 en 16 van hierdie Hoofstuk.

(c) Elke Administrasie moet so spoedig moontlik na 1 Januarie van elke jaar by die Organisasie 'n verslag indien waarin al die vrystellings wat gedurende die vorige kalenderjaar ingevolge paragrawe (a) en (b) van hierdie Regulasie verleen is, aangegee en die redes vir sodanige vrystellings verstrek word.

DEEL B—LUISTERDIENS

REGULASIE 6

Luisterdiens—Radiotelegrafie

(a) Elke skip wat ooreenkomstig Regulasie 3 of Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk met 'n radiotelegraafstasie toegerus is, moet terwyl hy op see is, minstens een radio-offisier aan boord hê, en indien hy nie met 'n radiotelegraaf-outo-alarm toegerus is nie, moet daar behoudens die bepalings van paragraaf (d) van hierdie Regulasie deur middel van 'n radio-offisier wat 'n kopstuk of 'n luidspreker gebruik, 'n onafgebroke luisterdiens op die radiotelegraafnoodfrekwensie gehandhaaf word.

(b) Elke passasierskip wat ooreenkomstig Regulasie 3 van hierdie Hoofstuk met 'n radiotelegraafstasie toegerus is en daarbenewens 'n radiotelegraaf-outo-alarm het, moet behoudens die bepalings van paragraaf (d) van hierdie Regulasie terwyl hy op see is, deur middel van 'n radio-offisier wat 'n kopstuk of 'n luidspreker gebruik, 'n luisterdiens op die radiotelegraafnoodfrekwensie soos volg handhaaf:

(i) Indien hy 250 passasiers of minder aan boord het of gesertifiseer is om hierdie getal te vervoer, altesaam minstens agt luisterure per dag;

(ii) indien hy meer as 250 passasiers aan boord het of gesertifiseer is om daardie getal te vervoer en 'n reis onderneem wat langer as 16 uur duur tussen twee

of this Chapter, be fitted with a radiotelephone station complying with the provisions of Regulations 15 and 16 of this Chapter.

REGULATION 5

Exemptions from Regulations 3 *and* 4

(a) The Contracting Governments consider it highly desirable not to deviate from the application of Regulations 3 and 4 of this Chapter; nevertheless theAdministrationmaygrant to individual passenger or cargo ships exemptions of a partial and/or conditional nature, or complete exemption from the requirements of Regulation 3 or Regulation 4 of this Chapter.

(b) The exemptions permitted under paragraph (a) of this Regulation shall be granted only to a ship engaged on a voyage where the maximum distance of the ship from the shore, the length of the voyage, the absence of general navigational hazards, and other conditions affecting safety are such as to render the full application of Regulation 3 or Regulation 4 of this Chapter unreasonable or unnecessary. When deciding whether or not to grant exemptions to individual ships, Administrations shall have regard to the effect that exemptions may have upon the general efficiency of the distress service for the safety of all ships. Administrations should bear in mind the desirability of requiring ships which are exempted from the requirement of Regulation 3 of this Chapter to be fitted with a radiotelephone station which complies with the provisions of Regulations 15 and 16 of this Chapter as a condition of exemption.

(c) Each Administration shall submit to the Organization as soon as possible after the first of January in each year a report showing all exemptions granted under paragraphs (a) and (b) of this Regulation during the previous calendar year and giving the reasons for granting such exemptions.

PART B—WATCHES

REGULATION 6

Watches—Radiotelegraph

(a) Each ship which in accordance with Regulation 3 or Regulation 4 of this Chapter is fitted with a radiotelegraph station shall, while at sea, carry at least one radio officer and, if not fitted with a radiotelegraph auto alarm shall, subject to the provisions of paragraph (d) of this Regulation, listen continuously on the radiotelegraph distress frequency by means of a radio officer using headphones or a loudspeaker.

(b) Each passenger ship which in accordance with Regulation 3 of this Chapter is fitted with a radiotelegraph station, if fitted with a radiotelegraph auto alarm, shall, subject to the provisions of paragraph (d) of this Regulation, and while at sea, listen on the radiotelegraph distress frequency by means of a radio officer using headphones or a loudspeaker, as follows:

(i) If carrying or certificated to carry 250 passengers or less, at least 8 hours listening a day in the aggregate;

(ii) if carrying or certificated to carry more than 250 passengers and engaged on a voyage exceeding

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

opeenvolgende hawens, altesaam minstens 16 luisterure per dag, en in hierdie geval moet die skip minstens twee radio-offisiere aan boord hê;

(iii) indien hy meer as 250 passasiers aan boord het of gesertifiseer is om daardie getal te vervoer en 'n reis onderneem wat korter as 16 uur duur tussen twee opeenvolgende hawens, altesaam minstens agt luisterure per dag.

(c) (i) Elke vragskip wat ooreenkomstig Regulasie 3 van hierdie Hoofstuk met 'n radiotelegraafstasie toegerus is, en daarbenewens 'n radiotelegraaf-outo-alarm het, moet behoudens die bepalings van paragraaf (d) van hierdie Regulasie terwyl hy op see is, deur middel van 'n radio-offisier wat 'n kopstuk of 'n luidspreker gebruik, altesaam minstens agt uur per dag op die radiotelegraafnoodfrekwensie 'n luisterdiens handhaaf.

(ii) Elke vragskip van 300 ton bruto tonnemaat en meer maar minder as 1 600 ton bruto tonnemaat wat as gevolg van Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk met 'n radiotelegraafstasie toegerus is en daarbenewens 'n radiotelegraaf-outo-alarm het, moet behoudens die bepalings van paragraaf (d) van hierdie Regulasie terwyl hy op see is, deur middel van 'n radio-offisier wat 'n kopstuk of 'n luidspreker gebruik, 'n luisterdiens op die radiotelegraafnoodfrekwensie handhaaf gedurende sodanige tydperke as wat die Administrasie bepaal. Administrasies moet egter rekening hou met die wenslikheid daarvan om, waar doenlik, 'n luisterdiens van altesaam minstens agt uur per dag voor te skryf.

(d) (i) Gedurende die tydperk wanneer 'n radio-offisier ooreenkomstig hierdie regulasie op die radiotelegraafnoodfrekwensie moet luister, mag die radio-offisier hierdie luisterdiens onderbreek terwyl hy die verkeer op ander frekwensies behartig of ander noodsaaklike radiodienste verrig, maar wel slegs wanneer dit ondoenlik is om deur middel van 'n gedeelde kopstuk of luidspreker te luister. Die luisterdiens moet altyd deur 'n rado-offisier met 'n kopstuk of 'n luidspreker gehandhaaf word gedurende die stilteperiodes waarvoor daar in die Radioregulasies voorsiening gemaak word.

Die term "noodsaaklike radiodienste" in hierdie paragraaf sluit in dringende herstelwerk aan—

(1) radiokommunikasieapparaat vir veiligheidsdoeleindes;

(2) radionavigasietoerusting op bevel van die gesagvoerder.

(ii) Benewens die bepalings van subparagraaf (i) van hierdie paragraaf kan die radio-offisier op ander skepe as multiradio-offisier-passasierskepe in uitsonderlike gevalle, dit is wanneer dit onprakties is om met gedeelde kopstuk of luidsprekers te luister, op bevel van die gesagvoerder ophou luister ten einde instandhoudingswerk uit te voer wat nodig is om ophande synde wanfunksionering te voorkom van—

radiokommunikasieapparaat vir veiligheidsdoeleindes;

radionavigasietoerusting;

ander elektroniese navigasietoerusting, insluitend die herstel daarvan;

op voorwaarde dat:

(1) Die radio-offisier na mening van die betrokke Administrasie behoorlik gekwalifiseerd is om hierdie pligte uit te voer; en

(2) die skip toegerus is met 'n ontvangselektor wat voldoen aan die vereistes van die Radioregulasies;

16 hours' duration between two consecutive ports, at least 16 hours' listening a day in the aggregate. In this case the ship shall carry at least two radio officers;

(iii) if carrying or certificated to carry more than 250 passengers and engaged on a voayge of less than 16 hours' duration between two consecutive ports, at least 8 hours' listening a day in the aggregate.

(c) (i) Each cargo ship which in accordance with Regulation 3 of this Chapter is fitted with a radiotelegraph station, if fitted with a radiotelegraph auto alarm, shall, subject to the provisions of paragraph (d) of this Regulation, and while at sea, listen on the radiotelegraph distress frequency by means of a radio officer using headphones or a loudspeaker, for at least 8 hours a day in the aggregate.

(ii) Each cargo ship of 300 tons gross tonnage and upwards but less than 1 600 tons gross tonnage which is fitted with a radiotelegraph station as a consequence of Regulation 4 of this Chapter, if fitted with a radiotelegraph auto alarm shall, subject to the provisions of paragraph (d) of this Regulation, and while at sea, listen on the radiotelegraph distress frequency by means of a radio officer using headphones or a loudspeaker, during such periods as may be determined by the Administration. Administrations shall, however, have regard to the desirability of requiring, whenever practicable, a listening watch of at least 8 hours a day in the aggregate.

(d) (i) During the period when a radio officer is required by this Regulation to listen on the radiotelegraph distress frequency, the radio officer may discontinue such listening during the time when he is handling traffic on other frequencies, or performing other essential radio duties, but only if it is impracticable to listen by split headphones or loudspeaker. The listening watch shall always be maintained by a radio officer using headphones or a loudspeaker during the silence periods provided for by the Radio Regulations.

The term "essential radio duties" in this paragraph includes urgent repairs of—

(1) equipment for radiocommunication used for safety;

(2) radio navigational equipment by order of the master.

(ii) In addition to the provisions of subparagraph (i) of this paragraph, on ships other than multi-radio officer passenger ships, the radio officer may, in exceptional cases, i.e. when it is impractical to listen by split headphones or loudspeaker, discontinue listening by order of the master in order to carry out maintenance required to prevent imminent malfunction of—

equipment for radiocommunication used for safety;

radio navigational equipment;

other electronic navigational equipment including its repair;

Provided that—

(1) the radio officer, at the discretion of the Administration concerned, is appropriately qualified to perform these duties; and

(2) the ship is fitted with a receiving selector which meets the requirements of the Radio Regulations;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(3) die luisterdiens deurentyd gehandhaaf word deur 'n radio-offisier met kopstukke of 'n luidspreker gedurende die stilteperiodes waarvoor die Radioregulasies voorsiening maak.

(e) Op alle skepe wat met 'n radiotelegraaf-outoalarm toegerus is, moet hierdie radiotelegraaf-outoalarm, terwyl die skip op see is, in werking wees gedurende die tye wanneer daar nie ooreenkomstig paragraaf (b), (c) of (d) van hierdie Regulasie geluister word nie en, waar doenlik, gedurende rigtingbepalingsverrigtinge.

(f) Die luistertye waarvoor by hierdie Regulasie voorsiening gemaak word, met inbegrip van dié wat deur die Administrasie bepaal word, moet by voorkeur gehandhaaf word gedurende die tye wat by die Radioregulasies vir die radiotelegraafdiens voorgeskryf word.

REGULASIE 7

Luisterdiens—Radiotelefonie

(a) Elke skip wat ooreenkomstig Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk met 'n radiotelefoonstasie toegerus is, moet veiligheidshalwe minstens een radioteletoonoperateur aan boord hê (wat die gesagvoerder, 'n offisier of 'n bemanningslid in besit van 'n radiotelefoniesertifikaat kan wees) en moet terwyl hy op see is, op die plek aan boord vanwaar die skip gewoonlik genavigeer word, met behulp van 'n luidspreker, gefiltreerde luidspreker of radiotelefoon-outo-alarm 'n onafgebroke luisterdiens op die radiotelefoonnoodfrekwensie handhaaf.

(b) Elke skip wat ooreenkomstig Regulasie 3 of Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk toegerus is met 'n radiotelegraafstasie moet terwyl hy op see is 'n deurlopende wagdiens op die radiotelefoonnoodfrekwensie handhaaf op 'n plek wat die Administrasie moet bepaal, deur middel van 'n radiotelefoonnoodfrekwensieluisterdiensontvangstoestel met behulp van 'n luidspreker, gefiltreerde luidspreker of radiotelefoon-outoalarm.

REGULASIE 8

Luisterdiens—Bhf.-radiotelefoon

Elke skip wat ooreenkomstig Regulasie 18 van Hoofstuk V van 'n baie hoëfrekwensie (bhf.)-radiotelefoonstasie voorsien is, moet op die brug 'n luisterdiens handhaaf vir sodanige tydperke en op sodanige kanale as wat vereis mag word deur die Kontrakterende Regering waarna in daardie regulasie verwys word.

DEEL C—TEGNIESE VEREISTES

REGULASIE 9

Radiotelegraafstasies

(a) Die radiotelegraafstasie moet so geleë wees dat geen hinderlike steurings uit 'n meganiese of ander bron van buite af die behoorlike ontvangs van radioseine sal belemmer nie. Die stasie moet so hoog doenlik in die skip geleë wees ten teinde die groots moontlike mate van veiligheid te verseker.

(b) Die radiotelegraafbedienkamer moet groot genoeg wees en oor voldoende ventilasie beskik sodat die hoof- en reserweradiotelegraafinstallasies doeltreffend bedien kan word, en hy mag nie gebruik word vir 'n doel wat die funksionering van die radiotelegraafstasie sal belemmer nie.

(3) the listening watch is always maintained by a radio officer using headphones or loudspeaker during the silence periods provided for by the Radio Regulations.

(e) In all ships fitted with a radiotelegraph auto alarm this radiotelegraph auto alarm shall, while the ship is at sea, be in operation whenever there is no listening being kept under paragraphs (b), (c) or (d) of this Regulation and, whenever practicable, during direction-finding operations.

(f) The listening periods provided for by this Regulation, including those which are determined by the Administration, should be maintained preferably during periods prescribed for the radiotelegraph service by the Radio Regulations.

REGULATION 7

Watches—Radiotelephone

(a) Each ship which is fitted with a radiotelephone station in accordance with Regulation 4 of this Chapter shall, for safety purposes, carry at least one radiotelephone operator (who may be the master, an officer or a member of the crew holding a certificate for radiotelephony) and shall, while at sea, maintain continuous watch on the radiotelephone distress frequency in the place on board from which the ship is usually navigated, by use of a radiotelephone distress frequency watch receiver, using a loudspeaker, a filtered loudspeaker or radiotelephone auto alarm.

(b) Each ship which in accordance with Regulation 3 or Regulation 4 of this Chapter is fitted with a radiotelegraph station shall, while at sea, maintain continuous watch on the radiotelephone distress frequency in a place to be determined by the Administration, by use of a radiotelephone distress frequency watch receiver, using a loudspeaker, a filtered loudspeaker or radiotelephone auto alarm.

REGULATION 8

Watches—VHF radiotelephone

Each ship provided with a Very High Frequency (VHF) radiotelephone station, in accordance with Regulation 18 of Chapter V, shall maintain a listening watch on the bridge for such periods and on such channels as may be required by the Contracting Government referred to in that Regulation.

PART C—TECHNICAL REQUIREMENTS

REGULATION 9

Radiotelegraph stations

(a) The radiotelegraph station shall be so located that no harmful interference from extraneous mechanical or other noise will be caused to the proper reception of radio signals. The station shall be placed as high in the ship as is practicable, so that the greatest possible degree of safety may be secured.

(b) The radiotelegraph operating room shall be of sufficient size and of adequate ventilation to enable the main and reserve radiotelegraph installations to be operated efficiently, and shall not be used for any purpose which will interfere with the operation of the radiotelegraph station.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(c) Die slaapakkommodasie van minstens een radio-offisier moet so na as doenlik aan die radiotelegraafbedienkamer geleë wees. Op nuwe skepe mag hierdie slaapakkommodasie nie binne die radiotelegraafbedienkamer geleë wees nie.

(d) Tussen die radiotelegraafbedienkamer en die brug en een ander plek, as daar een is, vanwaar die skip genavigeer word, moet daar onafhanklik van die hoofkommunikasiestelsel op die skip 'n doeltreffende tweerigtingstelsel vir oproepe en mondelinge kommunikasie wees.

(e) Die radiotelegraafinstallasie moet op so 'n plek aangebring word dat dit beskerm sal wees teen die nadelige uitwerkings van water of temperatuuruiterstes. Dit moet geredelik toeganklik wees sowel vir onmiddellike gebruik in geval van nood as vir hersteldoeleindes.

(f) 'n Betroubare uurwerk met 'n wyserplaat van minstens 12,5 sentimeter (vyf duim) in deersnee en 'n konsentriese sekondewyser, en met die stilteperiodes in die Radioregulasie voorgeskryf vir die radiotelegraafdiens op sy voorkant gemerk, moet verskaf word. Hy moet stewig in die radiotelegraafbedienkamer in so 'n posisie gemonteer word dat die hele wyserplaat maklik en noukeuring deur die radio-offisier vanaf die radiotelegraafbedienposisie en vanaf die posisie vir die toets van die radiotelegraaf-outo-alarmontvanger waargeneem kan word.

(g) 'n Betroubare noodlig moet in die radiotelegraafbedienkamer verskaf word, en dit moet bestaan uit 'n elektriese lamp wat permanent ingerig is om die bedieningskontroles van die hoof- en reserweradiotelegraafinstallasies en die uurwerk wat by paragraaf (f) van hierdie Regulasie vereis word, bevredigend te verlig. In die geval van nuwe installasies moet hierdie lamp, indien hy van krag voorsien word uit die reserweenergiebron vereis by subparagraaf (a) (iii) van Regulasie 10 van hierdie Hoofstuk, beheer word deur middel van tweerigtingskakelaars naby die hoofingang na die radiotelegraafbedienkamer en by die radiotelegraafbedienposisie tensy die aanleg van die radiotelegraafbedienkamer dit nie regverdig nie. Hierdie skakelaars moet duidelik geëtiketteer word om hul doel aan te dui.

(h) Òf 'n elektriese inspeksielamp wat vanaf die reserweenergiebron vereis by subparagraaf (a) (iii) van Regulasie 10 van hierdie Hoofstuk bedien word en met 'n buigsame leiding van voldoende lengte toegerus is òf 'n flitslig moet verskaf en in die radiotelegraafbedienkamer gehou word.

(i) Die radiotelegraafstasie moet toegerus word met sodanige onderdele, gereedskap en toetsuitrusting as wat dit moontlik sal maak om die radiotelegraafinstallasie ter see in doeltreffende werkende orde te hou. Die toetsuitrusting moet een of meer instrumente insluit om wisselstroomvolts, gelykstroomvolts en ohms te meet.

(j) Indien 'n afsonderlike noodradiotelegraafbedienkamer verskaf is, is die bepalings van paragrawe (d), (e), (f), (g) en (h) van hierdie Regulasie daarop van toepassing.

REGULASIE 10

Radiotelegraafinstallasies

(a) Tensy uitdruklik in hierdie Regulasie anders bepaal, moet—

(i) die radiotelegraafstasie 'n hoofinstallasie en 'n reserwe-installasie bevat wat elektries geskei en elektries onafhanklik van mekaar is;

(c) The sleeping accommodation of at least one radio officer shall be situated as near as practicable to the radiotelegraph operating room. In new ships, this sleeping accommodation shall not be within the radiotelegraph operating room.

(d) There shall be provided between the radiotelegraph operating room and the bridge and one other place, if any, from which the ship is navigated, an efficient two-way system for calling and voice communication which shall be independent of the main communication system on the ship.

(e) The radiotelegraph installation shall be installed in such a position that it will be protected against the harmful effects of water or extremes of temperature. It shall be readily accessible both for immediate use in case of distress and for repair.

(f) A reliable clock with a dial not less than 12,5 centimetres (5 inches) in diameter and a concentric seconds hand, the face of which is marked to indicate the silence periods prescribed for the radiotelegraph service by the Radio Regulations, shall be provided. It shall be securely mounted in the radiotelegraph operating room in such a position that the entire dial can be easily and accurately observed by the radio officer from the radiotelegraph operating position and from the position for testing the radiotelegraph auto alarm receiver.

(g) A reliable emergency light shall be provided in the radiotelegraph operating room, consisting of an electric lamp permanently arranged so as to provide satisfactory illumination of the operating controls of the main and reserve radiotelegraph installations and of the clock required by paragraph (f) of this Regulation. In new installations, this lamp shall, if supplied from the reserve source of energy required by subparagraph (a) (iii) of Regulation 10 of this Chapter, be controlled by two-way switches placed near the main entrance to the radiotelegraph operating room and at the radiotelegraph operating position, unless the layout of the radiotelegraph operating room does not warrant it. These switches shall be clearly labelled to indicate their purpose.

(h) Either an electric inspection lamp, operated from the reserve source of energy required by subparagraph (a) (iii) of Regulation 10 of this Chapter and provided with a flexible lead of adequate length, or a flashlight shall be provided and kept in the radiotelegraph operating room.

(i) The radiotelegraph station shall be provided with such spare parts, tools and testing equipment as will enable the radiotelegraph installation to be maintained in efficient working condition while at sea. The testing equipment shall include an instrument or instruments for measuring A.C. volts, D.C. volts and ohms.

(j) If a separate emergency radiotelegraph operating room is provided the requirements of paragraphs (d), (e), (f), (g) and (h) of this Regulation shall apply to it.

REGULATION 10

Radiotelegraph installations

(a) Except as otherwise expressly provided in this Regulation—

(i) the radiotelegraph station shall include a main installation and reserve installation, electrically separate and electrically independent of each other;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(ii) die hoofinstallasie 'n hoofsender, 'n hoofontvanger en 'n hoofenergiebron insluit;

(iii) die reserwe-installasie 'n reserwesender, 'n reserweontvanger en 'n reserwe-energiebron insluit;

(iv) 'n hoof- en 'n noodantenne verskaf en aanbring word; met dien verstande dat die Administrasie enige skip van die bepaling betreffende 'n reserwe antenne kan vrystel indien hy daarvan oortuig is dat die aanbring van so 'n antenne ondoenlik of onredelik is, maar in so 'n geval moet 'n geskikte reserwe-antenne wat vir onmiddellike installering volledig opgestel is, verskaf word. Daarbenewens moet voldoende antennedraad en isolators in alle gevalle verskaf word sodat 'n geskikte antenne opgerig kan word. Indien die hoofantenne tussen stutte hang wat geneig is om te piets, moet hy behoorlik beskerm word sodat hy nie breek nie.

(b) In die geval van installasies op vragskepe (uitgesonderd dié op vragskepe van 1 600 ton bruto tonnemaat en meer wat op of na 19 November 1952 geïnstalleer is), is die reserwesender nie verpligtend indien die hoofsender aan al die vereistes vir die reserwesender voldoen nie.

(c) (i) Die hoof- en reserwesenders moet vinnig met die hoofantenne en met die reserwe-antenne as een aangebring is, verbind en daarop ingestel kan word.

(ii) Die hoof- en reserwe-ontvangers moet vinnig verbind kan word met enige antenne waarmee hulle saam gebruik moet word.

(d) Alle dele van die reserwe-installasie moet so hoog moontlik in die skip opgestel word sodat die groots moontlike mate van veiligheid verseker kan word.

(e) Die hoof- en reserwesenders moet in staat wees om op die radiotelegraafnoodfrekwensie uit te send deur gebruik te maak van 'n klas uitsending wat in die Radioregulasies vir daardie frekwensie toegewys is. Daarbenewens moet die hoofsender in staat wees om op minstens twee werkfrekwensies van die gematigde golflengtes tussen 405 kHz en 535 kHz uit te send deur die gebruik van uitstralingsklasse wat in die Radioregulasies toegewys is vir hierdie frekwensies. Die reserwesender kan bestaan uit 'n skip se noodsender soos omskryf in en waarvan die gebruik beperk word by die Radioregulasies.

(f) Indien gemoduleerde uitsending by die Radioregulasies voorgeskryf word, moet die hoof- en reserwesenders 'n modulasiediepte van minstens 70 persent en 'n toonfrekwensie tussen 450 en 1 350 Hz hê.

(g) Die hoof- en reserwesenders moet wanneer hulle aan die hoofantenne gekoppel is, 'n minimum normale reikwydte hê soos hieronder aangegee, dit wil sê hulle moet in staat wees om gedurende die dag en onder normale toestande en omstandighede oor die aangewese afstande duidelik waarneembare seine van skip tot skip uit te send*. (Duidelik waarneembare seine sal normaalweg ontvang word indien die effektiewe waarde van die veldsterkte by die ontvanger minstens 50 mikrovolts per meter is.)

	Minimum normale reikwydte in myl	
	Hoofsender	Reserwesender
Alle passasierskepe en vragskepe van 1600 ton bruto tonnemaat en meer	150	100
Vragskepe kleiner as 1 600 ton bruto tonnemaat	100	75

* By afwesigheid van 'n direkte veldsterktemeting kan onderstaande gegewens gebruik word as 'n leidraad om die normale reikwydte by benadering te bepaal:

(ii) the main installation shall include a main transmitter, main receiver, radiotelephone distress frequency watch receiver, and main source of energy;

(iii) the reserve installation shall include a reserve transmitter, reserve receiver and reserve source of energy;

(iv) a main and a reserve antenna shall be provided and installed, provided that the Administration may exempt any ship from the provision of a reserve antenna if it is satisfied that the fitting of such an antenna is impracticable or unreasonable, but in such case a suitable spare antenna completely assembled for immediate installation shall be carried. In addition, sufficient antenna wire and insulators shall in all cases be provided to enable a suitable antenna to be erected. The main antenna, if suspended between supports liable to whipping, shall be suitably protected against breakage.

(b) In installations on cargo ships (except those on cargo ships of 1 600 tons gross tonnage and upwards installed on or after 19 November 1952), if the main transmitter complies with all the requirements for the reserve transmitter, the latter is not obligatory.

(c) (i) The main and reserve transmitters shall be capable of being quickly connected with and tuned to the main antenna, and the reserve antenna if one is fitted.

(ii) The main and reserve receivers shall be capable of being quickly connected with any antenna with which they are required to be used.

(d) All parts of the reserve installation shall be placed as high in the ship as is practicable, so that the greatest possible degree of safety may be secured.

(e) The main and reserve transmitters shall be capable of transmitting on the radiotelegraph distress frequency using a class of emission assigned by the Radio Regulations for that frequency. In addition, the main transmitter shall be capable of transmitting on at least two working frequencies in the authorized bands between 405 kHz and 535 kHz, using classes of emission assigned by the Radio Regulations for these frequencies. The reserve transmitter may consist of a ship's emergency transmitter, as defined in and limited in use by the Radio Regulations.

(f) The main and reserve transmitters shall, if modulated emission is prescribed by the Radio Regulations, have a depth of modulation of not less than 70 per cent and a note frequency between 450 and 1 350 Hz.

(g) The main and reserve transmitters shall, when connected to the main antenna, have a minimum normal range as specified below, that is to say, they must be capable of transmitting clearly perceptible signals from ship to ship by day and under normal conditions and circumstances over the specified ranges*. (Clearly perceptible signals will normally be received if the R. M. S. value of the field strength at the receiver is at least 50 microvolts per metre.

	Minimum normal range in miles	
	Main transmitter	Reserve transmitter
All passenger ships, and cargo ships of 1 600 tons gross tonnage and upwards	150	100
Cargo ships below 1 600 tons gross tonnage	100	75

* In the absence of a direct measurement of the field strength the following data may be used as a guide for approximately determining the normal range:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(h) (i) Die hoof- en reserwe-ontvangers moet in staat wees om die radiotelegraafnoodfrekwensie en die klas uitsending te ontvang wat in die Radioregulasies vir daardie frekwensie toegewys is.

(ii) Bowendien moet die hoofontvanger dit moontlik maak om sodanige van die frekwensies en klasse uitsendings wat gebruik word vir die uitsending van tydseine, meteorologiese berigte en sodanige ander mededelings betreffende die veiligheid van navigasie te ontvang as wat die Administrasie nodig ag.

(iii) Die radiotelefoonnoodfrekwensie-luisterdiensontvangtoestel moet vooraf op hierdie frekwensie ingestel word. Dit moet voorsien wees van 'n dempeenheid of 'n toestel om die luidspreker stil te maak indien dit op die brug is in die afwesigheid van 'n radiotelefoonalarmsein. Die toestel moet maklik in- en uitgeskakel kan word wanneer die toestand na die oordeel van die gesagvoerder sodanig is dat die handhawing van die luisterdiens die veilige navigasie van die skip sal belemmer.

(iv) (1) 'n Radiotelefoonsender, as een voorsien is, moet toegerus wees met 'n outomatiese toestel vir die opwekking van die radiotelefoon-alarmsein, wat só ontwerp is dat dit nie per ongeluk sal begin werk nie en dat dit voldoen aan die vereistes van paragraaf (e) van Regulasie 16 van hierdie Hoofstuk. Die toestel moet te eniger tyd uitgeskakel kan word ten einde die onmiddellike versending van 'n noodoproep moontlik te maak.

(b) Skepe en vliegtuie wat vir die yswagdiens en die bestudering en waarneming van ystoestande gebruik word, kan deur die beherende Regering met ander werksaamhede belas word, mits hierdie ander werksaamhede nie hul hoofdoel belemmer of die koste van hierdie diens verhoog nie.

REGULASIE 6

Yswagdiens, beheer en koste

(a) Die Regering van die Verenigde State van Amerika willig in om voort te gaan met die beheer van die yswagdiens en die bestudering en waarneming van ystoestande, met inbegrip van die verspreiding van inligting wat daaruit verkry word. Die Kontrakterende Regerings wat in die besonder by hierdie dienste belang het, verbind hulle om by te dra tot die koste van die instandhouding en verskaffing van hierdie dienste; elke bydrae moet gebaseer word op die totale bruto tonnemaat van die skepe van elke bydraende Regering wat deur die ysberggebiede vaar wat deur die yswagdiens bewaak word. In die besonder verbind elke Kontrakterende Regering met spesiale belang hierby hom om jaarliks tot die koste van die instandhouding en verskaffing van hierdie dienste 'n bedrag by te dra wat bepaal word deur die verhouding van die totale bruto tonnemaat van daardie Kontrakterende Regering se skepe wat gedurende die ysseisoen deur die ysberggebiede vaar wat deur die yswagdiens bewaak word, tot die gesamentlike totale bruto tonnemaat van die skepe van al die bydraende Regerings wat gedurende die ysseisoen deur die ysberggebiede vaar en wat deur die yswagdiens bewaak word. Nie-kontrakterende Regerings wat in die besonder belang by hierdie dienste het, kan op dieselfde grondslae tot die koste van die instandhouding en verskaffing van hierdie dienste bydra. Die beherende Regering sal jaarliks aan elke bydraende Regering 'n opgawe verstrek van die totale koste van die instandhouding en verskaffing van die yswagdiens en van die proporsionele aandeel van elke bydraende Regering.

(b) Elkeen van die bydraende Regerings het die reg om sy bydrae te verander of te staak, en ander belanghebbende Regerings kan hulle verbind om tot die koste by te dra. Die bydraende Regering wat van hierdie reg gebruik maak, bly aanspreeklik vir sy lopende bydrae

(d) Forecasts, warnings, synoptic and other meteorological reports intended for ships shall be issued and disseminated by the national service in the best position to serve various zones and areas, in accordance with mutual arrangements made by the Contracting Governments concerned.

REGULATION 5

Ice patrol service

(a) The Contracting Governments undertake to continue an ice patrol and a service for study and observation of ice conditions in the North Atlantic. During the whole of the ice season the south-eastern, southern and south-western limits of the regions of icebergs in the vicinity of the Grand Banks of Newfoundland shall be guarded for the purpose of informing passing ships of the extent of this dangerous region; for the study of ice conditions in general; and for the purpose of affording assistance to ships and crews requiring aid within the limits of operation of the patrol ships. During the rest of the year the study and observation of ice conditions shall be maintained as advisable.

(b) Ships and aircraft used for the ice patrol service and the study and observation of ice conditions may be assigned other duties by the managing Government, provided that such other duties do not interfere with their primary purpose or increase the cost of this service.

REGULATION 6

Ice patrol, management and cost

(a) The Government of the United States of America agrees to continue the management of the ice patrol service and the study and observation of ice conditions, including the dissemination of information received therefrom. The Contracting Governments specially interested in these services undertake to contribute to the expense of maintaining and operating these services; each contribution to be based upon the total gross tonnage of the vessels of each contributing Government passing through the regions of icebergs guarded by the Ice Patrol; in particular, each Contracting Government specially interested undertakes to contribute annually to the expense of maintaining and operating these services a sum determined by the ratio which the total gross tonnage of that Contracting Government's vessels passing during the ice season through the regions of icebergs guarded by the Ice Patrol bears to the combined total gross tonnage of the vessels of all contributing Governments passing during the ice season through the regions of icebergs guarded by the Ice Patrol. Non-contracting Governments specially interested may contribute to the expense of maintaining and operating these services on the same basis. The managing Government will furnish annually to each contributing Government a statement of the total cost of maintaining and operating the Ice Patrol and of the proportionate share of each contributing Government.

(b) Each of the contributing Governments has the right to alter or discontinue its contribution, and other interested Governments may undertake to contribute to the expense. The contributing Government which avails itself of this right will continue responsible for

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

tot op 1 September na die datum waarop hy kennis gee van sy voorneme om sy bydrae te verander of te staak. Ten einde van die genoemde reg gebruik te kan maak, moet hy die beherende Regering minstens ses maande voor geooemde 1 September daarvan kennis gee.

(c) Indien die Regering van die Verenigde State te eniger tyd hierdie dienste wil staak, of indien een van die bydraende Regerings die wens uitspreek om aanspreeklikheid vir sy geldelike bydrae te laat vaar of om sy bydrae te laat verander, of indien 'n ander Kontrakterende Regering verlang om hom te bind om tot die koste by te dra, moet die bydraende Regerings die aangeleentheid ooreenkomstig hul onderlinge belange reël.

(d) Die bydraende Regerings het die reg om die bepalings van hierdie Regulasie en van Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk van tyd tot tyd by onderlinge instemming te wysig na gelang dit wenslik lyk.

(e) Waar hierdie Regulasie bepaal dat 'n maatreël getref kan word na 'n ooreenkoms onder die bydraende Regerings, moet 'n Kontrakterende Regering se voorstelle oor die tref van so 'n maatreël meegedeel word aan die beherende Regering, wat die ander bydraende Regerings moet nader met die doel om vas te stel of hulle sulke voorstelle aanneem, en die uitslae van die navrae wat aldus gedoen is, moet gestuur word aan die ander bydraende Regerings en aan die Kontrakterende Regering wat die voorstelle ingedien het. In die besonder moet die reëlings betreffende bydraes tot die koste van die dienste by tussenposes van hoogstens drie jaar deur die bydraende Regerings hersien word. Die beherende Regering moet die nodige stappe vir hierdie doel aanvoor.

REGULASIE 7

Snelheid in die nabyheid van ys

Wanneer die gesagvoerder van 'n skip berig ontvang van die aanwesigheid van ys op of in die nabyheid van die koers van sy skip, moet hy in die nag teen 'n matige snelheid vaar of sy koers sodanig verander dat hy die gevaargebied deeglik kan vermy.

REGULASIE 8

Roetebepaling

(a) Die gebruik om, veral in sameloopgebiede, roetes te aanvaar met die doel om verkeer te skei, insluitende die vermyding van deurgang deur gebiede wat aangewys is as gebiede wat deur sekere skepe of soorte skepe vermy moet word, het bygedra tot navigasieveiligheid en word vir alle betrokke skepe aanbeveel.

(b) Die Organisasie word erken as die enigste internasionale liggaam vir die instelling en aanvaarding van maatreëls op 'n internasionale vlak wat betref roetebepaling en gebiede wat vermy moet word deur skepe of bepaalde soorte skepe. Hy sal alle relevante inligting vergelyk en onder die Kontrakterende Regerings versprei.

(c) Die seleksie van die roetes en die inisiëring van handelinge in verband daarmee, en die sketsing van wat sameloopgebiede uitmaak, is in die eerste plek die betrokke Regerings se verantwoordelikheid. By die ontwikkeling van roeteskemas wat inbreuk maak op internasionale waters, of sodanige ander skemas wat hulle mag wens aangeneem te word deur die Organisasie, moet hulle die relevante inligting wat die Organisasie publiseer deeglik in ag neem.

its current contribution up to 1 September following the date of giving notice of intention to alter or discontinue its contribution. To take advantage of the said right it must give notice to the managing Government at least six months before the said 1 September.

(c) If, at any time, the United States Government should desire to discontinue these services, or if one of the contributing Governments should express a wish to relinquish responsibility for its pecuniary contribution, or to have its contribution altered, or another Contracting Government should desire to undertake to contribute to the expense, the contributing Governments shall settle the question in accordance with their mutual interests.

(d) The contributing Governments shall have the right by common consent to make from time to time such alterations in the provisions of this Regulation and of Regulation 5 of this Chapter as appear desirable.

(e) Where this Regulation provides that a measure may be taken after agreement among the contributing Governments, proposals made by any Contracting Government for effecting such a measure shall be communicated to the managing Government which shall approach the other contributing Governments with a view to ascertaining whether they accept such proposals, and the results of the enquiries thus made shall be sent to the other contributing Governments and the Contracting Government making the proposals. In particular, the arrangements relating to contributions to the cost of the services shall be reviewed by the contributing Governments at intervals not exceeding three years. The managing Government shall initiate the action necessary to this end.

REGULATION 7

Speed near ice

When ice is reported on or near his course the master of every ship at night is bound to proceed at a moderate speed or to alter his course so as to go well clear of the danger zone.

REGULATION 8

Routing

(a) The practice of following, particularly in converging areas, routes adopted for the purpose of separation of traffic including avoidance of passage through areas designated as areas to be avoided by ships or certain classes of ships or for the purpose of avoiding unsafe conditions, has contributed to the safety of navigation and is recommended for use by all ships concerned.

(b) The Organization is recognized as the only international body for establishing and adopting measures on an international level concerning routing and areas to be avoided by ships or certain classes of ships. It will collate and disseminate to Contracting Governments all relevant information.

(c) The selection of the routes and the initiation of action with regard to them, and the delineation of what constitutes converging areas, will be primarily the responsibility of the Governments concerned. In the development of routing schemes which impinge upon international waters, or such other schemes they may wish adopted by the Organization, they will give due consideration to relevant information published by the Organization.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(d) Kontrakterende Regerings moet hulle invloed gebruik om die gepaste gebruik van die aanvaarde roetes te verseker en moet alles in hulle vermoë doen om te verseker dat daar gebly word by die maatreëls wat die Organisasie in verband met die roetebepaling van skepe aangeneem het.

(e) Kontrakterende Regerings moet ook alle skepe wat vertrek op reise in die omgewing van die Groot Banke van Newfoundland, beweeg om vir sover doenlik die visgronde noord van 43° noorderbreedte te vermy en om óm gebiede te vaar wat na hulle wete of vermoede as gevolg van ys gevaarlik is.

REGULASIE 9

Misbruik van noodseine

Die gebruik van 'n internasionale noodsein met 'n ander doel as om aan te dui dat 'n skip of vliegtuig in nood verkeer, en die gebruik van 'n sein wat met 'n internasionale noodsein verwar kan word, word op elke skip of vliegtuig verbied.

REGULASIE 10

Noodberigte—Verpligtings en prosedure

(a) Die gesagvoerder van 'n skip op see wat uit enige bron 'n sein ontvang dat 'n skip of vliegtuig of 'n reddingsvaartuig daarvan in nood verkeer, is verplig om die persone wat in nood verkeer, in aller yl te hulp te snel en moet hulle, indien moontlik, die wete gee dat hy dit doen. Indien hy nie in staat is nie of in die besondere omstandighede van die geval dit onredelik of onnodig ag om hulle te gaan help, moet hy in die joernaal die rede aangee waarom hy die persone wat in nood verkeer, nie gaan help het nie.

(b) Die gesagvoerder van 'n skip wat in nood verkeer, het die reg om, nadat hy vir sover moontlik oorleg gepleeg het met die gesagvoerders van die skepe wat op sy versoek om hulp geantwoord het, daardie een of meer van hierdie skepe wat na sy mening die beste daartoe in staat is om hulp te verleen, te kommandeer en die gesagvoerder of gesagvoerders van die gekommandeerde skip of skepe is verplig om aan die kommandering gehoor te gee deur sy of hulle vaart in aller yl voort te sit om die persone wat in nood verkeer, te hulp te kom.

(c) Die gesagvoerder van 'n skip word onthef van die verpligting wat hom by paragraaf (a) van hierdie Regulasie opgelê word, wanneer hy verneem dat een of meer ander skepe as sy eie skip gekommandeer is en die kommandering gehoorsaam.

(d) Indien hy van die persone wat in nood verkeer of van die gesagvoerder van 'n ander skip wat sodanige persone bereik het, berig ontvang dat hulp nie meer nodig is nie, onthef dit die gesagvoerder van 'n skip van die verpligting opgelê by paragraaf (a) van hierdie Regulasie en, indien sy skip gekommandeer is, van die verpligting opgelê by paragraaf (b) van hierdie Regulasie.

(e) Die bepalings van hierdie Regulasie maak geen inbreuk op die Internasionale Konvensie vir die unifikasie van sekere reëls betreffende Hulp en Berging op See wat op 23 September 1910 te Brussel geteken is nie, veral nie wat betref die verpligting ingevolge Artikel 11 van daardie Konvensie om hulp te verleen nie.

(d) Contracting Governments will use their influence to secure the appropriate use of adopted routes and will do everything in their power to ensure adherence to the measures adopted by the Organization in connection with routing of ships.

(e) Contracting Governments will also induce all ships proceeding on voyages in the vicinity of the Grand Banks of Newfoundland to avoid, as far as practicable, the fishing banks of Newfoundland north of latitude 43 °N and to pass outside regions known or believed to be endangered by ice.

REGULATION 9

Misuse of distress signals

The use of an international distress signal, except for the purpose of indicating that a ship or aircraft is in distress, and the use of any signal which may be confused with an international distress signal, are prohibited on every ship or aircraft.

REGULATION 10

Distress messages—Obligations and procedures

(a) The master of a ship at sea, on receiving a signal from any source that a ship or aircraft or survival craft thereof is in distress, is bound to proceed with all speed to the assistance of the persons in distress informing them if possible that he is doing so. If he is unable or, in the special circumstances of the case, considers it unreasonable or unnecessary to proceed to their assistance, he must enter in the logbook the reason for failing to proceed to the assistance of the persons in distress.

(b) The master of a ship in distress, after consultation, so far as may be possible, with the masters of the ships which answer his call for assistance, has the right to requisition such one or more of those ships as he considers best able to render assistance, and it shall be the duty of the master or masters of the ship or ships requisitioned to comply with the requisition by continuing to proceed with all speed to the assistance of persons in distress.

(c) The master of a ship shall be released from the obligation imposed by paragraph (a) of this Regulation when he learns that one or more ships other than his own have been requisitioned and are complying with the requisition.

(d) The master of a ship shall be released from the obligation imposed by paragraph (a) of this Regulation, and, if his ship has been requisitioned, from the obligation imposed by paragraph (b) of this Regulation, if he is informed by the persons in distress or by the master of another ship which has reached such persons that assistance is no longer necessary.

(e) The provisions of this Regulation do not prejudice the International Convention for the unification of certain rules with regard to Assistance and Salvage at Sea, signed at Brussels on 23 September 1910, particularly the obligation to render assistance imposed by Article 11 of that Convention.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REGULASIE 11

Seinlampe

Alle skepe van meer as 150 ton bruto tonnemaat moet, wanneer hulle op internasionale reise gebruik word, 'n doeltreffende dagseinlamp aan boord hê, wat nie uitsluitlik van die skip se hoof-elektrisiteitbron afhanklik is nie.

REGULASIE 12

Skeepsnavigasietoerusting

(a) Alle skepe van 1 600 ton bruto tonnemaat en groter moet met 'n tipe radar toegerus wees wat die Administrasie goedgekeur het. Fasiliteite vir die kartering van radarlesings moet op die brug in daardie skepe voorsien word.

(b) Alle skepe van 1 600 ton bruto tonnemaat en groter moet, wanneer hulle op internasionale reise gebruik word, toegerus wees met 'n radiorigtingbepalingsapparaat wat voldoen aan die bepalings van Regulasie 12 van Hoofstuk IV.

Die Administrasie kan enige skip kleiner as 5 000 ton bruto tonnemaat van hierdie vereiste vrystel in gebiede waar hy dit as onredelik of onnodig beskou om sulke apparaat aan boord te hê, na behoorlike inagneming van die feit dat radiorigtingpeilingsapparaat beide van waarde is as navigasie-instrument en as hulpmiddel by die opspoor van skepe, lugvaartuie of oorlewingsvaartuie.

(c) Alle skepe van 1 600 ton bruto tonnemaat en groter moet, wanneer hulle op internasionale reise gebruik word, toegerus wees met 'n tolkompas benewens die magnetiese kompas. Die Administrasie kan enige skip kleiner as 5 000 ton bruto tonnemaat van hierdie vereiste vrystel as hy dit as onredelik of onnodig ag om 'n tolkompas te vereis.

(d) Alle nuwe skepe van 500 ton bruto tonnemaat en groter moet, wanneer hulle op internasionale reise gebruik word, toegerus wees met 'n eggolood.

(e) Hoewel alle redelike stappe gedoen moet word om die apparaat doelmatig in stand te hou, moet foutwerking van die radartoerusting, die tolkompas of die eggolood nie geag word die skip onseewaardig te maak of as rede beskou word om die skip in hawens te vertraag waar 'n hersteldiens nie geredelik beskikbaar is nie.

(f) Alle nuwe skepe van 1 600 ton bruto tonnemaat en groter moet, wanneer hulle op internasionale reise gebruik word, toegerus wees met radioapparaat vir terugdraaiing na russtand op die radiotelefoonnoodfrekwensie, in ooreenstemming met die relevante bepalings van paragraaf (b) van Regulasie 12 van Hoofstuk IV.

REGULASIE 13

Bemanning

Die Kontrakterende Regerings verbind hulself, elkeen ten opsigte van sy nasionale skepe, om maatreëls te handhaaf of, indien nodig, te tref ten einde te verseker dat alle skepe uit die oogpunt van die veiligheid van menselewens op see toereikend en doeltreffend beman word.

REGULASIE 14

Hulpmiddels vir navigasie

Die Kontrakterende Regerings verbind hulle om reëlings te tref vir die oprigting en instandhouding van sodanige hulpmiddels vir navigasie, met inbegrip van radiobakens en elektroniese hulpmiddels, as wat na hul mening deur die hoeveelheid verkeer geregverdig en

REGULATION 11

Signalling lamps

All ships of over 150 tons gross tonnage, when engaged on international voyages, shall have on board an efficient daylight signalling lamp which shall not be solely dependent upon the ship's main source of electrical power.

REGULATION 12

Shipborne navigational equipment

(a) All ships of 1 600 tons gross tonnage and upwards shall be fitted with a radar of a type approved by the Administration. Facilities for plotting radar readings shall be provided on the bridge in those ships.

(b) All ships of 1 600 tons gross tonnage and upwards, when engaged on international voyages, shall be fitted with radio direction-finding apparatus complying with the provisions of Regulation 12 of Chapter IV. The Administration may, in areas where it considers it unreasonable or unnecessary for such apparatus to be carried, exempt any ship of less than 5 000 tons gross tonnage from this requirement, due regard being had to the fact that radio direction-finding apparatus is of value both as a navigational instrument and as an aid to locating ships, aircraft or survival craft.

(c) All ships of 1 600 tons gross tonnage and upwards, when engaged on international voyages, shall be fitted with a gyro-compass in addition to the magnetic compass. The Administration, if it considers it unreasonable or unnecessary to require a gyro-compass, may exempt any ship of less than 5 000 tons gross tonnage from this requirement.

(d) All new ships of 500 tons gross tonnage and upwards, when engaged on international voyages, shall be fitted with an echo-sounding device.

(e) Whilst all reasonable steps shall be taken to maintain the apparatus in an efficient condition, malfunction of the radar equipment, the gyro-compass or the echo-sounding device shall not be considered as making the ship unseaworthy or as a reason for delaying the ship in ports where repair facilities are not readily available.

(f) All new ships of 1 600 tons gross tonnage and upwards, when engaged on international voyages, shall be fitted with radio equipment for homing on the radiotelephone distress frequency complying with the relevant provisions of paragraph (b) of Regulation 12 of Chapter IV.

REGULATION 13

Manning

The Contracting Governments undertake, each for its national ships, to maintain, or, if it is necessary, to adopt, measures for the purpose of ensuring that, from the point of view of safety of life at sea, all ships shall be sufficiently and efficiently manned.

REGULATION 14

Aids to navigation

The Contracting Governments undertake to arrange for the establishment and maintenance of such aids to navigation, including radio beacons and electronic aids as, in their opinion, the volume of traffic justifies

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

deur die mate van gevaar vereis word, en om reëlings te tref dat inligting betreffende hierdie hulpmiddels aan alle belanghebbendes beskikbaar gestel word.

REGULASIE 15

Soek- en reddingswerk

(a) Elke Kontrakterende Regering verbind hom om sorg te dra dat alle nodige reëlings getref word vir 'n kuswag en vir die redding van persone wat om sy kuste op see in nood verkeer. Hierdie reëlings moet die oprigting, bediening en onderhoud insluit van sodanige maritieme veiligheidsfasiliteite as wat met inagneming van die digtheid van die seeverkeer en die navigasiegevare prakties en nodig geag word, en behoort vir sover moontlik toereikende middels te verskaf vir die opsporing en redding van sulke persone.

(b) Elke Kontrakterende Regering verbind hom om inligting beskikbaar te stel betreffende sy bestaande reddingsfasiliteite en beplande veranderings daarin, as daar is.

REGULASIE 16

Reddingseine

Ondervermelde seine moet deur reddingstasies en maritieme reddingseenhede in verbinding met skepe of persone wat in nood verkeer, en deur skepe of persone wat in nood verkeer, in verbinding met reddingstasies en maritieme reddingseenhede gebruik word. Die seine wat vliegtuie op soek- en reddingsondernemings gebruik om aan skepe rigting te gee, word hieronder in paragraaf (d) aangedui. 'n Geïllustreerde tabel waarin ondervermelde seine beskryf word, moet geredelik beskikbaar wees vir die offisier van die wag van elke skip waarop hierdie hoofstuk van toepassing is.

(a) Antwoorde van reddingstasies of maritieme reddingseenhede op noodseine van 'n skip of persoon:

Seine	*Betekenis*
Bedags.—Oranje rooksein of gekombineerde lig- en geluidsein (liggewende knalsein) bestaande uit drie enkele seine wat by tussenposes van ongeveer een minuut afgevuur word. *Snags.*—Vuurpyl met wit sterre bestaande uit drie enkele seine wat by tussenposes van ongeveer een minuut afgevuur word.	"U word gesien—hulp word so spoedig moontlik verleen." (Herhaling van sulke seine het dieselfde betekenis.)

As dit nodig is, kan die dagseine snags of die nagseine bedags gegee word.

(b) Landingseine vir die leiding van klein bote met bemannings of persone wat in nood verkeer:

Sein	*Betekenis*
Bedags.—Vertikale beweging van 'n wit vlag of van die arms of die afvuur van 'n sein met groen sterre of uitsending van die kodeletter "K" (—.—) met 'n lig- of geluidseinapparaat. *Snags.*—Vertikale beweging van 'n wit lig of sinjaalvlam, of die afvuur van 'n sein met groen sterre of uitsending van die kodeletter "K" (—.—) met 'n lig- of geluidseinapparaat. 'n Ligging (aanduiding van rigting) kan gegee word deur 'n vaste wit lig of fakkel op 'n laer vlak en op 'n lyn met die waarnemer te plaas.	"Dit is die beste plek om te land."
Bedags.—Horisontale beweging van 'n wit vlag of arms horisontaal uitgestrek, of die afvuur van 'n sein met rooi sterre of uitsending van die kodeletter "S" (. . .) met 'n lig of geluidseinapparaat. *Snags.*—Horisontale beweging van 'n wit lig of fakkel of die afvuur van 'n sein met rooi sterre of uitsending van die kodeletter "S" (. . .) met 'n lig- of geluidseinapparaat.	"Om hier te land is hoogs gevaarlik."

and the degree of risk requires, and to arrange for information relating to these aids to be made available to all concerned.

REGULATION 15

Search and rescue

(a) Each Contracting Government undertakes to ensure that any necessary arrangements are made for coast watching and for the rescue of persons in distress at sea round its coasts. These arrangements should include the establishment, operation and maintenance of such maritime safety facilities as are deemed practicable and necessary having regard to the density of the seagoing traffic and the navigational dangers and should, so far as possible, afford adequate means of locating and rescuing such persons.

(b) Each Contracting Government undertakes to make available information concerning its existing rescue facilities and the plans for changes therein, if any.

REGULATION 16

Life-saving signals

The following signals shall be used by life-saving stations and maritime rescue units when communicating with ships or persons in distress and by ships or persons in distress when communicating with life-saving stations and maritime rescue units. The signals used by aircraft engaged in search and rescue operations to direct ships are indicated in paragraph (d) below. An illustrated table describing the signals listed below shall be readily available to the officer of the watch of every ship to which this Chapter applies.

(a) Replies from life-saving stations or maritime rescue units to distress signals made by a ship or person:

Signal	*Signification*
By day.—Orange smoke signal or combined light and sound signal (thunderlight) consisting of three single signals which are fired at intervals of approximately one minute. *By night.*—White star rocket consisting of three single signals which are fired at intervals of approximately one minute.	"You are seen—assistance will be given as soon as possible." (Repetition of such signals shall have the same meaning.)

If necessary the day signals may be given at night or the night signals by day.

(b) Landing signals for the guidance of small boats with crews or persons in distress:

Signal	*Signification*
By day.—Vertical motion of a white flag or the arms or firing of a green star-signal or signalling the code letter "K" (—.—) given by light or sound-signal apparatus. *By night.*—Vertical motion of a white light or flare, or firing of a green star-signal or signalling the code letter "K" (—.—) given by light or sound-signal apparatus. A range (indication of direction) may be given by placing a steady white light or flare at a lower level and in line with the observer.	"This is the best place to land."
By day.—Horizontal motion of a white flag or arms extended horizontally or firing of a red star-signal or signalling the code letter "S" (. . .) given by light or sound-signal apparatus. *By night.*—Horizontal motion of a white light or flare or firing of a red star-signal or signalling the code letter "S" (. . .) given by light or sound-signal apparatus.	"Landing here highly dangerous."

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Sein	*Betekenis*
Bedags.—Horisontale beweging van 'n wit vlag, gevolg deur die wit vlag in die grond te steek en 'n ander wit vlag te dra in die rigting wat aangedui moet word of die vertikale afvuring van 'n sein met rooi sterre, en die afvuur van 'n sein met wit sterre in die rigting van die gunstiger landingsplek, of uitsending van die kodeletter "S" (. . .), gevolg deur die kodeletter "R" (.—.) indien 'n gunstiger landingsplek vir die vaartuig wat in nood verkeer, meer na regs van die naderingsrigting geleë is, of die kodeletter "L" (.—. .) indien 'n gunstiger landingsplek vir die vaartuig wat in nood verkeer, meer na links van die naderingsrigting geleë is. *Snags.*—Horisontale beweging van 'n wit lig of fakkel, gevolg deur die wit lig of fakkel op die grond neer te sit en 'n ander wit lig of fakkel te dra in die rigting wat aangedui word, moet of die vertikale afvuring van 'n sein met rooi sterre en die afvuur van 'n sein met wit sterre in die rigting van die gunstiger landingsplek, of uitsending van die kodeletter "S" (. . .) gevolg deur die kodeletter "R" (.—.) indien 'n gunstiger landingsplek vir die vaartuig wat in nood verkeer, meer na regs van die naderingsrigting geleë is, of die kodeletter "L" (.—. .) indien 'n gunstiger landingsplek vir die vaartuig wat in nood verkeer, meer na links van die naderingsrigting geleë is.	"Om hier te land is hoogs gevaarlik. Daar is 'n gunstiger landingsplek in die aangeduide rigting."

(c) Seine wat in verband met reddingsapparaat op die kus gebruik moet word:

Sein	*Betekenis*
Bedags.—Vertikale beweging van 'n wit vlag of van die arms, of die afvuur van 'n sein met groen sterre. *Snags.*—Vertikale beweging van 'n wit lig of fakkel, of die afvuur van 'n sein met groen sterre.	In die algemeen—"Bevestigend." In die besonder— " 'n Vuurpyllyn word gehou." "Stertblok is vasgemaak." "Tros is vasgemaak." "Daar is iemand in die broekboei." "Trek maar."
Bedags.—Horisontale beweging van 'n wit vlag of arms horisontaal uitgestrek, of die afvuur van 'n sein met rooi sterre. *Snags.*—Horisontale beweging van 'n wit lig of fakkel of die afvuur van 'n sein met rooi sterre.	In die algemeen— "Ontkennend." In die besonder— "Verslap die toue." "Hou op met trek."

(d) Seine wat gebruik word deur vliegtuie op soek- en reddingsondernemings om skepe rigting te gee na 'n vliegtuig, skip of persoon wat in nood verkeer (lees verklarende Opmerking hieronder):

(i) Wanneer 'n vliegtuig die volgende prosedures agtereenvolgens uitvoer, beteken dit dat die vliegtuig vir 'n bowatervaartuig rigting gee na 'n vliegtuig of 'n bowatervaartuig wat in nood verkeer:

(1) Minstens een keer om die bowatervaartuig sirkel;

(2) laag vlak voor die boeg die koers van die bowatervaartuig kruis, versnel en snelheid verminder of die toonhoogte van die skroef verander;

(3) in die rigting vlieg waarin die bowatervaartuig gelei word.

Herhaling van hierdie prosedures het dieselfde betekenis.

(ii) Wanneer 'n vliegtuig die volgende prosedure uitvoer, beteken dit dat die hulp van die bowatervaartuig aan wie die sein gerig word, nie meer nodig is nie:

Signal	*Signification*
By day.—Horizontal motion of a white flag, followed by the placing of the white flag in the ground and the carrying of another white flag in the direction to be indicated or firing of a red star-signal vertically and a white star-signal in the direction towards the better landing place or signalling the code letter "S" (. . .) followed by the code letter "R" (.—.) if a better landing place for the craft in distress is located more to the right in the direction of approach or the code letter "L" (.—. .) if a better landing place for the craft in distress is located more to the left in the direction of approach. *By night.*—Horizontal motion of a white light or flare, followed by the placing of the white light or flare on the ground and the carrying of another white light or flare in the direction to be indicated or firing of a red star-signal vertically and a white star-signal in the direction towards the better landing place or signalling the code letter "S" (. . .) followed by code letter "R" (.—.) if a better landing place for the craft in distress is located more to the right in the direction of approach or the code letter "L" (.—. .) if a better landing place for the craft in distress is located more to the left in the direction of approach.	"Landing here highly dangerous. A more favourable location for landing is in the direction indicated."

(c) Signals to be employed in connection with the use of shore life-saving apparatus:

Signal	*Signification*
By day.—Vertical motion of a white flag or the arms or firing of a green star-signal. *By night.*—Vertical motion of a white light or flare or firing of a green star-signal.	In general — "Affirmative" Specifically: "Rocket line is held." "Tail block is made fast." "Hawser is made fast." "Man is in the breeches buoy." "Haul away."
By day.—Horizontal motion of a white flag or arms extended horizontally or firing of a red star-signal. *By night.*—Horizontal motion of a white light or flare or firing of a red star-signal.	In general—"Negative." Specifically: "Slack away." "Avast hauling."

(d) Signals used by aircraft engaged on search and rescue operations to direct ships towards an aircraft, ship or person in distress (see explanatory Note below):

(i) The following procedures performed in sequence by an aircraft mean that the aircraft is directing a surface craft towards an aircraft or a surface craft in distress:

(1) Circling the surface craft at least once;

(2) crossing the projected course of the surface craft close ahead at a low altitude, opening and closing the throttle or changing the propeller pitch;

(3) heading in the direction in which the surface craft is to be directed.

Repetition of such procedures has the same meaning.

(ii) The following procedure performed by an aircraft means that the assistance of the surface craft to which the signal is directed is no longer required:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Laag vlak agter die bowatervaartuig die volgstroom kruis, versnel en snelheid verminder of die toonhoogte van die skroef verander.

Opmerking.—Die Organisasie sal na gelang nodig vooraf kennis gee van veranderings in hierdie seine.

REGULASIE 17

Loodslere en meganiese loodhysers

Skepe op reise in die loop waarvan daar waarskynlik van die dienste van loodse gebruik gemaak sal word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) *Loodslere.*

(i) Die leer moet doelmatig wees om loodse in staat te stel om veilig aan boord en van boord af te gaan, moet skoon en in 'n goeie toestand gehou word en kan deur beamptes en ander persone gebruik word wanneer 'n skip by 'n hawe aankom of dit verlaat.

(ii) Die leer moet bevestig wees in so 'n posisie dat dit verwyder is van enige moontlike afvoere van die skip, dat elke sport stewig teen die skip se kant rus, dat dit sover doenlik verwyder is van die stroomlyne van die skip en sodat die loods veilige en gerieflike toegang tot die skip kan verkry nadat hy minstens 1,5 meter (5 voet) en hoogstens 9 meter (30 voet) geklim het. 'n Enkele leer moet gebruik word wat in staat is om die water te bereik vanaf die punt van toegang tot die skip; by die voorvoorsiening hiervan moet daar deeglik toegelaat word vir alle toestande van belading en trim van die skip en vir 'n teengestelde slagsy van 15 grade. Wanneer die afstand tussen die seevlak en die punt van toegang tot die skip meer as 9 meter (30 voet) is, moet toegang vanaf die loodsleer tot die skip verleen word by wyse van 'n akkommodasieleer of op 'n ander ewe veilige manier.

(iii) Die treetjies van die leer moet—

(1) van hardehout of 'n ander materiaal met ekwivalente eienskappe gemaak wees uit een stuk sonder kwaste, met 'n doelmatige glyvaste oppervlakte; die onderste vier treetjies kan van rubber met die nodige sterkte en onbuigsaamheid gemaak word, of van ander geskikte materiaal met ekwivalente eienskappe;

(2) minstens 480 millimeter (19 duim) lank, 115 millimeter (4½ duim) breed en 25 millimeter (1 duim) dik wees afgesien van enige glyvaste middel;

(3) eweredig gespasieer wees, minstens 300 millimeter (12 duim) en hoogstens 380 millimeter (15 duim) uitmekaar en bevestig op so 'n wyse dat hulle horisontaal sal bly.

(iv) Geen loodsleer moet meer as twee vervangtreetjies hê wat op 'n ander manier in posisie bevestig word as wat gebruik is in die oorspronklike konstruksie van die leer nie, en enige treetjies wat so bevestig is, moet so gou doenlik vervang word deur treetjies wat in posisie gehou word ooreenkomstig die metode wat by die oorspronklike konstruksie van die leer gebruik is. Wanneer enige vervangtreetjie aan die sytoue bevestig word deur middel van kepe in die kant van die treetjie, moet sulke kepe aan die lengtekante van die treetjie wees.

(v) Die sytoue van die leer moet bestaan uit twee onbedekte manilla-toue van minstens 60 millimeter (2¼ duim) in omtrek aan elke kant. Elke tou moet deurlopend wees sonder enige lasplek onderkant die boonste treetjie. Twee mantoue wat behoorlik aan die skip bevestig is en met 'n omtrek van minstens 65 millimeter (2½ duim) en 'n veiligheidstou moet gereed vir gebruik indien dit nodig is, byderhand gehou word.

Crossing the wake of the surface craft close astern at a low altitude, opening and closing the throttle or changing the propeller pitch.

Note.—Advance notification of changes in these signals will be given by the Organization as necessary.

REGULATION 17

Pilot ladders and mechanical pilot hoists

Ships engaged on voyages in the course of which pilots are likely to be employed shall comply with the following requirements:

(a) *Pilot ladders.*

(i) The ladder shall be efficient for the purpose of enabling pilots to embark and disembark safely, kept clean and in good order and may be used by officials and other persons while a ship is arriving at or leaving a port.

(ii) The ladder shall be secured in a position so that it is clear from any possible discharges from the ship, that each step rests firmly against the ship's side, that it is clear so far as is practicable of the finer lines of the ship and that the pilot can gain safe and convenient access to the ship after climbing not less than 1,5 metres (5 feet) and not more than 9 metres (30 feet). A single length of ladder shall be used capable of reaching the water from the point of access to the ship; in providing for this due allowance shall be made for all conditions of loading and trim of the ship and for an adverse list of 15 degrees. Whenever the distance from sea level to the point of access to the ship is more than 9 metres (30 feet), access from the pilot ladder to the ship shall be by means of an accommodation ladder or other equally safe and convenient means.

(iii) The steps of the pilot ladder shall be—

(1) of hardwood, or other material of equivalent properties, made in one piece free of knots, having an efficient non-slip surface; the four lowest steps may be made of rubber of sufficient strength and stiffness or of other suitable material of equivalent characteristics;

(2) not less than 480 millimetres (19 inches) long, 115 millimetres (4½ inches) wide, and 25 millimetres (1 inch) in depth, excluding any non-slip device;

(3) equally spaced not less than 300 millimetres (12 inches) nor more than 380 millimetres (15 inches) apart and be secured in such a manner that they will remain horizontal.

(iv) No pilot ladder shall have more than two replacement steps which are secured in position by a method different from that used in the original construction of the ladder and any steps so secured shall be replaced as soon as reasonably practicable by steps secured in position by the method used in the original construction of the ladder. When any replacement step is secured to the side ropes of the ladder by means of grooves in the sides of the step, such grooves shall be in the longer sides of the step.

(v) The side ropes of the ladder shall consist of two uncovered manilla ropes not less than 60 millimetres (2¼ inches) in circumference on each side. Each rope shall be continuous with no joints below the top step. Two man-ropes properly secured to the ship and not less than 65 millimetres (2½ inches) in circumference and a safety line shall be kept at hand ready for use if required.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(vi) Heglatte van hardehout, of ander materiaal met ekwivalente eienskappe, uit een stuk en minstens 1,8 meter (5 voet 10 duim) lank, op sodanige intervalle aangebring word dat hulle keer dat die loodsleer draai. Die laagste heglat moet by die vyfde treetjie van onder af wees, en die interval tussen enige heglat en die volgende moet hoogstens 9 treetjies wees.

(vii) Middele moet verskaf word om veilige en gerieflike deurgang na of in of van die skip af te verseker tussen die bopunt van die loodsleer of van enige akkommodasieleer of ander toestel wat voorsien is. Waar sodanige deurgang geskied deur 'n hek in die relings of boordwand, moet daar toereikende handrelings voorsien word. Waar sodanige deurgang by wyse van 'n boordwandleer geskied, moet die leer stewig aan die boordwandreling of platform bevestig wees, en twee handrelingstutte moet aangebring word by die punt waar daar aan boord gegaan en die skip verlaat word, minstens 0,7 meter (2 voet 3 duim) en hoogstens 0,8 meter (2 voet 7 duim) vanmekaar. Elke stut moet naby sy basis en op 'n hoër punt stewig aan die skeepstruktuur vas wees, moet minstens 40 millimeter (1½ duim) in deursnee wees en moet strek tot minstens 1,2 meter (3 voet 11 duim) bo die bokant van die boordwand.

(viii) Snags moet beligting verskaf word sodat sowel die loodsleer oorboord en die posisie waar die loods aan boord gaan, toereikend belig is. 'n Reddingsboei toegerus met 'n selfontbrandingslig moet gereed vir gebruik byderhand gehou word. 'n Hystou moet gereed vir gebruik byderhand gehou word indien dit nodig sou word.

(ix) Middels moet verskaf word wat dit moontlik maak om die loodsleer aan iedere kant van die skip te gebruik.

(x) Die optakeling van die leer en die aan boord kom en verlating van die skip deur 'n loods moet onder toesig van 'n verantwoordelike offisier van die skip geskied.

(xi) Waar die konstruksiekenmerke van enige skip, soos byvoorbeeld bufferrepe, die toepassing van enige van hierdie bepalings onmoontlik maak, moet spesiale maatreëls tot tevredenheid van die Administrasie getref word om te verseker dat persone veilig aan boord kan gaan of die skip kan verlaat.

(b) *Meganiese loodshysers:*

(i) 'n Meganiese loodshyser, as daar een is, en sy hulpuitrusting moet van so soort wees wat deur die Administrasie goedgekeur is. Dit moet van sodanige ontwerp en bou wees dat dit verseker dat die loods veilig aan boord gebring of neergelaat kan word, insluitende 'n veilige deurgang vanaf die hyser na die dek en omgekeerd.

(ii) 'n Loodsleer wat voldoen aan die bepalings van paragraaf (a) van hierdie regulasie moet gereed vir onmiddellike gebruik op die dek langs die hyser gebou word.

REGULASIE 18

Bhf-radiotelefoonstasies

Wanneer 'n Kontrakterende Regering vereis dat skepe wat binne 'n gebied onder sy soewereiniteit vaar, toegerus moet wees met 'n baie hoë frekwensie (bhf)-radiotelefoonstasie om te gebruik met 'n stelsel wat hy opgerig het om veilige navigasie te bevorder, moet so 'n stasie voldoen aan die bepalings van Regulasie 17 van Hoofstuk IV en gebruik word ooreenkomstig Regulasie 8 van Hoofstuk IV.

(vi) Battens made of hardwood, or other material of equivalent properties, in one piece and not less than 1,80 metres (5 feet 10 inches) long shall be provided at such intervals as will prevent the pilot ladder from twisting. The lowest batten shall be on the fifth step from the bottom of the ladder and the interval between any batten and the next shall not exceed 9 steps.

(vii) Means shall be provided to ensure safe and convenient passage on to or into and off the ship between the head of the pilot ladder or of any accommodation ladder or other appliance provided. Where such passage is by means of a gateway in the rails or bulwark, adequate handholds shall be provided. Where such passage is by means of a bulwark ladder, such ladder shall be securely attached to the bulwark rail or platform and two handhold stanchions shall be fitted at the point of boarding or leaving the ship not less than 0,70 metre (2 feet 3 inches) nor more than 0,80 metre (2 feet 7 inches) apart. Each stanchion shall be rigidly secured to the ship's structure at or near its base and also at a higher point, shall be not less than 40 millimetres (1½ inches) in diameter and shall extend not less than 1,20 metres (3 feet 11 inches) above the top of the bulwark.

(viii) Lighting shall be provided at night such that both the pilot ladder overside and also the position where the pilot boards the ship shall be adequately lit. A lifebuoy equipped with a self-igniting light shall be kept at hand ready for use. A heaving line shall be kept at hand ready for use if required.

(ix) Means shall be provided to enable the pilot ladder to be used on either side of the ship.

(x) The rigging of the ladder and the embarkation and disembarkation of a pilot shall be supervised by a responsible officer of the ship.

(xi) Where on any ship constructional features such as rubbing bands would prevent the implementation of any of these provisions, special arrangements shall be made to the satisfaction of the Administration to ensure that persons are able to embark and disembark safely.

(b) *Mechanical pilot hoists*

(i) A mechanical pilot hoist, if provided, and its ancillary equipment shall be of a type approved by the Administration. It shall be of such design and construction as to ensure that the pilot can be embarked and disembarked in a safe manner including a safe access from the hoist to the deck and *vice versa.*

(ii) A pilot ladder complying with the provisions of paragraph (a) of this Regulation shall be kept on deck adjacent to the hoist and available for immediate use.

REGULATION 18

VHF radiotelephone stations

When a Contracting Government requires ships navigating in an area under its sovereignty to be provided with a Very High Frequency (VHF) radiotelephone station to be used in conjunction with a system which it has established in order to promote safety of navigation, such station shall comply with the provisions of Regulation 17 of Chapter IV and shall be operated in accordance with Regulation 8 of Chapter IV.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REGULASIE 19

Gebruik van die outomatiese loods

(a) In gebiede met 'n hoë verkeersdigtheid, in toestande waar die sigbaarheid beperk is en in alle ander gevaarlike navigasietoestande waar die outomatiese loods gebruik word, moet dit moontlik wees om onmiddellik oor te skakel na menslike beheer van die skip se stuurapparaat.

(b) In bogenoemde omstandighede moet dit vir die offisier van die wag moontlik wees om sonder versuim die dienste beskikbaar te hê van 'n gekwalifiseerde stuurman wat te alle tye gereed moet wees om stuurbeheer oor te neem.

(c) Die oorskakeling vanaf outomatiese na handstuur en omgekeerd moet gedoen word onder toesig van 'n verantwoordelike offisier.

REGULASIE 20

Seevaartpublikasies

Alle skepe moet toereikende en bygewerkte kaarte, vaaraanwysings, lyste van ligte, kennisgewings vir seevaarders, getytabelle en alle ander skeepvaartpublikasies wat vir die voorgenome reis nodig is, aan boord hê.

REGULASIE 21

Internasionale seinboek

Alle skepe wat ingevolge die huidige Konvensie 'n radiotelegraaf- of 'n radiotelefooninrigting aan boord moet hê, moet die Internasionale Seinboek aan boord hê. Die publikasie moet ook aan boord van enige ander skip wees wat na die Administrasie se oordeel nodig het om dit te gebruik.

HOOFSTUK VI

VERVOER VAN GRAAN

DEEL A—ALGEMENE BEPALINGS

REGULASIE 1

Toepassing

Tensy uitdruklik anders bepaal, is hierdie Hoofstuk, insluitende Dele A, B, en C, van toepassing op die vervoer van graan in alle skepe waarop die huidige Regulasies van toepassing is.

REGULASIE 2

Definisies

(a) Die woord "graan" sluit in koring, mielies, hawer, rog, gars, rys, peulvrugte, sade en verwerkte vorme daarvan waarvan die gedrag soortgelyk is aan dié van graan in sy natuurlike staat.

(b) Die term "gevulde afdeling" verwys na enige kompartement waarin die massa graan op sy hoogs moontlike vlak is na die inskeping en trimming soos vereis ingevolge Regulasie 3.

(c) Die term "gedeeltelik gevulde afdeling" verwys na en enige kompartement waarin massagraan nie op die wyse voorgeskryf in paragraaf (b) van hierdie Regulasie ingeskeep is nie.

(d) Die term "oorstromingshoek" (θ_f) 'n slagsyhoek waarteen openinge in die romp, bobou of dekhuise, wat nie weerdig gesluit kan word nie, begrawe raak. By die toepassing van hierdie definisie hoef klein openinge waardeur progressiewe oorstroming nie kan plaasvind nie, nie as oop beskou te word nie.

REGULATION 19

Use of the automatic pilot

(a) In areas of high traffic density, in conditions of restricted visibility and in all other hazardous navigational situations where the automatic pilot is used, it shall be possible to establish human control of the ship's steering immediately.

(b) In circumstances as above, it shall be possible for the officer of the watch to have available without delay the services of a qualified helmsman who shall be ready at all times to take over steering control.

(c) The change-over from automatic to manual steering and *vice versa* shall be made by or under the supervision of a responsible officer.

REGULATION 20

Nautical publications

All ships shall carry adequate and up-to-date charts, sailing directions, lists of lights, notices to mariners, tide tables and all other nautical publications necessary for the intended voyage.

REGULATION 21

International code of signals

All ships which in accordance with the present Convention are required to carry a radiotelegraph or a radiotelephone installation shall carry the International Code of Signals. This publication shall also be carried by any other ship which in the opinion of the Administration has a need to use it.

CHAPTER VI

CARRIAGE OF GRAIN

PART A—GENERAL PROVISIONS

REGULATION 1

Application

Unless expressly provided otherwise, this Chapter, including Parts A, B and C, applies to the carriage of grain in all ships to which the present Regulations apply.

REGULATION 2

Definitions

(a) The term "grain" includes wheat, maize (corn), oats, rye, barley, rice, pulses, seeds and processed forms thereof, whose behaviour is similar to that of grain in its natural state.

(b) The term "filled compartment" refers to any compartment in which, after loading and trimming as required under Regulation 3, the bulk grain is at its highest possible level.

(c) The term "partly filled compartment" refers to any compartment wherein bulk grain is not loaded in the manner prescribed in paragraph (b) of this Regulation.

(d) The term "angle of flooding" (θ_f) means an angle of heel at which openings in the hull, superstructures or deckhouses, which cannot be closed weathertight, immerse. In applying this definition, small openings through which progressive flooding cannot take place need not be considered as open.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REGULASIE 3

Trimming van graan

Alle nodige en redelike trimming moet uitgevoer word om alle vrye graanoppervlaktes gelyk te maak en om die uitwerking van graanskuiwing tot die minimum te beperk.

(a) In elke "gevulde afdeling" moet die massagraan getrim word om al die ruimtes onder die dekke en luikdeksels tot die hoogs moontlike vlak te vul.

(b) Na inskeping moet alle vrye graanoppervlaktes in "gedeeltelik gevulde afdelings" gelyk wees.

(c) Die Administrasie wat die magtigingsdokument uitreik kan ingevolge Regulasie 9 van hierdie Hoofstuk vrystelling van trimming verleen in dié gevalle waar die onderdekse leegteafmetings wat ontstaan deur die vrye vloei van graan in 'n afdeling in, wat voorsien kan wees van toevoerkanale, geperforeerde dekke of ander dergelike middele, tot sy tevredenheid in berekening gebring word wanneer die leegtedieptes uitgewerk word.

REGULASIE 4

Vereistes betreffende intakte stabiliteit

(a) Die berekeninge wat deur hierdie Regulasie vereis word, moet gegrond wees op die stabiliteitsinligting wat verskaf word ooreenkomstig Regulasie 19 van Hoofstuk II-1 van die huidige Konvensie of ooreenkomstig die vereistes van die Administrasie wat die magtigingsdokument ingevolge Regulasie 10 van hierdie Hoofstuk uitreik.

(b) Dwarsdeur die reis moet daar getoon word dat die intakte stabiliteits-eienskappe van enige skip wat massagraan vervoer, ten minste aan die volgende kriteria voldoen, na inagneming op die wyse wat in Deel B beskryf word, van die slagsymomente weens graanskuiwing:

(i) Die slagsyhoek weens graanskuiwing moet hoogstens 12 grade wees, behalwe dat die Administrasie wat die magtiging ingevolge Regulasie 10 van hierdie Hoofstuk verleen, 'n kleiner slagsyhoek kan vereis indien hy meen dat die ervaring dit as nodig bewys het*;

(ii) in die statiese stabiliteits-diagram moet die netto of oorblywende oppervlakte tussen die slagsy-as-kurwe en die herstel-as-kurwe tot by die slagsyhoek met die maksimum verskil tussen die ordinate van die twee kurwes, of 40 grade of die "oorstromingshoek" (θ_f), watter een ook al die kleinste is, in alle toestande van belading minstens 0,075 meter-radiale wees; en

(iii) die aanvanklike metasentriese hoogte, na korreksie vir die vrye oppervlak-uitwerking van vloeistowwe in tenks, moet minstens 0,3 meter wees.

(c) Indien die Kontrakterende Regering van die land van die inskepingshawe dit vereis, moet die gesagvoerder, voordat hy massagraan inskeep, 'n demonstrasie lewer van die skip se vermoë om op alle stadiums van enige vaart te voldoen aan die stabiliteitskriteria soos vereis ingevolge paragraaf (b) van hierdie Regulasie deur gebruik te maak van die inligting wat goedgekeur en beskikbaar gestel is ingevolge Regulasies 10 en 11 van hierdie Hoofstuk.

(d) Na inskeping moet die gesagvoerder seker maak dat die skip regop is voordat hy uitvaar.

* Die toelaatbare slagsyhoek mag byvoorbeeld beperk word tot die slagsyhoek waarteen die rand van die oop dek in kalm water onder water sou wees.

REGULATION 3

Trimming of grain

All necessary and reasonable trimming shall be performed to level all free grain surfaces and to minimize the effect of grain shifting.

(a) In any "filled compartment", the bulk grain shall be trimmed so as to fill all the spaces under the decks and hatch covers to the maximum extent possible.

(b) After loading, all free grain surfaces in "partly filled compartments" shall be level.

(c) The Administration issuing the document of authorization may, under Regulation 9 of this Chapter, grant dispensation from trimming in those cases where the underdeck void geometry resulting from free flowing grain into a compartment, which may be provided with feeding ducts, perforated decks or other similar means, is taken into account to its satisfaction when calculating the void depths.

REGULATION 4

Intact stability requirements

(a) The calculations required by this Regulation shall be based upon the stability information provided in accordance with Regulation 19 of Chapter II-1, of the present Convention, or with the requirements of the Administration issuing the document of authorization under Regulation 10 of this Chapter.

(b) The intact stability characteristics of any ship carrying bulk grain shall be shown to meet, throughout the voyage, at least the following criteria after taking into account in the manner described in Part B, the heeling moments due to grain shift:

(i) The angle of heel due to the shift of grain shall be not greater than 12 degrees except that an Administration giving authorization in accordance with Regulation 10 of this Chapter may require a lesser angle of heel if it considers that experience shows this to be necessary*;

(ii) in the statical stability diagram, the net or residual area between the heeling arm curve and the righting arm curve up to the angle of heel of maximum difference between the ordinates of the two curves, or 40 degrees or the "angle of flooding" (θ_f), whichever is the least, shall in all conditions of loading be not less than 0,075 metre-radians; and

(iii) the initial metacentric height, after correction for the free surface effects of liquids in tanks, shall be not less than 0,30 metre.

(c) Before loading bulk grain the master shall, if so required by the Contracting Government of the country of the port of loading, demonstrate the ability of the ship at all stages of any voyage to comply with the stability criteria required by paragraph (b) of this Regulation using the information approved and issued under Regulations 10 and 11 of this Chapter.

(d) After loading, the master shall ensure that the ship shall be upright before proceeding to sea.

* For example, the permissible angle of heel might be limited to the angle of heel at which the edge of the weather deck would be immersed in still water.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REGULASIE 5

Langsskeepse verdelings en pierings

(a) In beide "gevulde afdelings" en "gedeeltelik gevulde afdelings" kan langsskeepse verdelings voorsien word as middel om òf die teengestelde slagsy-effek van graanskuiwing teë te werk òf om die diepte van vrag te beperk wat gebruik word om die graanoppervlakte te stabiliseer. Sulke verdelings moet graandig geïnstalleer word en gebou wees ooreenkomstig die bepalings van Seksie I van Deel C van hierdie Hoofstuk.

(b) Indien 'n verdeling in 'n "gevulde afdeling" aangebring word om die teengestelde slagsy-effek van graanskuiwing teë te werk, moet dit—

(i) in 'n tussendekse afdeling van dek tot dek strek; en

(ii) in 'n skeepsruim ondertoe strek vanaf die onderkant van die dek of luikdeksels soos beskryf in Seksie II van Deel B van hierdie Hoofstuk.

Behalwe in die geval van lynsaad en ander saad met dergelike eienskappe, kan 'n langsskeepse verdeling onder 'n luikgat vervang word deur 'n piering wat gevorm is op die wyse wat in Seksie I van Deel C van hierdie Hoofstuk beskryf word.

(c) Indien 'n verdeling in 'n "gedeeltelike gevulde afdeling" aangebring word, moet dit strek vanaf een agtste van die maksimum wydte van die afdeling bo die vlak van die graanoppervlakte tot by dieselfde afstand onder die graanoppervlakte. Wanneer dit gebruik word om die diepte van die bobelading te beperk, moet die hoogte van die middellynverdeling minstens 0,6 meter bo die gelyk graanoppervlaktes wees.

(d) Verder kan die teengestelde slagsy-effek van graanskuiwing verminder word deur die vleuels en ente van 'n afdeling stewig te stu met graan in sakke of ander geskikte vrag wat genoegsaam weerhou word om te skuif.

REGULASIE 6

Bevestiging

(a) Tensy die teengestelde slagsy-effek weens graanskuiwing ooreenkomstig hierdie Regulasies in berekening gebring word, moet die oppervlak van die massagraan in enige "gedeeltelike gevulde afdeling" gelyk wees en afgedek word met styfgepakte sakke graan wat reik tot 'n hoogte van minstens een sestiende van die maksimum wydte van die vrye graanoppervlakte of 1,2 meter, watter ook al die hoogste is. In plaas van graan in sakke kan ander geskikte vrag wat ten minste dieselfde druk uitoefen, gebruik word.

(b) Die graan in sakke of die ander geskikte vrag moet verstewig word op die wyse wat in Seksie II van Deel C van hierdie Hoofstuk beskryf word. So nie, kan die massagraan se oppervlak bevestig word deur belegstukke en woeltoue soos dit in daardie seksie beskryf word.

REGULASIE 7

Vulskagte en -kokers

Indien vulskagte of -kokers aangebring word, moet daar behoorlik rekening gehou word met die uitwerkings daarvan wanneer die slagsymomente bereken word ooreenkomstig Seksie III van Deel B van hierdie Hoofstuk. Die sterkte van die verdelings wat die grense van sulke vulskagte vorm, moet voldoen aan die bepalings van Seksie I van Deel C van hierdie Hoofstuk.

REGULATON 5

Longitudinal divisions and saucers

(a) In both "filled compartments" and "partly filled compartments", longitudinal divisions may be provided as a device either to reduce the adverse heeling effect of grain shift or to limit the depth of cargo used for securing the grain surface. Such divisions shall be fitted grain-tight and constructed in accordance with the provisions of Section I of Part C of this Chapter.

(b) In a "filled compartment", a division, if fitted to reduce the adverse effects of grain shift, shall—

(i) in a 'tween-deck compartment extend from deck to deck; and

(ii) in a hold extend downwards from the underside of the deck or hatch covers as described in Section II of Part B of this Chapter.

Except in the case of linseed and other seeds having similar properties, a longitudinal division beneath a hatchway may be replaced by a saucer formed in the manner described in Section I of Part C of this Chapter.

(c) In a "partly filled compartment", a division, if fitted, shall extend from one-eighth of the maximum breadth of the compartment above the level of the grain surface and to the same distance below the grain surface. When used to limit the depth of overstowing, the height of the centreline division shall be at least 0,6 metre above the level grain surface.

(d) Furthermore, the adverse heeling effects of grain shift may be reduced by tightly stowing the wings and ends of a compartment with bagged grain or other suitable cargo adequately restrained from shifting.

REGULATION 6

Securing

(a) Unless account is taken of the adverse heeling effect due to grain shift in accordance with these Regulations, the surface of the bulk grain in any "partly filled compartment" shall be level and topped off with bagged grain tightly stowed and extending to a height of not less than one-sixteenth of the maximum breadth of the free grain surface or 1,2 metres, whichever is the greater. Instead of bagged grain, other suitable cargo exerting at least the same pressure may be used.

(b) The bagged grain or such other suitable cargo shall be supported in the manner described in Section II of Part C of this Chapter. Alternatively, the bulk grain surface may be secured by strapping or lashing as described in that Section.

REGULATON 7

Feeders and trunks

If feeders or trunks are fitted, proper account shall be taken of the effects thereof when calculating the heeling moments as described in Section III of Part B of this Chapter. The strength of the divisions forming the boundaries of such feeders shall conform with the provisions of Section I of Part C of this Chapter.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REGULASIE 8

Gekombineerde reëlings

Onderruime en tussendekse ruimtes in verband daarmee kan as een afdeling gelaai word, mits daar behoorlik rekening gehou word met die vloei van graan in die onderste ruimtes in wanneer die teengestelde slagsymomente bereken word.

REGULASIE 9

Toepassing van Dele B en C

'n Administrasie of 'n Kontrakterende Regering namens 'n Administrasie kan 'n afwyking van die opvattings in Dele B en C van hierdie Hoofstuk magtig waar hy dit as geregverdig ag met inagneming van die bepalings betreffende inskeping of die strukturele inrigting, solank daar voldoen word aan die stabiliteitskriteria in paragraaf (b) van Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk. Waar sodanige magtiging ingevolge hierdie Regulasie verleen word, moet die besonderhede in die magtigingsdokument of in die graaninskepingsdata ingesluit word.

REGULASIE 10

Magtiging

(a) Vir elke skip wat ooreenkomstig Regulasies van hierdie Hoofstuk gelaai word moet 'n magtigingsdokument deur òf die Administrasie of 'n organisasie wat hy erken, òf 'n Kontakterende Regering namens die Administrasie uitgereik word. Dit moet as getuienis aanvaar word dat die skip in staat is om aan die vereistes van hierdie Regulasies te voldoen.

(b) Die dokument moet die graaninskepingstabiliteitsboekie vergesel en daarna verwys om die gesagvoerder in staat te stel om aan die vereistes van paragraaf (c) van Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk te voldoen. Hierdie boekie moet voldoen aan die vereistes van Regulasie 11 van hierdie Hoofstuk.

(c) Hierdie dokument, graaninskepingstabiliteitsgegewens en gepaardgaande planne moet opgestel word in die amptelike taal of tale van die land van uitreiking. Indien die tale nòg Engels nòg Frans insluit, moet die teks 'n vertaling in een van hierdie tale insluit.

(d) 'n Afskrif van hierdie dokument, graaninskepingstabiliteitsgegewens en gepaardgaande planne moet aan boord geplaas word sodat indien dit van die gesagvoerder vereis word, hy dit vir inspeksie kan voorlê aan die Kontrakterende Regering van die land waarin die inskepingshawe geleë is.

(e) 'n Skip sonder so 'n magtigingsdokument mag nie graan inskeep nie totdat die gesagvoerder namens die Administrasie tot tevredenheid van die Administrasie of Kontrakterende Regering van die land waarin die inskepingshawe geleë is, demonstreer dat die skip in sy beplande gelaaide toestand sal voldoen aan die vereistes vn hierdie Regulasies.

REGULASIE 11

Graaninskepingsgegewens

Hierdie inligting moet voldoende wees om die gesagvoerder in staat te stel om in alle redelike inskepingstoestande die slagsymomente weens graanskuiwing vas te stel, bereken ooreenkomstig Deel B van hierdie Hoofstuk. Dit moet die volgende insluit:

(a) Gegewens wat deur die Administrasie of deur 'n Kontrakterende Regering namens die Administrasie goedgekeur moet word:

REGULATION 8

Combination arrangements

Lower holds and 'tween-deck spaces in way thereof may be loaded as one compartment provided that, in calculating transverse heeling moments, proper account is taken of the flow of grain into the lower spaces.

REGULATION 9

Application of Parts B and C

An Administration or a Contracting Government on behalf on an Administration may authorize departure from the assumptions contained in Parts B and C of this Chapter in those cases where it considers this to be justified having regard to the provisions for loading or the structural arrangements, provided the stability criteria in paragraph (b) of Regulation 4 of this Chapter are met. Where such authorization is granted under this Regulation, particulars shall be included in the document of authorization or grain loading data.

REGULATION 10

Authorization

(a) A document of authorization shall be issued for every ship loaded in accordance with the Regulations of this Chapter either by the Administration or an organization recognized by it or by a Contracting Government on behalf of the Administration. It shall be accepted as evidence that the ship is capable of complying with the requirements of these Regulations.

(b) The document shall accompany and refer to the grain loading stability booklet provided to enable the master to meet the requirements of paragraph (c) of Regulation 4 of this Chapter. This booklet shall meet the requirements of Regulation 11 of this Chapter.

(c) Such a document, grain loading stability data and associated plans may be drawn up in the official language or languages of the issuing country. If the language used is neither English nor French, the text shall include a translation into one of these languages.

(d) A copy of such a document, grain loading stability data and associated plans shall be placed on board in order that the master, if so required, shall produce them for the inspection of the Contracting Government of the country of the port of loading.

(e) A ship without such a document of authorization shall not load grain until the master demonstrates to the satisfaction of the Administration or the Contracting Government of the port of loading on behalf of the Administration that the ship in its proposed loaded condition will comply with the requirements of these Regulations.

REGULATION 11

Grain loading information

This information shall be sufficient to allow the master to determine in all reasonable loading conditions the heeling moments due to grain shift calculated in accordance with Part B of this Chapter. It shall include the following:

(a) Information which shall be approved by the Administration or by a Contracting Government on behalf of the Administration:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(i) Kurwes of tabelle van die graanslagsymomente vir elke afdeling, gevul of gedeeltelik gevul of 'n kombinasie daarvan, insluitende die uitwerkings van tydelike installasies;

(ii) tabelle met die maksimum toelaatbare slagsymomente of ander gegewens wat voldoende is om die gesagvoerder in staat te stel om voldoening aan die vereistes van paragraaf (c) van Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk te demonstreer;

(iii) besonderhede van die afmetingsvereistes van enige tydelike installasies, en waar toepaslik, die nodige voorwaardes ten einde te voldoen aan die vereistes van Seksie I (E) van Deel C van hierdie Hoofstuk;

(iv) tipiese gelaaide dienstoestande by vertrek en aankoms en as dit nodig is, die ergste tussentydse dienstoestande;

(v) 'n uitgewerkte voorbeeld ter voorligting van die gesagvoerder;

(vi) inskepingsinstruksies in die vorm van aantekeninge wat die vereistes van hierdie Hoofstuk opsom.

(b) Gegewens wat aanneemlik moet wees vir die Administrasie of vir 'n Kontrakterende Regering namens die Administrasie:

(i) Die skip se besonderhede;

(ii) ligteskip-verplasing en die vertikale afstand vanaf die kruispunt van die grondlyn en die midskeepse seksie tot by die swaartepunt (KS);

(iii) tabel van vrye oppervlak-korreksies;

(iv) kapasiteite en swaartepunte.

REGULASIE 12

Ekwivalente

Waar 'n ekwivalent gebruik word wat die Administrasie ingevolge Regulasie 5 van Hoofstuk I van hierdie Konvensie aanvaar het, moet die besonderhede in die magtigingsdokument of graaninskepingsdata ingesluit word.

REGULASIE 13

Vrystellings vir sekere vaarte

Die Administrasie of 'n Kontrakterende Regering namens die Administrasie kan, indien hy meen dat die beskutte aard en toestande van die reis sodanig is dat dit die toepassing van enige van die vereistes van Regulasies 3 tot 12 van hierdie Hoofstuk onredelik of onnodig maak, indiwiduele skepe of klasse skepe vrystel van daardie besondere vereistes.

DEEL B—BEREKENING VAN VERONDERSTELDE SLAGSYMOMENTE

SEKSIE I—BESKRYWING VAN DIE VERONDERSTELDE LEEGTES EN METODE VIR DIE BEREKENING VAN INTAKTE STABILITEIT.

SEKSIE II—VERONDERSTELDE VOLUMETRIESE SLAGSYMOMENT VAN 'N GEVULDE AFDELING.

SEKSIE III—VERONDERSTELDE VOLUMETRIESE SLAGSYMOMENT VAN VULSKAGTE EN KOKERS.

SEKSIE IV—VERONDERSTELDE VOLUMETRIESE SLAGSYMOMENT VAN GEDEELTELIK GEVULDE AFDELINGS.

SEKSIE V—ALTERNATIEWE INSKEPINGSMAATREËLS VIR BESTAANDE SKEPE.

(i) Curves or tables of grain heeling moments for every compartment, filled or partly filled, or combination thereof, including the effects of temporary fittings;

(ii) tables of maximum permissible heeling moments or other information sufficient to allow the master to demonstrate compliance with the requirements of paragraph (c) of Regulation 4 of this Chapter;

(iii) details of the scantlings of any temporary fittings and where applicable the provisions necessary to meet the requirements of Section I(E) of Part C of this Chapter;

(iv) typical loaded service departure and arrival conditions and where necessary, intermediate worst service conditions;

(v) a worked example for the guidance of the master;

(vi) loading instructions in the form of notes summarizing the requirements of this Chapter.

(b) Information which shall be acceptable to the Administration or to a Contracting Government on behalf of the Administration:

(i) Ship's particulars;

(ii) lightship displacement and the vertical distance from the intersection of the moulded base line and midship section to the centre of gravity (KG);

(iii) table of free surface corrections;

(iv) capacities and centres of gravity.

REGULATION 12

Equivalents

Where an equivalent accepted by the Administration in accordance with Regulation 5 of Chapter I of this Convention is applied, particulars shall be included in the document of authorization or grain loading data.

REGULATION 13

Exemptions for certain voyages

The Administration, or a Contracting Government on behalf of the Administration may, if it considers that the sheltered nature and conditions of the voyage are such as to render the application of any of the requirements of Regulations 3 to 12 of this Chapter unreasonable or unnecessary, exempt from those particular requirements individual ships or classes of ships.

PART B—CALCULATION OF ASSUMED HEELING MOMENTS

SECTION I — DESCRIPTION OF THE ASSUMED VOIDS AND METHOD OF CALCULATING INTACT STABILITY.

SECTION II — ASSUMED VOLUMETRIC HEELING MOMENT OF A FILLED COMPARTMENT.

SECTION III — ASSUMED VOLUMETRIC HEELING MOMENT OF FEEDERS AND TRUNKS.

SECTION IV — ASSUMED VOLUMETRIC HEELING MOMENT OF PARTLY FILLED COMPARTMENTS.

SECTION V — ALTERNATIVE LOADING ARRANGEMENTS FOR EXISTING SHIPS.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

SEKSIE I—BESKRYWING VAN DIE VERONDERSTELDE LEEGTES EN METODE VIR DIE BEREKENING VAN INTAKTE STABILITEIT.

(A) ALGEMEEN

(a) Vir berekeningsdoeleides van die teengestelde slagsymoment weens skuiwing van die vragoppervlak in skepe wat massagraan vervoer, word die volgende veronderstel:

(i) In "gevulde afdelings" wat ooreenkomstig Regulasie 3 van hierdie Hoofstuk getrim is, bestaan daar 'n leegte onder alle grensoppervlaktes met 'n helling na die horisontale van minder as 30 grade, en die leegte is parallel met die grensoppervlakte, met 'n gemiddelde diepte bereken volgens die formule:

$$Vd = Vd_1 + 0{,}75\,(d - 600)\ \text{mm}$$

Waar:

Vd = gemiddelde leegtediepte in mm;
Vd_1 = standaardleegtediepte van Tabel I hieronder;
d = werklike draagbalkdiepte in mm.

In geen geval moet daar veronderstel word dat die Vd minder as 100 mm is nie.

TABEL I

Afstand vanaf ent of kant van luik tot by grens van afdeling	*Standaardleegtediepte (Vd_1)*
Meter	*mm*
0,5	570
1,0	530
1,5	500
2,0	480
2,5	450
3,0	440
3,5	430
4,0	430
4,5	430
5,0	430
5,5	450
6,0	470
6,5	490
7,0	520
7,5	550
8,0	590

Opmerkings oor Tabel I:

Vir langer afstande as 8,0 meter moet die standaardleegtediepte (Vd_1) lineêr geëkstrapoleer word teen 'n toename van 80 mm vir elke toename van 1,0 meter in die afstand. Waar daar 'n diepteverskil is tussen die luikkantdraagbalk of sy verlenging en die luikbalk, moet die grootste diepte gebruik word behalwe dat:

(1) Wanneer die luikkantdraagbalk of sy verlenging vlakker as die luikbalk is, die leegtes langs die luikgat bereken kan word deur van die kleinste diepte gebruik te maak; en

(2) wanneer die luikbalk vlakker is as die luikkantdraagbalk of sy verlenging, kan die leegtes vóór en agter die luikgat aan die binneboordkant van die verlenging van die luikkantdraagbalk bereken word deur van die kleinste diepte gebruik te maak;

(3) waar daar 'n verhoogde dek weg van 'n luikgat af is, moet die gemiddelde leegtediepte gemeet vanaf die onderkant van die verhoogde dek bereken word deur gebruik te maak van die standaardleegtediepte tesame met 'n draagbalkdiepte van die luikbalk plus die hoogte van die verhoogde dek.

(ii) In "gevulde afdelings" wat nie ooreenkomstig Regulasie 3 van hierdie Hoofstuk getrim is nie en waar die grensoppervlakte 'n helling na die horisontale van minder as 30 grade het, het die vragoppervlakte 'n helling van 30 grade na die horisontale na inskeping.

(iii) Binne gevulde luikgate en bykomend by enige oop leegte binne die luikdeksel, is daar 'n leegtediepte van gemiddeld 150 mm gemeet tot onder by die graanoppervlakte vanaf die laagste deel van die luikdeksel of die bokant van die kante van die luikhoof, watter ook al die laagste is.

SECTION I—DESCRIPTION OF THE ASSUMED VOIDS AND METHOD OF CALCULATING INTACT STABILITY

(A) GENERAL

(a) For the purpose of calculating the adverse heeling moment due to a shift of cargo surface in ships carrying bulk grain it shall be assumed that—

(i) in "filled compartments" which have been trimmed in accordance with Regulation 3 of this Chapter a void exists under all boundary surfaces having an inclination to the horizontal less than 30 degrees and that the void is parallel to the boundary surface having an average depth calculated according to the formula:

$$Vd = Vd_1 + 0{,}75(d - 600)\ \text{mm}$$

Where—

Vd = Average void depth in mm;
Vd_1 = Standard void depth from Table I below;
d = Actual girder depth in mm.

In no case shall Vd be assumed to be less than 100 mm.

TABLE I

Distance from hatchend or hatchside to boundary of compartment	*Standard void depth* Vd_1
Metres	*mm*
0,5	570
1,0	530
1,5	500
2,0	480
2,5	450
3,0	440
3,5	430
4,0	430
4,5	430
5,0	430
5,5	450
6,0	470
6,5	490
7,0	520
7,5	550
8,0	590

Notes on Table I:

For distances greater than 8,0 metres the standard void depth Vd_1 shall be linearly extrapolated at 80 mm increase for each 1,0 metre increase in distance. Where there is a difference in depth between the hatchside girder or its continuation and the hatchend beam the greater depth shall be used except that:

(1) When the hatchside girder or its continuation is shallower than the hatchend beam the voids abreast the hatchway may be calculated using the lesser depth; and

(2) when the hatchend beam is shallower than the hatchside girder or its continuation the voids fore and aft of the hatchway inboard of the continuation of the hatchside girder may be calculated using the lesser depth;

(3) where there is a raised deck clear of a hatchway the average void depth measured from the underside of the raised deck shall be calculated using the standard void depth in association with a girder depth of the hatchend beam plus the height of the raised deck.

(ii) In "filled compartments" which are not trimmed in accordance with Regulation 3 of this Chapter and where the boundary surface has an inclination to the horizontal which is less than 30 degrees, the cargo surface has an inclination of 30 degrees to the horizontal after loading;

(iii) within filled hatchways and in addition to any open void within the hatch cover there is a void of average depth of 150 mm measured down to the grain surface from the lowest part of the hatch cover or the top of the hatchside coaming, whichever is the lower.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(b) Die beskrywing van die patroon van die graanoppervlaktegedrag wat in "gedeeltelik gevulde afdelings" veronderstel moet word, word aangetoon in Seksie IV van hierdie Deel.

(c) Ten einde voldoening aan die stabiliteitskriteria in paragraaf (b) van Regulasie 4 van hierdie Hoofstuk (kyk Figuur 1) te demonstreer, moet die skip se stabiliteitsberekeninge normaalweg gegrond word op die veronderstelling dat die swaartepunt van die vrag in 'n "gevulde afdeling" by die volumetriese middelpunt van die hele vragruimte is. In dié gevalle waar die Administrasie outoriseer dat die uitwerking van veronderstelde onderdekse leegtes op die vertikale posisie van die swaartepunt van die vrag in "gevulde afdelings" in berekening gebring word, sal dit nodig wees om vir die teengestelde effek van die vertikale skuiwing van graanoppervlaktes te kompenseer deur soos volg die veronderstelde slagsymoment weens die dwarsskeepse skuiwing van graan te verhoog:

totale slagsymoment = 1,06 × berekende dwarsskeepse slagsymoment.

In alle gevale moet die gewig van die vrag in 'n "gevulde afdeling" die volume van die hele vragruimte wees gedeel deur die stuwingsfaktor.

(b) The description of the pattern of grain surface behaviour to be assumed in "partly filled compartments" is shown in Section IV of this Part.

(c) For the purpose of demonstrating compliance with the stability criteria in paragraph (b) of Regulation 4 of this Chapter (see Figure 1), the ship's stability calculations shall be normally based upon the assumption that the centre of gravity of cargo in a "filled compartment" is at the volumetric centre of the whole cargo space. In those cases where the Administration authorises account to be taken of the effect of assumed underdeck voids on the vertical position of the centre of gravity of the cargo in "filled compartments" it will be necessary to compensate for the adverse effect of the vertical shift of grain surfaces by increasing the assumed heeling moment due to the transverse shift of grain as follows:

total heeling moment = 1,06 × calculated transverse heeling moment.

In all cases the weight of cargo in a "filled compartment" shall be the volume of the whole cargo space divided by the stowage factor.



FIGURE 1

FIGUUR 1

Opmerkings oor Figuur 1:

(1) Waar:

$$\lambda = \frac{\text{Veronderstelde volumetriese slagsymoment weens dwarsskeepse skuiwing}}{\text{Stuwingsfaktor} \times \text{Verplasing}};$$

$\lambda_{40} \times 0,8 \times \lambda_0$;

Stuwingsfaktor = Volume per eenheid gewig van graanvrag;

Verplasing = Gewig van skip, brandstof, vars water, voorrade, ens. en vrag.

(2) Die herstel-as-kurwe moet verkry word uit kruiskurwes wat genoegsaam in getal is om die kurwe akkuraat te definieer vir doeleindes van hierdie vereistes en moet kruiskurwes insluit by 12 grade en 40 grade.

Notes on Figure 1:

(1) Where:

$$\lambda_0 = \frac{\text{Assumed Volumetric Heeling Moment due to Transverse Shift}}{\text{Stowage Factor} \times \text{Displacement}};$$

$\lambda_{40} \times 0,8 \times \lambda_0$;

Stowage factor = Volume per unit weight of grain cargo;

Displacement = Weight of ship, fuel, fresh water, stores etc. and cargo.

(2) The righting arm curve shall be derived from cross-curves which are sufficient in number to accurately defined the curve for the purpose of these requirements and shall include cross-curves at 12 degrees and 40 degrees.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(d) In "gedeeltelik gevulde afdelings" moet die teenstellende effek van die vertikale skuiwing van graanoppervlaktes soos volg in berekening gebring word:

totale slagsymoment = 1,12 × berekende teengestelde slagsymoment.

(e) Enige ander ewe doeltreffende metode kan gebruik word om die kompensasie uit te werk wat in paragrawe (c) en (d) hierbo vereis word.

SEKSIE II—VERONDERSTELDE VOLUMETRIESE SLAGSYMOMENT VAN 'N GEVULDE AFDELING

(A) ALGEMEEN

(a) Die patroon van graanoppervlakskuiwing hou verband met 'n dwarsskeepse seksie oor die gedeelte van die betrokke afdeling, en die gevolglike slagsymoment behoort met die lengte vermenigvuldig te word om die totale moment vir daardie gedeelte te verkry.

(b) Die veronderstelde dwarsskeepse slagsymoment weens graanskuiwing is die gevolg van finale veranderings in die vorm en posisie van leegtes nadat die graan van die hoë kant af na die lae kant toe beweeg het.

(c) Die resulterende graanoppervlakte na skuiwing moet veronderstel word as 15 grade teenoor die horisontale vlak.

(d) By berekening van die maksimum leegteoppervlakte wat gevorm kan word teen 'n langsskeepse strukturele raamdeel, moet die uitwerking van alle horisontale oppervlaktes, soos byvoorbeeld flense of oppervlakstawe, buite rekening gelaat word.

(e) Die totale oppervlaktes van die aanvanklike en uiteindelik leegtes moet dieselfde wees.

(f) 'n Nie-deurlopende dwarsskeepse verdeling moet oor sy totale lengte as doeltreffend beskou word.

(B) VERONDERSTELLINGS

In die volgende paragrawe word daar veronderstel dat die totale slagsymoment vir 'n afdeling verkry word deur die resultate van die afsonderlike berekenings van die volgende gedeeltes bymekaar te tel:

(a) *Voor en agter luikgate:*

(i) Indien 'n afdeling twee of meer hoofluikgate het waardeur inskeping kan plaasvind, moet die diepte van die onderdekse leegte vir die gedeelte(s) tussen sulke luikgate bepaal word deur gebruik te maak van die voor- en agterafstand na die middelpunt tussen die luikgate.

(ii) Na die veronderstelde graanskuiwing moet die finale leegtepatroon wees soos in Figuur 2 hieronder:

(d) In "partly filled compartments" the adverse effect of the vertical shift of grain surfaces shall be taken into account as follows:

total heeling moment = 1,12 × calculated transverse heeling moment.

(e) Any other equally effective method may be adopted to make the compensation required in paragraphs (c) and (d) above.

SECTION II—ASSUMED VOLUMETRIC HEELING MOMENT OF A FILLED COMPARTMENT

(A) GENERAL

(a) The pattern of grain surface movement relates to a transverse section across the portion of the compartment being considered and the resultant heeling moment should be multiplied by the length to obtain the total moment for that portion.

(b) The assumed transverse heeling moment due to grain shifting is a consequence of final changes of shape and position of voids after grain has moved from the high side to the low side.

(c) The resulting grain surface after shifting shall be assumed to be at 15 degrees to the horizontal.

(d) In calculating the maximum void area that can be formed against a longitudinal structural member, the effects of any horizontal surfaces, e.g. flanges or face bars, shall be ignored.

(e) The total areas of the initial and final voids shall be equal.

(f) A discontinuous longitudinal division shall be considered effective over its full length.

(B) ASSUMPTIONS

In the following paragraphs it is assumed that the total heeling moment for a compartment is obtained by adding the results of separate considerations of the following portions:

(a) *Before and abaft hatchways:*

(i) If a compartment has two or more main hatchways through which loading may take place the depth of the underdeck void for the portion(s) between such hatchways shall be determined using the fore and aft distance to the midpoint between the hatchways.

(ii) After the assumed shift of grain the final void pattern shall be as shown in Figure 2 below:



FIGURE 2

FIGUUR 2

Opmerkings oor Figuur 2:

(1) Indien die maksimum leegteoppervlakte wat teen die draagbalk by B gevorm kan word, kleiner is as die aanvanklike leegteoppervlakte onder AB, dit is AB × Vd, moet daar veronderstel word

Notes on Figure 2:

(1) If the maximum void area which can be formed against the girder at B is less than the initial area of the void under AB, i.e.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

dat die oorskotoppervlakte verplaas word na die finale leegte aan die hoë kant.

(2) As die langsskeepse verdeling by C een is wat aangebring is ooreenkomstig subparagraaf (b) (ii) van Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk, moet dit strek tot minstens 0,6 meter onder D of E, watter een ook al die grootste diepte gee.

(b) *Binne en dwarsaan luikgate*:

Na die veronderstelde graanskuiwing moet die finale leegtepatroon daar uitsien soos in die volgende Figuur 3 of Figuur 4.

AB × Vd, the excess area shall be assumed to transfer to the fina void on the high side.

(2) If the longitudinal division at C is one which has been provided in accordance with subparagraph (b) (ii) of Regulation 5 of this Chapter it shall extend to at least 0,6 metre below D or E whichever gives the greater depth.

(b) *In and abreast hatchways:*

After the assumed shift of grain the final void pattern shall be as shown in the following Figure 3 or Figure 4.



FIGURE 3

FIGUUR 3

Opmerkings oor Figuur 3:

(1) AB.—Enige oppervlakte wat groter is as dié wat teen die draagbalk by B gevorm kan word, moet oorgeplaas word na die finale leegteoppervlakte in die luikgat.

(2) CD.—Enige oppervlakte wat groter is as dié wat teen die raagbalke by E gevorm kan word, moet oorgeplaas word na die nale leegteopperv lakte aan die hoë kant.

Notes on Figure 3:

(1) AB.—Any area in excess of that which can be formed against the girder at B shall transfer to the final void area in the hatchway.

(2) CD.—Any area in excess of that which can be formed agains the girder at E shall transfer to the final void area on the high side



FIGURE 4

FIGUUR 4

Opmerkings oor Figuur 4:

(1) As die middellynverdeling een is wat ingevolge subparagraaf (b) (ii) van Regulasie 5 van hierdie Hoofstuk aangebring is, moet dit strek tot minstens 0,6 meter onder H of J, watter een ook al die grootste diepte gee.

(2) Die oorskotleegteoppervlakte vanaf AB moet oorgeplaas word na die laekant-helfte van die luikgat waarin twee afsonderlike finale leegteoppervlaktes gevorm sal word, naamlik een teen die middellynverdeling en die ander teen die luikhoof se kant en die draagbalk aan die hoë kant.

(3) Indien 'n piering van graan in sakke of 'n massabondel in 'n luikgat gevorm word, moet daar vir die doel om die dwarsskeepse slagsymoment te bereken, veronderstel word dat so 'n inrigting ten minste ekwivalent is aan die middellynverdeling.

Notes on Figure 4:

(1) If the centreline division is one which has been provided in accordance with subparagraph (b) (ii) of Regulation 5 of this Chapter it shall extend to at least 0,6 metre below H or J whichever gives the greater depth.

(2) The excess void area from AB shall transfer to the low side half of the hatchway in which two separate final void areas will be formed viz. one against the centreline division and the other against the hatchside coaming and girder on the high side.

(3) If a bagged saucer or bulk bundle is formed in a hatchway it shall be assumed, for the purpose of calculating transverse heeling moment, that such a device is at least equivalent to the centreline division.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(C) AFDELINGS WAT IN KOMBINASIE GELAAI WORD

Die volgende paragrawe beskryf die patroon van leegtegedrag wat veronderstel moet word wanneer afdelings in kombinasie gelaai word:

(a) *Sonder doeltreffende middellynverdelings:*

(i) Onder die bodek—soos vir die enkeldekinrigting wat in Seksie II (B) van hierdie Deel beskryf is.

(ii) Onder die tweede dek—die leë ruimte wat beskikbaar is vir oordrag vanaf die lae kant, dit is die aanvanklike leë ruimte minus die ruimte teen die draagbalk aan die kant van die luik, moet veronderstel word soos volg oorgeplaas te word:

Een helfte na die bodekluikgat en 'n kwart elk na die hoë kant onder die bodek en tweede dek.

(iii) Onder die derde en laer dekke—die leë ruimtes wat beskikbaar is vir oordrag vanaf die lae kant van elk van hierdie dekke moet veronderstel word in gelyke hoeveelhede oorgeplaas te word na al die leegtes onder die dekke aan die hoë kant en na die leegte in die bodekluikgat.

(b) *Met doeltreffende middellynverdelings wat strek tot binne die bodekluikgat:*

(i) By alle dekvlakke dwarsaan die verdeling moet die leë ruimtes wat beskikbaar is vir oordrag vanaf die lae kant veronderstel word oorgeplaas te word na die leegte onder die laekant-helfte van die bodekluikgat.

(ii) By die dekvlak onmiddellik onder die onderkant van die verdeling moet die leë ruimte wat beskikbaar is vir oordrag vanaf die lae kant, veronderstel word soos volg oorgeplaas te word:

Een helfte na die leegte onder die laekant-helfte van die bodekluikgat, en die res in gelyke hoeveelhede na die leegtes onder die dekke aan die hoë kant.

(iii) By laer dekvlakke as dié wat in subparagrawe (i) en (ii) van hierdie paragraaf beskryf is, moet die leë ruimte wat beskikbaar is vir oordrag vanaf die lae kant van elk van daardie dekke veronderstel word in gelyke hoeveelhede oorgeplaas te word na die leegtes in elk van die twee helftes van die bodekluikgat aan elke kant van die verdeling en na die leegtes onder die dekke aan die hoë kant.

(c) *Met doeltreffende middellynverdelings wat nie strek tot by die bodekluikgat nie:*

Aangesien geen horisontale oorplasing van leegtes veronderstel kan word plaas te vind op dieselfde dekvlak as die verdeling nie, moet die leë ruimte wat beskikbaar is vir oordrag vanaf die lae kant op hierdie vlak veronderstel word om bo die verdeling oorgeplaas te word na leegtes aan die hoë kante ooreenkomstig die beginsels van paragrawe (a) en (b) hierbo.

SEKSIE III—VERONDERSTELDE VOLUMETRIESE SLAGSYMOMENT VAN VULSKAGTE EN -KOKERS

(A) GESKIK GEPLAASTE VLEUELVULSKAGTE (Kyk Figuur 5)

Daar kan aangeneem word dat onderdekse leegtes onder die invloed van skeepsbeweging in aansienlike mate gevul sal word deur die graanvloei vanuit 'n paar langskeepse vulskagte, solank—

(a) die vulskagte oor die volle lengte van die dek strek en die perforerings daarin voldoende gespasieer is;

(C) COMPARTMENTS LOADED IN COMBINATION

The following paragraphs describe the pattern of void behaviour which shall be assumed when compartments are loaded in combination:

(a) *Without effective centreline divisions:*

(i) Under the upper deck—as for the single deck arrangement described in Section II (B) of this Part.

(ii) Under the second deck—the area of void available for transfer from the low side, i.e. original void area less area against the hatchside girder, shall be assumed to transfer as follows:

One-half to the upper deck hatchway and one-quarter each to the high side under the upper and second deck.

(iii) Under the third and lower decks—the void areas available for transfer from the low side of each of these decks shall be assumed to transfer in eqaul quantities to all the voids under the decks on the high side and the void in the upper deck hatchway.

(b) *With effective centreline divisions which extend into the upper deck hatchway:*

(i) At all deck levels abreast the division the void areas available for transfer from the low side shall be assumed to transfer to the void under the low side half of the upper deck hatchway.

(ii) At the deck level immediately below the bottom of the division the void area available for transfer from the low side shall be assumed to transfer as follows:

